
KOKANJE

# Kollig

Desember 2023 Jaartal 40 Nommer 3

## Braaivleis, Rugby, Sonskyn en 'n Geseënde Kersfees!






**Soos ons die seisoen van feesviering betree, en gereed maak om 2023 vaarwel toe te wens, hoop ons jy het tyd vir 'n welverdiende ruskans.**

Ons by **Juksta BlouSter** wens jou 'n rustige en vreugdevolle jaareinde, omring deur geliefdes, terwyl julle herinneringe maak wat vir ewig sal hou.

Kom ons verwelkom die nuwe jaar met lewenskrag en deurdagte beplanning, en maak die beste van alles wat 2024 bied.

---



**Jan Hendrik Jacobs**
**Prinsipaal**
071 895 1502
janhendrik.jacobs@sanlam4u.co.za



**Ben Scott**
**Finansiële Beplanner**
082 867 2786
ben.s@sanlam4u.co.za



**Salomé Wessels**
**Finansiële Beplanner**
083 371 5949
salomew@sanlam4u.co.za



**Sunet Goncalves**
**Finansiële Beplanner**
082 551 7092
sunet.goncalves@sanlam4u.co.za



**Frik Cloete**
**Korttermynversekering**
082 951 6278
frik.cloete@sanlam4u.co.za



**Antionette Cloete**
**Korttermynversekering**
082 563 8148
antionette@sanlam4u.co.za



**Melanie Webb**
**Korttermynversekering**
072 559 5184
melanie@sanlam4u.co.za



**Chad Oosthuizen**
**Korttermynversekering**
076 137 8901
chad.oosthuizen@sanlam4u.co.za

Sanlam
Lewe met sekerheid

Finansiële Beplanning | Aftrede | Versekering | Gesondheid | Beleggings | Welvaart | Krediet

Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Lewensversekeraar, Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP43)

# GESEËNDE KERSFEES EN 'N VOORSPOEDIGE 2024!

Onthou julle hoe daar jare gelede begin is met die advertensies van die Duracell-hasie? **Sy uithouvermoë was uniek!**




Menige ouer was in hulle noppies, want byna al die Kersgeskenke het batterye gebruik...

Wie sou kon dink dat ons, in ons gryse aftreetyd, nog steeds (en selfs meer) behep sou wees met battery- en sonkrag en dat Gel-, "Deep Cycle"- en Lithium-batterye op almal se lippe is en in byna elke gesprek sou voorkom? Sonkrag en -panele is selfs op sommige van ons en ons familie se Kersfeeslysies.

Die Versorgingseenheid (KE) gebruik al geruime tyd 'n battery om snags, tydens Beurtkragsessies, krag te voorsien vir noodsaaklike dienste daar. Die installasie se koste is reeds gedelg uit die besparing van diesel wat gebruik sou moes word vir die kragopwekker. Indien die saal of lapa/kuierarea saans, tydens Beurtkrag gebruik word, word die kragopwekker daarvoor aangeskakel. Ons is dankbaar vir al hierdie oplossings!

Kokanje-Inwoners het inherent onsettend baie krag en lewenslus – kyk net na al die kleurcollages en lees die artikels wat gaan oor die bedrywighede waarmee hulle daagliks besig is. Daar was die Jukskei-Pretdag, Gholfdag, Korefees, Dames- en ander klubbyeenkomste, ens. **Om nie eers te praat van Chris en Lettie Coetzee wat 90 geword het en Marie Boshoff 100 nie!**

Mag daar baie krag, seën en vreugde op u neerreën gedurende die Kersseisoen en geduld, liefde en uithouvermoë, om kwistig te gebruik in 2024!

**REMEMBER:**

"You can't really retire when you know you've still got it!"






KERSGROETE,
**Rita Noeth.**



**HIERDIE *KOLLIG* WORD AAN ONS SPRINGBOK-RUGBYSPAN OPGEDRA WAT VIR DIE 4DE KEER DIE WERÊLDBEKER GEWEN HET!**

**ARTIKELS OOR PORTEFEULJES:**

**OMGEWINGSBEWARING**
(WAKOM)

**Peet van Dyk en Warwick Tarboton**



**Bladsye 60, 64 en 65.**



**FINANSIES** (FINKOM) EN **VERSORGINGSDIENS** (SORGKOM)

**Sibbie Swart en Suster Patricia Snyders**



**Bladsy 18.**



**VRYWARING**

Die Kokanje Raad of die administrasie of die redaksie van ***KOLLIG*** onderskryf nie noodwendig menings wat deur medewerkers uitgespreek word nie. Die redaksie betaal nie vir artikels of enige bydraes nie en skrywers behou hul kopiereg, terwyl die redaksie die reg behou om alle artikels en briewe te verkort, te versorg en vir plasing te oorweeg, ofskoon gepoog sal word om die strekking van die inhoud so noukeurig as moontlik te hou. Hou dus u bydraes kort en bondig, asseblief. Hierdie vrywaring geld ook vir advertensies.

**Elektroniese artikels na: ritanic2@gmail.com** en **WhatsApp 083 307-1446.**
**KOKANJE-AFTREEOORD, Nylstroom (Modimolle), Limpopo, Suid-Afrika.**
(GPS: 24,68°S 28,38°O) **Tel: (014) 715-2030/1/2/3.**

# PROFESSIONELE WAARDASIES

## DU PREEZ NEL

## WAARDEERDERS • TAKSATEURS
## VALUERS • APPRAISERS

**POSBUS 1182, KOKANJE, 0515**
**TEL: (014) 715 2338**
**SEL: 083 268 3711**
**dupreezn@telkomsa.net**



*Kokanje Skoonheidsalon*
Kom bedefjouself

Foot & Body Worx

## Dienste:

- Tint
- Waksbehandeling
- Voetbehandeling
- Masseerings
- Naelbehandeling
- Wenkbroue
- Wimpers
- Facials



Mari Marè:
082 874 9249



# Pikkie Meubelvervoer

Sedert 1975. **LANDSWYD**



**Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus**

**Geregistreerde vervoer met TOE meubelwa**
Opberging en versekering
**Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511**
**Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)**



**Naaimasjien en Omkapmasjien Hersteldiens**

**Diens en Herstel van alle fabrikate**
**teen die beste pryse**

ONS DIENS:

- Kokanje
- Koro Creek
- Bosveldsig

Chris De Wet & Seuns

**Dalene: 082 213 5111**

# DIE UITVOERENDE BESTUURDER SE KERSBOODSKAP

Dit is met ongeloof dat ek moet aanvaar dat ons aan die einde van nog 'n jaar staan. Die afgelope jaar het goed wipplank gery en dit is met gemengde gevoelens wat ek terugkyk op die mylpale wat bereik is.

Oor die afgelope paar maande het ons baie aandag gegee aan **Sekuriteit**, met 'n opgradering van die kamerastelsel by die hek en 'n volle opgradering van die elektriese heining om die Oord. Toegangsbeheer het besondere aandag geniet met verbeterde funksionaliteit, beheer en die daarstel van inligting. Ons is trots op die beheer wat hierdie opgegradeerde stelsel vir ons gee, veral met die fokus op die inligting wat ons daaruit kan kry.

Natuurlik kan ek nie nalaat om die uitbreiding van die **KE** uit te lig nie. **Hierdie projek is op datum en binne begroting afgehandel.** Daarna is die hele KE se herregistrasieproses, wat die nuwe Afdeling F insluit, suksesvol afgehandel. Die samewerking tussen Amptenare, Direkteure, Advieskomitees en Kontrakteurs het van hierdie projek 'n sukses gemaak – iets om waarlik op trots te wees! Dit is 'n resep wat oor jare ontwikkel is en waarop elke betrokkene by Kokanje baie trots kan wees. Enige maatskappy se vermoë om sy hulpbronne te benut is van onskatbare waarde en dit wat hier ten toon gestel word, is van wêreldgehalte. Ek is opgewonde oor die lewens wat deur hierdie projek aangeraak gaan word!

**Kommunikasie** in Kokanje het met rasse skrede verbeter. Ek verwys nie net na Blitznuus en die kundige skrywes van "Uit die BK" nie, maar ook die nuwe toevoeging van die Blokverteenwoordigers. Die rol wat dit speel in terme van die **Noodplan** is reeds getoets en as effektief bewys.

Daar is ook gefokus op aspekte waarvan die breër gemeenskap nie bewus is nie: Onderhoude met Potensiële Kopers is ondersoek en het 'n nuwe baadjie aan. Dit is nou 'n Toelatingsgesprek met 'n warmer gevoel om die voete, maar 'n skerper fokus om die hart. Hier is 'n fyn dans wat uitgevoer word tussen die beskerming van die Kokanje-model en die ope arms vir potensiële kopers.

Heelwat projekte het reeds gedurende die jaar vorm aangeneem, maar het nog nie 'n implementasiefase bereik nie. Ek dink aan **Sonenergie** vir die KE en Besigheidsentrum, die **Noodhek** na Koro Creek en die ontwikkeling van **Kleiner Eenhede**. Daar is ook 'n fokus op die **Uitbreiding van die Kiosk, Kantore, Biblioteek**, en vele meer. Projekte wat dalk nie almal die lig mag sien nie, maar wat wel oorweging, beplanning en ondersoek geniet.

Ons kan 'n suksesvolle jaar neerlê te danke aan elke **Inwoner** wat positief, vol idees, met geesdrif en passie deelgeneem het aan die gemeenskap wat homself Kokanje noem. Die voorreg is enorm wanneer ek dink aan die toegewyde, bekwame, hulpvaardige, vriendelike en ondersteunende **Personeel** wat my hande sterk maak. Groot is die dankbaarheid vir die ondersteuning en onbaatsugtige werk wat deur die **Direkteure** en al die **Advieskomitees** met hulle **lede** gedoen word. **Die slaankrag wat ons hieruit put is verstommend!**

Ons wens elke leser 'n gelukkige Feestyd toe, 'n geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar.

**Indien 2024 gebore word vanuit die toewyding van 2023,**

**gaan dit 'n grote wees!**



**Andries Visagie**

# VOORSITTER SE KERS- EN NUWEJAARSWENSE

Deur die eeue heen het Desember tradisioneel gegroei in die maand waartydens die mens reflekteer oor die jaar wat verby is en ook besin oor die jaar wat voorlê.

My refleksie oor Kokanje vir 2023 is een van 'n gees en gesindheid van 'n uiters positiewe kentering van gemoedstemming en samehorigheid tussen Bestuur en ons Inwoners, tussen Inwoners en die Raad en onderlinge verhouding tussen ons mede-Inwoners. My persepsie is dat onmin en onvergenoegdheid plek gemaak het vir begrip, verdraagsaamheid, omgee en verstaan.

Hierdie harmonie is waarskylik grootliks toe te skryf aan die vele platforms en kanale van kommunikasie wat met onder andere die hulp van dr. Bezuidenhout op Kokanje geskep is. Soos bv. ons Blitznuus-kanale, "Uit die BK" en ons Blokvergaderings. Inwoners word betrek, gehoor en hulle verwagtinge en versugtinge word aangespreek.

Die Raad wil graag sy dank en waardering teenoor elke Inwoner uitspreek vir u deelwees van hierdie proses van verandering en waardeur ons almal meer betrokke raak by die uitbou van ons geliefde Kokanje.

**Our expectations for 2024?**
**If you thought Kokanje hit the road running in 2023,**
**buckle up and fasten your seat belts for 2024...**
**You ain't seen nothing yet!**

Van myself en elke Raadslid wens ons aan al ons Inwoners, Personeel en Kontrakteurs 'n geseënde en vredevolle Kersgety toe, met talle geskenke van gesondheid. Mag elkeen die liefde en intense nabyheid van ons Hemelse Vader spesiaal ervaar en beleef.



Groete,
**Hennie Lacock**.

ANNE SE HONDE HOTEL

**HONDESALON**

Anne
084 520 0003

Elmarie
064 651 0832

Bergstraat 78, Modimolle





PRETORIA OOGINSTITUUT
PRETORIA EYE INSTITUTE

**Dr Johann Grobbelaar**
Oogspesialis / Eye specialist

*Nylstroom besoeke elke 2e week by Dr M Veldman se kamers*

**Afsprake:** 012-3438333 / 5
**Adres:** Thabo Mbeki rylaan nr.39

# KERSFEES AS "DIE VOLHEID VAN DIE TYD"



Wanneer 'n mens oor Kersfees dink en praat, word dit op baie maniere onder woorde gebring. Só word daar in die volksmond van **die Kersgety**, óf die **Feestyd**, óf die **Groot Dae** gepraat. Binne Christelike familieverband word Kersfees as gesinstyd beskou omdat dit mos, by uitstek, die tyd is wanneer gesinne probeer om bymekaar te wees. Reeds vroeg in die jaar word onderling tussen die lede van gesinne gevra: "Wat doen julle vir Kersfees?" En dan word alles in werking gestel sodat gesinslede met **Kerstyd** bymekaar kan wees.

Wanneer Paulus sy Kersverhaal in die Galasiërbrief skryf, verskil sy vertrekpunt en fokus heeltemal van die vertrekpunte van Matteus, Markus en Lukas in die Evangelies. In die **Galasiërbrief** word daar kort en kragtig, op 'n heel unieke manier, oor Kersfees gedink en geskryf. Die 1953-Afrikaanse vertaling stel Galasiërs 4:4 – 5 soos volg:

4 *"Maar toe die Volheid van die Tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,*
5 *om dié wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang."* Terwyl die Evangelies die geboorte van Jesus aan historiese gebeure soos: ***"Die regering van koning Herodes"*** óf aan ***"die optrede van Johannes die Doper"*** vasknoop, volg Paulus 'n ander roete – 'n **botydelike** roete. Hy praat van die **Volheid van die Tyd**. Daarmee sê hy dat hierdie gebeure 'n skeidingsmoment was; dit wat vooraf gegaan het, is afgesluit – dit is vervulde tyd – en 'n nuwe tydsbedeling het daarna begin. Sou 'n mens 'n beeld gebruik om daardie moment uit te beeld, sou jy dit met 'n uurglas wat volgeloop het, kan beskryf. Nou word die uurglas omgedraai om 'n nuwe tydvak in te lei. Dit wat vooraf gebeur het, word met **v.C.**, voor Christus, aangedui, tewyl alles daarna met die uitdrukking **n.C.**, na Christus, beskryf word. **Die Volheid van die Tyd** is nie maar net 'n datum op die kalender, wat as 'n vakansiedag aangedui is nie, dit is 'n **Godsbepaalde Tyd**, dit is 'n spesifieke moment in die geskiedenis toe die tyd vervul is, toe 'n nuwe bedeling begin het en die loop van die geskiedenis verander is.

In daardie kritieke moment het God Sy seun gestuur om uit 'n vrou gebore te word. Sy naam was Jesus en in die woorde van die belydenis is Hy volledig God en volledig mens, dit sê vers 4 en 5 ondubbelsinnig. Wie Hy is, Sy persoon, kan nie van die doel waarvoor Hy gekom het, geskei word nie. Die rede waarvoor Hy gestuur was, is om die mense wat onder die wet was, los te koop sodat hulle kinders van God kon word.

In die vroeë kerk is hierdie 4 feite van Galasiërs 4:4 – 5 met die Griekse woord vir vis, **Iχθυσ (Iχthus)**, weergegee.

Dié 5 letters staan vir
**I** – Jesus,
**χ** – Christus,
**θ** – God,
**υ** – Seun,
**σ** – Verlosser,
dus **Jesus, Christus, Seun van God, Verlosser.**

Wanneer ons dus Kersfees vier, doen ons dit as mense wat in 'n nuwe bedeling leef, die bedeling waarin ons deur Jesus Christus se koms tot kinders van God verander is.

**Geseënde Kersfees!**

**Henk Potgieter**







PJ MOTORS
AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks
*Engine Installations | Petrol & Diesel
*Vehicle Diagnostics
Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3
Cell: 082 928 1088
Cell 2: 074 248 3601
Email: info@pjmotors.co.za

P.O Box 3525 | Lilian Ngoyi Str
Modimolle 0510







**NUWE INTREKKERS VERWELKOM DEUR BK, KOMREK EN UB.**







BRANERT SERVICES
WE BUY AND SELL ANYTHING ON WHEELS

**Contact:**
**Brandon:**
079 686 1863
brandonleegeyser@gmail.com

**Ockert:**
082 324 9312 (Whatsapp only)
geyserockert1965@gmail.com

**We specialise in refurbishment on any type of:**
***Golfcarts / *Motorcycles / *Vehicles & Trailers**














## GOLFCARTS – SERVICES OFFERED

### ACCESSORIES (As per your need)

- Tyres & Mags
- windscreens,
- light units,
- USB charging units, LED bars,
- Storage covers,
- golf bag attachments,
- Side & rear-view mirrors,
- Sound system,
- Club & ball washers, sand bottles & cradles, cool box kits,
- Battery level indicators,
- Lift kits and 4 seaters kits.

### SERVICES ON GOLFCARTS

- Supply & install batteries
- Major Refurbishment
- Major / Minor engine service
- Top Class upholstery
- Respray
- Body repairs, rust treatments
- Golfcart collection & delivery service

### SERVICES ON TRAILERS

- Total rebuilt and respray
- Services to wheel bearing and axels
- Assistance with roadworthy documentation

# DIE HEEL EERSTE KERSFEES

Die klipperige, stofgetrapte pad wemel van mense, kinders wat rondhardloop, lag en speel. Esels wat swaar dra aan groot pakke bagasie en water. Oral gesels groepies en almal is op pad na Bethlehem vir die volkstelling. Vanaf Nasaret in Galilea na Judea na Bethlehem, die stad van Dawid, gaan Josef en Maria omdat hy tot die huis en geslag van Dawid behoort.

Stadig stap die eseltjie, op sy rug 'n kosbare vrag – Maria en haar ongebore baba. Maria voel honger, moeg en dors.

By Bethlehem aangekom soek Josef plek by 'n herberg maar kan nêrens geholpe raak nie. 'n Stal word hom aangebied en dankbaar help hy Maria van die eselrug en laat haar gemaklik sit teen die krip wat vol skoon hooi is. Hulle eet ongesuurde brood en dikmelk en maak hulle op 'n klompie van die hooi tuis vir die nag.

Net buite Bethlehem is 'n oop stuk veld waar skaapwagters met hulle kudde kom oornag. Die skaapwagters is warm en moeg van heeldag se uitkyk vir roofdiere wat van die skape wil vang of hulle uitmekaar jaag.

Dit word oral stil. Net die sagte glans van die maan en die sterregeflonker verlig effens die donker nag.

Skielik staan 'n engel tussen hulle.

Hulle skrik, maar die glans van die Here was rondom hulle.

Die engel sê:

**"Moenie skrik nie – moenie bang wees nie! Ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees!"**

Meteens is daar 'n engelekoor wat God prys en verheerlik met pragtige sang.

Nadat die engele weg is, sê die skaapwagters vir mekaar: "Kom ons gaan na Bethlehem om te sien wat gebeur het!"



Hulle vind alles in die stal net soos die engel gesê het.

Maria het na alles geluister wat gesê is en dit sorgvuldig in haar hart bewaar.

Terwyl hulle God loof en prys is die skaapwaters terug na hulle skape, vol verwondering oor hierdie groot gebeurternis.

Maria het Jesus toegedraai in doeke en hom in die krip neergelê *omdat daar vir hulle geen plek in 'n Herberg was nie.*

**Het jy plek vir Jesus in jou hart en lewe, of moet Hy ook uitgeskuif word na 'n krip?**

**Julia Nel**



# GEBED VAN 'N BEJAARDE

O Vader,
hierdie jaar het ryp geword
soos lank terug
die loot uit die stomp van Isaii
in 'n krip kom bot het.
Maar hierdie Kersfees wil ek
liewers wegkruip Here,
hier in my oumensvel,
en nie so vreeslik angstig raak
as hulle oor die nuus
van al die wrede goed vertel.
Want ag, my oë het dof
geword –
van soeke na U Ster.
My voete wat so dartel-dans
kon stap oor heuwels heen,
hang slap, en willoos ver –
verby die krag van spier en
senuwee.
Ek hoor nie meer so mooi nie,
slegs as hulle in my ore skree,
dat ek my arm, of my hand
moet gee.
Die kinders het so
goed bedoel
met hierdie kamer,
hierdie stoel –
met trooswoorde van
veiligheid en rus.
Maar Here,
dit sus glad nie die verlange
na my huis –
na die bekende geure van
kombuis en werf, en agtertuin.
Nou bid ek Vader,
trek my nader,
en maak tog hierdie oumens
by U tuis.

**Rien Joubert**



MEGS
connecting you to the world

FAST AND RELIABLE FIBRE CONNECTIVITY NOW AVAILABLE!

Optical fibre are long, thin strands of very pure glass about the size of a human hair (125 microns). They are arranged in bundles called optical cables and is used to transmit and receive voice, data and video over long distances.


Free Installation with month-to-month contract

KOKANJE

OVER 300 CURRENT CLIENTS IN KOKANJE

CONTACT:
HERMAN : 0781568142
JOZUA : 0785642224
TENIKA : 0782031380
MARLYNA: 0834631741

20 MBPS @ R299.00
50 MBPS @ R399.00
100 MBPS @ R499.00







# VOEDKOM – LENTEDAG







**RIAAN ROETS,**
**SY PERSONEEL**
**EN DIE**
**LEDE VAN DIE VOEDSELDIENS-ADVIESKOMITEE**

word hiermee hartlik bedank
vir daardie ekstra, liefdevolle aandag en geskenkies waarmee ons, as Kokanje-Inwoners, daagliks bederf word.





**Kom besoek ons gevestigde praktyk in Kokanje by Dr. Breedt, vir persoonlike en professionele diens.**

- Herstel & Dienste
- Gehoorbeskermers
- Wasverwydering
- Gehoortoetse
- Verstellings
- Batterye
- Gehoorapparaatpassings
- Ondersteunende luistertoestelle

**Skeduleer u afspraak by 014 717 1139**

# 'N KERSMAAL IN DIE KALAHARI – 2 BRODE EN 5 VISSIES... **Braam Beneke**





Desember 1999, net voor eeuwending en die veelbesproke Y2K, wat ons planeet glo sou omdop...

Ons vlug na ons hartsplek, die Kalahari Oorgrenspark. (Nou bekend as Kgalagadi.)

3 weke in Nossob en daarna 'n dag of 2 in Mata-Mata.

**Salig!**

Ons beplan om Kersdag by Twee Rivieren oor te staan en daar ons Kersmaal te nuttig (proviand sou net tot Oukersaand hou). Op 26 Desember sou ons die lang pad huiswaarts aanpak.

Vrydag, 24 Desember, oppad vanaf Nossob na Mata-Mata via die immer golwende duinepad na 'n lang nag waarin 2 Swartkraagleeumannetjies al brullende langs die halfmaskampdraad meegeding het om hulle bewondering vir en die omvang van hulle fisiese hoedanighede aan 'n onwillige jong prinses te probeer verkondig.

'n Paar cumuluswolke daar na Union's End se kant toe, begin reeds ook al grommende, met mekaar te onderhandel.

Op pad, so hier en daar 'n eensame Blouwildebees, wat vroeg al die skaduwees van 'n paar kromrug-Kameeldorings oppas.

Ons hou stil by Moravet om die drama te aanskou waar 'n pragtige Wildekat met besondere ratsheid daarin slaag om 'n Kelkiewyn by die kalksteenwatergat te vang, net om toe te sien hoe 'n Rooijakkals, wat hom heeltyd van agter 'n Witgatbos dopgehou het, uitspring om die vangs brutaal uit sy kloue te gryp. 'n Toneel wat hom daagliks herhaalde male alhier afspeel.

Daardie middag, net 'n rukkie nadat ons in Mata-Mata tent opgeslaan het, bars 'n oordadige donderstorm oor die Kalahari los met 'n wind so erg dat beide van ons om lewe en dood aan tentpype en -toue hang om te verhoed dat dit Kuruman toe koersvat.

Toe die storm daardie aand uiteindelik begin te bedaar, kom daar berig vanaf Mariental se kant af dat die Auobrivier, wat deur Mata-Mata vloei, asook die Nossob wat langs Nossobkamp verbyvloei, vir die eerste keer in baie dekades in vloed is.

Ons tent was gelukkig vêr genoeg bokant die verwagte watervlak staangemaak en ons trek die bakkie ook effens hoër op – daar waar die Koringvoëls en Glansspreeus, wat sonder paspoort, met die stormwind saam, vroeër die grens vanaf Namibië oorgesteek het, nog wedywer om 'n skuilplek in die paar mankolieke Kameeldorings, wat plekplek hurk voor die wind.

Ons bly vereers in die bakkie sit, wagtende op die beloofde vloedwater.

Later het 2 moeë onse besluit dat dit veilig genoeg is om tent toe terug te keer. Die pad vanaf Nossob was vermoeiend en daarna het die kampopslanery in die siedende storm ons kragte nog verder getap. Nou het 'n ongelooflike, byna heilige stilte na die storm oor die kamp neergedaal en met 'n gevoel van **"soete hemelse rus"** was ons gou aan die slaap.

Teen ongeveer halftwaalf daardie nag het juis daardie woorde van die bekende Kerslied, uit die monde van sowat 20 inwoners van die plaaslike



Miergemeenskap, ons uit ons heerlike diep slaap gewek. Met die storm wat homself intussen uitgewoed het, was die woestynwind nou nog net 'n koel laatnagkus op warmgeslaapte wange. Oukersaandserenade met engelestemme uit 'n sopnat Kalahariwoestyn, met 'n nou helder oopgetrekte sterrehemel wat die woestynlug vul met ontelbare skittersterre...

**So onbeskryflik mooi!**

Kersoggend, toe ons begin oppak het vir die rit na Twee Rivieren, vind ons dat die enigste pad soontoe op verskeie plekke weggespoel is, met dongas, oral soos gapende wonde in die rivierbedding wat normaalweg as pad dien, wat ons weg versper.

Ons moes dus nog 'n nag of 2 in Mata-Mata oorstaan totdat die padskraper, wat vanaf Upington ontbied is, die park se padskraper, wat voete diep in die nat sand vasgeval het, kon uitsleep.

Ons proviand was op en die kamp se winkeltjie reeds gesluit. Vir ons Kersmaal vind ons darem 2 klipharde roosterkoeke wat ons vroeër bekom het vanaf 1 van die Miervrouens en 1 van die ammunisiekiste lewer 'n blikkie sardyne op, met 5 vissies in, asook 'n erg gesmelte Lunchbar, wat kon dien as nagereg.

Al was ons steeds moeg van, en oorweldig deur, die vorige dae se uitputtende avonture, het ons teen die middaguur dankbaar plaasgeneem onder 'n jong Vaalkameel en die 2 brode en 5 vissies het voorwaar op daardie vredige Kersfeesmiddag vir ons gedien as 'n besondere Kersmaal!

# BEDANKINGS DEUR DIE REDAKSIE

Die volgende persone word hartlik bedank vir **HULP** en **KUNDIGHEID** om die Desember-***KOLLIG*** voor te berei:

**Keuring:** Rita Noeth.
**Taalversorging:** Fritz Wolff, Annette van Dyk, Anne Kraay en Rita Noeth.
**Proeflees:** Hannetjie Boshoff/Rita van der Hoven.
**Bladuitleg:** Rita Noeth, Leonie du Plessis en Martha van Zyl.
**Produksie:** Rita Noeth.
**Kleurcollages:** Michèle Tarboton en Hetta Uys.
**Voorbladfoto:** Louise van Zyl.
**Ander foto's:** Digifoto-klub, Rita Noeth en persone wat artikels ingestuur het/klublede.
**Tikwerk:** Paula Nienaber, Rita vd Hoven, Rita Noeth, Tina Brits en Anneke du Plessis.

**Hartlike dank aan ons Adverteerders – sonder julle advertensiefooie sou die *KOLLIG* onbekostigbaar gewees het!**

**Pieter Knoetze, Marinda en Venter van der Westhuizen en Marion Moir het as Advertensiewerwers en Tesourier opgetree. Postnet was verantwoordelik vir die ontwerp van nuwe advertensies of die redigering en versorging van bestaande advertensies.**

**Ons bedank Kokanje-Inwoners wat verskeie bladsye teen R50 elk geborg het – ons waardeer dit baie!**

**Ons nooi almal hiermee uit om ons te nader om in die toekoms ook bladsye in die *KOLLIG* te borg.**

**Marion Moir.**

**Die Redaksie van *KOLLIG* bedank al die Kokanje-Inwoners wat die pragtigste artikels en gediggies ingestuur het.**

## *KOLLIG*-KLEINADVERTENSIES/*KOLLIG*-SMALLS

### *A. Isolerende Kooksak*

**Linda Sprenger**, Huis 49D.
(014) 715-2150 of 083 506-9322.



### *B. MORINGA PRODUKTE (Olie, poeier en kapsules)*

baie billike pryse:

**Erina Lombard**, Huis 30C.
083 452-2091
014 715-2663.



### *C. Beauty products & cosmetic treatments*

**Annette Nortje**:
Salon Juenesse @ Kokanje.
45C Sering street.
083 438-3336.




### *D. Manshaarkappers*

**1. Dietloff Bredenkamp**,
Mispelstraat 21C.
082 415-3729.

**2. Wensel du Plessis** 34E
072 212-7189.
**Kan ook hare by u huis sny.**

1.


2.


### *E. Manikuur en Pedikuurdiens.*

**Maria Botha,**
Huis 6C.
(014) 715-2070 of
082 874-3027.



### *F. Maak van nuwe en herstel van bestaande Loodglaslampskerms en bedlampies.*

**Peet Marx,**
Huis 89B.
083 286-9322.



### *G. Skerpmaak van messe en skêre.* Krav-klasse.

**Frik Grobler,**
Huis 90B.
083 452-1836.



**ONTHOU:**

Indien u iets wil **adverteer** in die Kleinadvertensies, of hulp aanbied as Nutspersoon (dit is **GRATIS**), kontak **Rita Noeth.** W/A: 083 307-1446.

Handgeskrewe **artikels en gedigte** kan in die ***KOLLIG***-mandjie geplaas word – onder die posvakkies, voor Rita Deck se kantoor, of E-pos getikte artikels, gedigte en foto's na **ritanic2@gmail.com**

### *H. Gedroogde mangosnippers en neute:*

**Chrissie Pretorius**
Huis 39C
083 699-5978.



### *I. Algemene Nutsmanne:*

**Kobus Pretorius** 082 458-3423
**Johan (JP) vd Merwe** 081 438-7148
**Peet Saayman** 082 532-9041.



Bladsy geborg deur **Lonka Bergsma**. Baie dankie, Redaksie.

# P O S T N E T –
# *KOLLIG* SE GETROUE EN BEKWAME MEDEWERKERS

Baie Inwoners is onbewus daarvan dat daar 'n vooruitstrewende familiebesigheid in Modimolle is wat reeds vanaf Maart 2018 (byna 6 jaar) baie nou saamwerk met die ***KOLLIG***-Redaksie... Hulle gee insiggewende en welkome advies en doen baie moeite met die druk- en bindwerk van 3 lywige ***KOLLIG***-tydskrifte per jaar (voorheen ook 7 ***KOLLIG*** Light-blaaitjies per jaar). Hulle doen gratis aanpassings aan bestaande advertensies, asook die ontwerp van nuwe advertensies.

Afgesien van die ***KOLLIG*** is daar nog vele ander dienste wat hulle vir Kokanje-Inwoners en ander klante verrig:

1. Hulle het Julia Nel onlangs gehelp met die druk van haar 2 Kinderboekies en die Naaldwerkklub met die druk van hulle Resepteboeke. (Beide het reeds 'n 2de druk voltooi.)

2. Plakkate, baniere en enige tipe kennisgewing word ontwerp en hulle doen dit sommer gou-gou en teen 'n baie billike prys!

3. Postnet sorg ook vir die stuur van baie Inwoners se pakkies na geliefdes, of ontvang pakkies namens ons.

4. Paspoortfoto's word geneem.

5. Postnet ontwerp briefhoofde en besigheidskaartjies.

6. Hulle doen ook lamineerwerk en nog vele ander dinge.

Op 13 November 2023 het die Modimolle Postnet-franchise hulle **10de bestaansjaar** gevier.

**a, b en c:** Pa Martin (en Elna) McKenzie, en Boet Eugene, is die franchise-houers.

**d en e:** Sus Nastassja (Bestuurderes) en haar man, Vernon Julyan, (die Grafiese Ontwerper) is al 12 jaar getroud. Hulle 3 vriendelike spruite, Verné, Juliette en Blayne, is ook soms in die winkel te sien.

**f en g:** (Ander suster) Natasha Dessels en Jackie Chume is die 2 flukse en bekwame Toonbankassistente.

**h:** Koos Moloto is die Skoonmaker en hy help Vernon met die oprigting van Kennisgewingborde in Modimolle en omgewing.

**Hartlike dank**
**aan elk van die**
**bogemelde persone!**

**BAIE GELUK** met julle besigheid se **10de herdenking** en ons hoop dat ons nog vele jare van julle dienste gebruik sal kan maak!


**Geseënde Kersfees**
**aan julle en julle geliefdes!**

**Namens**
**die *KOLLIG*-Redaksie**
**en die hele Kokanje!**



**Agter:** Vernon, Martin, Eugene en Koos.

**Voor:** Nastassja, Natasha, Elna en Jackie.



# 1. HOE WORD JOU MAANDELIKSE HEFFING BEREKEN?
# 2. WAT KOS DIT OM IN DIE KOKANJE-VERSORGINGSEENHEID TE BLY?
# 3. ASSESSERING OM IN KE OPGENEEM TE WORD.

## 1. Kokanje Maandelikse Heffing:

| | Enkel | 2 Persone |
|---|---|---|
| Administrasie en Tegniese diens | Dieselfde vir 1 of 2. | |
| Bydrae vir KE | Per persoon. | Per persoon. |
| Voedseldiens | Per persoon. | Per persoon. |
| **Totaal** | **R3 640** | **R5 120** |

Totale % subsidie ontvang t.o.v. totale heffing: 44% 43%.

## 2. Addisionele koste (p/p) wanneer 'n Inwoner in die KE Tuisgaan:

**Etes:**
Ontbyte, aandetes, etes oor naweke en vakansiedae. R3 053
**Munisipale Dienstarief in KE, ens.:**
Water, krag, riool en diesel vir kragopwekker. 945.

## 3. Assessering om in KE opgeneem te word:

Daar word gepoog om Inwoners so lank moontlik, onafhanklik, in hulle huise te laat funksioneer. Wanneer hulle so verswak het dat hulle, (selfs met die hulp van hulle Gade/Versorgingsdienste/eie Versorger) nie meer in staat is om hulleself te versorg nie, word 'n DQ98 assessering deur Suster Patricia Snyders en/of Pulani Thejane en Henriëtte Els gedoen.


Na 3 maande in die KE word 'n herevaluering gedoen en besluit of die Inwoner huis toe mag gaan of permanent in die KE moet aanbly.

Later word saam met die familie besluit of die Inwoner se huis ontruim gaan word en sy/haar Lewensreg na die KE oorgedra gaan word.

**Inligting verskaf deur:**



**Links:**
Sibbie Swart, Bestuurder: Finansies.



**Regs:**
Suster Patricia Snyders, Bestuurder: KE.

Verdere inligting is by hulle of UB, Andries Visagie, verkrygbaar.

CANSA
Cancer Association of South Africa®
*Research • Educate • Support*

**Elsa Watson** (voor, links) en Kokanje se **Toktokkies (Vrywilligers)** het so pas **R36 715** ingesamel vir Kankernavorsing en Dienste aan Kankerpasiënte. Sy bedank die Toktokkies en elke Inwoner vir hulle betrokkenheid en mildelike bydraes.

Enige vrae of inligting: Elsa, 072 347-7944.



## 3 VROLIKE SUSTERS KUIER LEKKER SAAM IN KOKANJE



Die 3 langslewende (van 4) Bontekoe-susters van Nederland het sommer heerlik saam gekuier.

Nine Eloff (regs, agter) was met (wyle) Paul, 'n Suid-Afrikaanse student getroud. Hulle het hulle in "Donker Afrika" kom vestig en later in Kokanje afgetree. **Nine word 90** in Februarie 2024 en haar Sus Kanne Goetz (links agter, nou 88) en Sus Gelland Vlas (voor, 91) het eers deur Suid-Afrika kom toer en gaan dan spesiaal die groot verjaarsdagfees in Kokanje kom bywoon.

Nine se seun en skoondogter (Gerlof en Sandra) het nou onlangs ook in Kokanje kom aftree.

**Lina Swart**

# THE EDEN ALTERNATIVE

(established in America) –

PRINCIPLES FOR RETIREMENT VILLAGES AND OLD AGE HOMES

**MISSION**:
To improve the well-being of Elders and their care partners by transforming the communities in which they live and work.

**VISION**:
To eliminate loneliness, helplessness and boredom.

**VALUES**:
Innovation, Integrity, Community, Empowerment and Passion.

## THE 10 PRINCIPLES OF THE EDEN ALTERNATIVE:

1. The 3 plagues of loneliness, helplessness and boredom account for the bulk of suffering among our Elders.
2. An Elder-centered community commits to creating a Human Habitat where life revolves around close and continuing contact with people of all ages and abilities, as well as plants and animals. It is these relationships that provide the young and old alike with a pathway to a life worth living.
3. Loving companionship is the antidote to loneliness. Elders deserve easy access to human and animal companionship.
4. An Elder-centered community creates opportunity to give as well as receive care. This is the antidote to helplessness.
5. An Elder-centered community imbues daily life with variety and spontaneity by creating an environment in which unexpected and unpredictable interactions and happenings can take place. This is the antidote to boredom.
6. Meaningless activity corrodes the human spirit. The opportunity to do things that we find meaningful is essential to human health.
7. Medical treatment should be the servant of genuine human caring, never its master.
8. An Elder-centered community honours its Elders by de-emphasizing top-down, bureaucratic authority, seeking instead to place the maximum possible decision-making authority into the hands of the Elders or into the hands of those closest to them.
9. Creating an Elder-centered community is a never-ending process. Human growth must never be separated from human life.
10. Wise leadership is the lifeblood of any struggle against the 3 plagues. For it, there can be no substitute.

# DIE EDEN-ALTERNATIEF

(gestig in Amerika) –

RIGLYNE VIR AFTREEOORDE EN OUETEHUISE

**MISSIE**:
Om die lewenskwaliteit van Bejaardes en hulle versorgers te verbeter deur die gemeenskappe waarin hulle woon en werk te verander.

**VISIE**:
Om eensaamheid, hulpeloosheid en verveling uit te skakel.

**WAARDES**:
Vernuwing, Integriteit, Gemeenskaplikheid, Bemagtiging en Passie.

## DIE 10 RIGLYNE VAN DIE EDEN-ALTERNATIEF:

1. Die 3 plae/laste – eensaamheid, hulpeloosheid en verveling – is die hoofoorsake van die meeste lyding onder ons Bejaardes.
2. 'n Bejaarde-gesentreerde gemeenskap fokus daarop om 'n omgewing te skep wat draai om nabye en gereelde kontak tussen mense van alle ouderdomme en vaardighede, sowel as plante en diere. Dit is hierdie verhoudinge wat jonk en oud toerus vir 'n lewe wat die moeite werd is.
3. Deernisvolle verhoudinge is die teenpool vir eensaamheid. Bejaardes verdien maklike toegang tot interaksie met mense sowel as diere.
4. 'n Bejaarde-gesentreerde gemeenskap skep geleenthede om te versorg sowel as versorg te word.
5. 'n Bejaarde-gesentreerde gemeenskap vul die daaglikse lewe met verskeidenheid en spontaneïteit deur 'n omgewing te skep waarin onverwagse en onvoorspelbare interaksies en gebeure kan plaasvind. Dit werk verveling teë.
6. Betekenislose aktiwiteite verarm die mens se siel. Die geleentheid om betekenisvolle dinge te doen, is noodsaaklik vir goeie gesondheid.
7. Mediese versorging moet ondergeskik wees aan opregte empatie, nooit die hoofsaak nie.
8. 'n Bejaarde-gesentreerde gemeenskap eer hulle Bejaardes deur die beleidmakende outoriteit in die hande van Bejaardes of diegene naaste aan hulle toe te vertrou, in plaas daarvan om burokratiese gesag op hulle af te dwing.
9. Die ontwikkeling van 'n Bejaardegesentreerde gemeenskap is 'n aaneenlopende proses. Menslike ontwikkeling moet nooit van die mens self losgemaak word nie.
10. Wyse leierskap is die lewensbloed van enige stryd teen die 3 plae/laste. Daarvoor kan daar nooit 'n plaasvervanger wees nie.



(Herhaling van artikel deur **Johan Spies**. Desember 2016.)

**HET DIE AMERIKANERS DALK BY KOKANJE KOM KERSOPSTEEK?**

# BAIE, BAIE DANKIE!

Ek wil net graag baie dankie sê vir die persone wat gehelp het om my bad- en slaapkamer weer so mooi reg te kry – mure geverf, matte en geiser vervang.

Ek was kwalik in Amerika, vir my gewone paar-maande-lange vakansie by my kinders, toe die geiser in my hoofbadkamer begin lek het. Die badkamer- en slaapkamervloere was blykbaar naderhand onder water.

**Gelukkig was my spaarsleutel by die bure om nou en dan te kyk of alles reg is.**

Baie dankie aan my vriendin, Marlize du Plessis, en al die bure wat haar gehelp het. Haar flinke optrede om die Werkswinkel onmiddellik te nader, en Nikki se instruksies aan die werksmanne, het hulle sommer dadelik die geiser laat vervang en die waterskade is herstel.

Niemand het my van die insident laat weet nie. Hulle het my eers by my terugkoms daarvan verwittig, want hulle het besef dat ek verskriklik bekommerd sou wees en nie my vakansie sou geniet nie.

Dankie aan Nikki en die Werkswinkelspan, Johann en Vera Rosenstrauch, Tientie Meintjes, Santjie Leonard en Marlize du Plessis.

(Ek hoop nie ek het iemand uitgelaat nie!)

Liefdegroete,

Uiters dankbare **Rita Coetzer**.



# F.H. ODENDAAL-HOSPITAAL SO DANKBAAR

Dit was weer tyd dat ek die bokse vol brille in my studeerkamer by die hospitaal moes gaan aflewer.

Ek kyk altyd eers of al die brilhuisies bruikbaar is, anders moet ek dit met gom plak en herstel. Ek en my helpers plaas elke bril in 'n brilkassie. Daar was 62 brille in brilkassies hierdie keer.

By die ingangshek van F.H. Odendaal vra die sekuriteitswag wat ek bring en ek sê dis brille vir die Oogkliniek. Hy is baie opgewonde. By die Oogkliniek groet Joyce my vriendelik terwyl ek die brille indra. Sy staan op, gee my 'n drukkie en sê: **"God bless you!"**

Op pad huis toe, waai die wag vir my met sy arm omhoog: **"God bless you!"**

Dus – vandag rig ek hierdie bedanking aan elkeen van u wat altyd die moeite doen om te sorg dat ek genoeg brille kry. **"God bless you!"**, en dit kom van my en al die pad vanaf die F.H. Odendaal-hospitaal namens elke persoon wat daar 'n "nuwe" bril gaan kry. En ook van Joyce en die sekuriteitsman.

Mag jy hierdie driedubbele seën wat oor jou uitgespreek is, ontvang en aanhou om vir ander wat dit nie kan bekostig nie, tot seën te wees.

Elsa van Wyk
Kameeldoringstraat 94E
083 289-0208.
September 2023.



## BAIE DANKIE!

**Aan al ons Kokanje-vriende en vriendinne:**

Ons is lief vir julle en waardeer alle gebede, besoeke, eetgoedjies en WhatsApps. Ek verseker julle dit was 'n riem onder die hart en dit het my staande en vol moed gehou tydens Floris se siekte en afsterwe.

Baie dankie, hou so aan! Dis wat ons Here wil hê ons aan ons naaste moet doen. Ons Here seën julle!

Liefde.

**Dirkie Visser,**
Dirk Visser (seun) en
Magdaleen van der Walt
(dogter).

**Ns. Wyle Floris en Dirkie was hierdie jaar 65 jaar getroud. Die foto hieronder is geneem op hulle 60e troudagherdenking, tydens Valentynsdag in die Kokanje-eetsaal. Red.**




## SKILDER VAN DIE WOLKE

Jannie du Toit

Ek glo in Hom,
Skilder van die wolke
wat strepies verf oor duine,
Ontwerper van woestyne.
Hy orkestreer
formasies vir die trekvoëls,
die see se stroompatrone,
hoe winde suis deur bome.

Ek glo in Hom,
Komponis van donderslae.
Uitvinder van vlerke,
Argitek van wonderwerke.

As jy één mens kan liefhê,
'n kind of 'n beminde,
weet jy van liefde.
En kan jy glo
want liefde is 'n wonderwerk,
totaal onverklaarbaar,
maar onmiskenbaar.

Ek staan verwonderd.
Want dit is daar.
Ek glo in Hom,
Ingenieur van wind en weer,
Beeldhouer van rotse,
Regisseur van klank en
kleur.

Hy bepaal
die afstand tussen sterre,
die steiltes van die berge,
die kronkel van riviere.
Ek volg Hom, Skepper van
die lewe
Ontdekker van die vrede,
Grondlegger van liefde.

As akkoorde jou ontroer
of woorde en 'n wysie,
ken jy ekstase.
Kan jy in wonderwerke glo.
Ontroering is 'n wonderwerk,
totaal onverklaarbaar,
maar onmiskenbaar.
Ek bly verwonderd en
ontroerd
en ek bly glo
aan die Skilder van die
wolke.

Ingestuur deur
**Manie de Jager**.

Engelse weergawe
ook op Google.





## MEELEWING

**Estelle Eksteen** (wie se man, Leon, onlangs oorlede is) wil graag hiermee vir elkeen wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het baie seën en vertroosting toebid. Sy het die volgende pragtige lied van haar familie ontvang en wil dit graag met elkeen deel:

Google: **Ed Bruce, "I know!"**



# CHRIS EN LETTIE COETZEE SE DUBBEL 90-VERJAARSDAGVIERING (12 Augustus 2023).

Lettie Coetzee het op 29 Junie 90 geword en Chris op 22 November. Die egpaar vier die 64ste herdenking van hulle huweliksdag in Desember!

Chris en Lettie het die wonderlike voorreg gehad om hulle Dubbel 90-funksie hier in die Lapa in Kokanje te vier. Hulle 5 kinders, 4 skoonkinders en 5 kleinkinders het geen moeite gespaar om hierdie genotvolle partytjie te organiseer en heerlik saam met hulle ouers se bure, beste vriende en familie te eet en gesellig te verkeer nie. Dit was ook 'n groot voorreg om met hulle eerste agterkleinkind, toe skaars 2 weke oud, by almal te spog.

## So 'n bietjie geskiedenis:

Chris en Lettie is albei gebore in Potgietersrus, nou Mokopane, en het ook daar skoolgegaan. Dit is waar hulle mekaar vir die eerste keer ontmoet het, in standerd 10 in Hoërskool Piet Potgieter. Na voltooiing van hulle skoolloopbane is beide na die Normaalkollege, soos wat dit in daardie tyd bekend gestaan het, in Pretoria, om onderwys te studeer en dit is ook daar waar Chris by Lettie begin vlerksleep het!

Chris se loopbaan as Onderwyser het in Gobabis begin en hy is later na Otjiwarongo in Namibië. Lettie het in Sundra (naby Delmas) begin skoolhou. Met Chris se terugkeer na Suid-Afrika vestig hy hom in Tzaneen en dit is ook hier waar hulle, in 1959, getroud is.

**Chris en Lettie se 5 kinders (2 seuns en 3 dogters):** Die oudste, Johan, is 'n chemikus, Floris 'n prokureur in Windhoek, Namibië, Helena 'n tuisteskepper in Pretoria, Alet 'n onderwyseres in Johannesburg en die jongste, Almarie, wat in Engeland woon, praktiseer as 'n tandarts. Die kinders, skoonkinders en kleinkinders is baie geheg aan mekaar en Chris en Lettie het die geleentheid gehad om vele internasionale reise (Europa, Amerika, Verre Ooste en Sjina) saam met die kinders te onderneem. Die Coetzee-familie is besonder lief vir die buitelewe en Pa Chris en Ma Lettie het dus ook 'n hele paar onvergeetlike avonture in Suidelike Afrika, Namibië, Zambië en Zimbabwe met die kinders meegemaak.

Chris en Lettie se hande staan vir niks verkeerd nie. Chris is een van die "Kokanje-garagemanne"... 'n Mens kon hom gereeld in sy garage sien werskaf en as 'n nalatingskap het hy vir elke kind 'n groot, pragtige staanhorlosie (Grandfather clock) gemaak. Lettie is baie kunstig en bedrewe met naaldwerk, veral fyn borduurwerk. Vra haar gerus, sy het 'n hele paar pragstukke wat sy te beskeie is om te wys!

Die Coetzee's het in Mei 2005 in Kokanje nesgeskop en het in die 18 jaar baie geliefd geword onder die ander Inwoners. Chris het dit met die Dubbel 90-vieringe ook herhaal dat hulle die grootste respek het vir die vele vriende wat hulle in Kokanje gemaak het en vir die liefde en ondersteuning van hulle vriende en familie wat hier woon.

**Familie en vriende wens Chris en Lettie baie gesondheid, liefde en voorspoed toe en dat hulle nog vele geseënde jare saam in Kokanje gaan deurbring!**



Seun Johan Coetzee word hartlik bedank vir al bogenoemde inligING om dit moontlik te maak om hierdie artikel te kon finaliseer.
**Redaksie.**

**(Sien kleurcollage op die agterblad.)**

**Tip for a successful marriage:** ♡

Don't ask your wife when dinner will be ready while she is mowing the lawn.

# DE BEER SOLAR EN ELEKTRIES

debeerelek@gmail.com

**Tel: 065 624 6819**

Christmas OFFER

## Deye Special

**R 96 000**

5 kW Deye Hybrid Inverter 48V

51.2 LiFePO4 Lithium 100Ah battery

6 X 565W JA Bifacial Solar Panels

60A Automatic Voltage Protector

Full Installation & Solar COC incl.

Offer valid until 14/12/2023



## Salvare Special

**R 96 000**

6 kW Salvare Hybrid Inverter 48V

51.2 LiFePO4 Lithium 100Ah battery

6 X 565W JA Bifacial Solar Panels

60A Automatic Voltage Protector

Full Installation & Solar COC incl.

Offer valid until 14/12/2023



## Kokanje Approved Installation Electrician

**General Electrical work incl. Air Conditioners & COC Certificates**
**All work done according to SANS codes and regulations**

Terms and Conditions apply

# JOU ALGEMENE HARDEWARE WINKEL

DE VILLIERS HARDWARE

- BOUWARE
- ELEKTRIES
- HAND-GEREEDSKAP
- LOODGIETER PRODUKTE
- TUINBOU GEREEDSKAP
- VERF

015 880 1844
063 784 5597
1115 NEPTUNE STRAAT MODIMOLLE, 0510
www.devilliershardware.co.za

# Solitaire Hair

by Mariana • MODIMOLLE •



Left to right: Zephni, Bekkie, Mariana, and Corinne.

kalahari™
ancient desert secrets
by Carina Franck
*Trusted skincare brand from ancient desert secrets with de-aging properties*

Stockists of:
NIOXIN #1 solution for thinning hair, REDKEN, icon, PAUL MITCHELL, INDOLA, Kadus, WELLA, COLLAGEN, Schwarzkopf

**Services:**
We only use the best quality products on our clients
- Colour & Cut • Perm
- Brazillian hair straightening treatment
- Brides & bridesmaids (can arrange to travel to venue)
- Extensions • Highlights
- Variety of hair treatments • Gents & Boys cuts

## LOADSHEDDING?
No problem – we can still help!

**Mariana 072 823 2806**
**Zephni 079 142 6056**
**Corinne 082 468 3803 (Nails)**

# MEELEWING


Fanie Fourie
18 Jan '36 tot 11 Jul '23


Annette Steynberg
19 Des '42 tot 28 Jul '23


Patricia Beith
18 Aug '49 tot 31 Jul '23


Bertha v Deventer
28 Jul '42 tot 5 Aug '23


Joey Coetzer
31 Mrt '35 tot 7 Aug '23



Helene Grobler
16 Mrt '30 tot 7 Aug '23


Floris Visser
29 Mrt '33 tot 7Aug '23


Girtie Esterhuizen
2 Des '33 tot 11 Aug '23


Koos Botha
4 Aug '40 tot 13 Aug '23


Marieta Prins
9 Apr '39 tot 22 Aug '23



Mike Prinsloo
18 Okt '41 tot 29 Aug '23


Betta Nel
17 Jul '34 tot 4 Sep '23


Andre du Plessis
10 Sep '40 tot 14 Sep '23


James Wright
22 Apr '58 tot 15 Sep '23


Kitty Botha
6 Aug '35 tot 16 Sep '23


Leon Eksteen
13 Jun '47 tot 23 Sep '23


Louise Weideman
16 Aug '34 tot 26 Sep '23


Corrie Coleman
23 Jul '26 tot 4 Okt '23


Petro Visser
15 Sep '43 tot 17 Okt '23



Marie du Preez
2 Sep '42 tot 2 Nov '23

**Ons bid hierdie vriende van ons se familie en vriende baie vertroosting en berusting toe.**

**Wanneer iemand wat jy liefhet**
**'n herinnering word,**
**word die herinnering**
**'n kosbare kleinood!**


Onbekend.

**Sommige van ons dink**
**dat om vas te hou, ons sterk maak;**
**maar soms lê ons krag daarin**
**om te laat gaan.**

Hermann Hesse.

**TERUGVOER VAN MENINGSOPNAME**

**1. My grootste vreugde in Kokanje/My greatest joy in Kokanje.**
**2. Ek bedank ... en ... /I want to thank ... and ...**
**3. Wat wil ek graag hierdie Kersfees hê?/What is on my Christmas wishlist.**



A1. My grootste vreugde in Kokanje is die etes wat ek nie hoef te beplan nie!

2. Ek bedank elke Vrywilliger wat enige diens in Kokanje verrig en die hele Versorgingsdiensspan vir hulle bystand en liefde.

3. Ek begeer hierdie Kersfees reikhalsend na die Wederkoms van Christus.

**Ria Ludick.**

---




B1. My grootste vreugde is die rustigheid en vrede hier in Kokanje.

2. My innige dank aan Deon en Mimi de Villiers vir hulle bystand aan ons en groot dank ook aan my Tafelmaats.

3. My diepste verlange vir hierdie Christusfees is dat ons Hom sal aanbid.

**Jannie van der Hoven.**

---




C1. My grootste vreugdes is –

(a) My kamer in die KE (The Royal Savoy Hotel) wat my kerk geword het en waar ek daagliks 'n reis kan onderneem na my binneste (waar ek telkens 'n nuwe juweel ontdek). Soos Nathaniël gesê het: "Die lewe kyk na my op 'n manier wat my pas..."



(b) Die lieflike tuin buite Saal C, met vrolike bome, struike en pragtige bont, gekleurde blomme, spierwit Ice Berg-rose en geurige jasmyn wat deur Hester Bester en haar getroue tuinman, Philip, so mooi uitgelê en op eie koste versorg is.

Maar, ek is baie hartseer en steek vandag 'n kers op, want Philip is nou oorlede en die roosknoppe hang en die gesiggies is treurig – hulle mis jou almal! Mooiloop, Philip, die liefde wat jy openbaar het met die "lelies van die veld" is 'n bewys van jou verbintenis met die natuur en die grootsheid daarvan.



2. My innige dank aan 'n ieder en 'n elk van die dierbare, borrelende Versorgers/Personeel van die Versorgingseenheid wat daagliks hulle beste diens aan ons lewer – soms ten spyte van hulle eie persoonlike uitdagings en knakkende knieë, maar gelukkig ook met die vreugde van die oorwinnings wat hulleself gesmaak het.

3. Dat al my familie en Kokanje-vriende geluk sal ondervind (Kersfees en 2024).

**Maureen Neethling.**

---




D.1. My grootste vreugdes is Innerlike Vrede en Gebrek aan Slaggate in ons Oord.

2. Ek wil niemand oorslaan nie en bedank derhalwe almal wie se name in die Kokanje-telefoongids opgeneem is.

3. Om die hele familie, behalwe Skoonma en Beurtkrag, by my te hê. En om van Riaan se nagereg en beetslaai voor te sit saam met die Kersmaal.

**Tiaan Crafford.**

## TERUGVOER VAN MENINGSOPNAME (Vervolg.)



E1 & 2. Ek bedank **Andries Visagie en sy Personeel**, asook die hele **Bestuurskomitee**, en die **KE/Tuisversorging se bestuur en Personeel**, vir hulle wonderlike bystand, begrip en hulp aan my met die aanvanklike versorging tuis en tydens my opname in die KE.

Hartlike dank ook aan **dr. Breedt en sy Personeel, Liza van die Snoepie, Susan van die Poskantoor/Onvangs, Eloisa van die Haarsalon, Mari van die Skoonheidsalon** (laasgenoemde 2 dames wat soms op Saterdae of deur die dag die KE-Inwoners kom versorg en mooimaak!). Dr. Breedt wat byna 24/7 aan diens is en tydens noodgevalle blitsige besoeke tuis aflê om pasiënte te gaan diagnoseer (soms watter tyd van die nag)!


Al bogemelde persone het liefdevolle harte en die spesiale gawe van Bo ontvang om sagkens met oumense te werk – en dit is so wonderlik dat hulle juis saam in Kokanje is en unieke werk hier verrig.

Ek is ook dankbaar teenoor die ***KOLLIG* se Redaksie** om hierdie blad saam te stel en ons bly op die hoogte van sake en leer ken die ander Inwoners, hulle deelname en werksaamhede in die Oord. "Uit die BK"-nuusbrief en "Blitznuus" hou my ook op die hoogte van sake, aangesien ek nie meer vergaderings in die saal kan bywoon nie.

3. **My hartewens vir hierdie Kersfees is:**
Dat ek in my Kokanje-huis, om my 10-sitplektafel, kan kuier en 'n Kersmaaltyd geniet saam met my geliefde familie.

**Lenie Lubbe**.
Uit die KE.

---



F.1. Die grootste vreugde en voorreg is om nie net die Kokanje-voetpaadjies te bewandel nie, maar dat daar elke maand saam met die Voetslaanklub die Limopo-omgewing besigtig kan word en die wonderlike natuur geniet kan word.

**Mike Hattingh.**


(Mike was jare lank Voorsitter van die Voetslaanklub en ons bedank hom en die huidige Voetslaanklubkomiteelede vir al die wonderlike uitstappies na Wildsplase en Vakansieoorde in die omgewing. **Red.**)

---



G1. My grootste vreugde is om veilig en gelukkig in die lieflike Bosveldomgewing van Kokanje, in my eie huis, te woon – omring deur vriende (nader as familie?) en om heerlike etes te ontvang.
2. Eerstens my dank aan die Here wat my hier geplaas het. Ek kan nie genoeg dankie sê aan elkeen wat daagliks my lewe aanraak en waarde toevoeg tot my bestaan – veral my 4 "susters" vir hulle bystand en liefde. Dankie aan Riaan "Voedseldiens" en Susan "Poskantoor".
3. Ek begeer hierdie Kersfees **liefde, vrede en vreugde**! **Sodat ons die Ware Boodskap van Kersfees in ons lewens sal verstaan, ervaar en uitleef!**
**Annette van Dyk.**

---



H1. Dis louter vreugde wanneer die **Piet-my-Vrou** roep en die reënseisoen aankondig.
2. Ek bedank die **UB** vir die uitstekende bestuur van ons geliefde Kokanje.
3. Ek begeer 'n groot familiesaamtrek vir Kersfees en, net omdat ek soet was, nog 'n kleinkind in 2024.

**Xandri Keyter.**

I1. My grootste vreugde in Kokanje is om in 'n mooi Bosveldomgewing, binne 'n goed funksionerende struktuur, saam met 'n klomp lekker mense te kan woon.
2. Ons bedank **oom Rassie & tannie Nelie Erasmus** vir goeie buurmanskap.
3. Ek begeer hierdie Kersfees sommer oorvloedig baie familietyd saam met my kinders en kleinkinders.

**Gerhard Keyter.**

## KOKANJE HULPFONDS – SKENKINGS EN BEMAKINGS IN DIE KERSSEISOEN

Graag wil **Rona de Jager en die Hoekwinkelpersoneel** 'n vriendelike uitnodiging aan alle Inwoners rig om te kom kyk wat u as geskenke vir u werkers kan koop vir Kersfees. **Geskenkbewyse ook beskikbaar.**

**Besigheidsure:**
**Dinsdag- en Vrydagoggende vanaf 09:00 tot 11:00.**

Vir die Hoekwinkel om optimaal te funksioneer, het ons genoeg helpers nodig. 'n Vriendelike versoek om u naam as helper by **Elsa van Wyk (WhatsApp – 083 289-0208)** op te gee en deel van ons vrywillige helperkorps te word.

**Wil u nie asseblief oorweeg om 'n maandelikse bedrag vir die Hulpfonds by u Kokanje rekening te laat aftrek nie?** Ons verseker u dat elke sent wat ons invorder, ten behoewe van ons mede-Inwoners in Kokanje aangewend word en dat ons daarvan by ons Jaarvergadering rekenskap gee.

**Henk Potgieter**

---

## KOKANJE HULPFONDS

**BYDRAE VIR KOKANJE HULPFONDS:**

Handig vorm in by **Susan Weber.**

Hiermee gee ek ........................................................................... van woning .........................

toestemming dat KOKANJE-AFTREEOORD maandeliks R........... (............................................) by my heffing, tot krediet van Kokanje Hulpfonds, mag voeg. **Hierdie opdrag bly van krag totdat dit skriftelik gekanselleer word.**

Geteken: .................................................

Getuie: ................................................. Datum: .................................................

---


**TEL: (014) 717 5175**
**FAKS: (014) 717 5176**
**SEL: 082 320 8289**
**E-POS: m-a-c@mweb.co.za**

**Modimolle-Auto-Clinic**
**Rupertstraat 4**



Vir gehaltediens en die beste pryse, kom besoek ons gerus.
Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese herstelwerk van aansittermotors, omsetters, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir padwaardigheidstoetse. Ons verkoop batterye teen baie goeie pryse. Ons bied 10% afslag aan pensioenarisse en sal u motor gaan haal en aflewer teen geen ekstra koste nie. Ons was en stofsuig ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.

**Josef Botes**
**VERVOER**



- **KLIP**
- **VULSEL**
- **TUINGROND**
- **SAND & STENE**

**Oktaanstraat 703, Industriële gebied.**
**NYLSTROOM**
**☎ 066 078 4973 Ferdie 082 889 6548**
**☎ 014 717 3606**

# 'N BIETJIE KOKANJE-AARDRYKSKUNDE EN -GESKIEDENIS

Die mens hou mos daarvan om dinge te benoem. Dis makliker om 'n ding of plek 'n paslike bynaam te gee as om dit omslagtig te beskryf. So het daar met verloop van tyd ook plekke in Kokanje baie interessante name gekry.

**Die Titelgat:**
Sodra jy by die hek inry, is Rus-'n-Bietjiedam op regterhand. Vroeër jare was dit ongeskrewe beleid om jou titel (as jy so-iets gehad het) in die Titelgat (Rus-'n-Bietjiedam) te gooi die eerste keer wat jy deur die hek Kokanje binnekom.

Daarna het niemand gebodder met titels nie, almal was gelyk!

**Oom Archie en Basie se Waters:**
Die boorgate daar in die Oosblok kan self baie stories vertel oor hierdie 2 vorige Inwoners se vermoë om water aan te wys.

**Waterloo Bridge:**
Vroeër jare het hier 2 Nelsonbroers (Frank en George) gewoon. Om te voet vir mekaar te gaan kuier, neem hulle toe kortpad deur die veld en moet hulle met die voetbruggie oor die stormwatersloot aan die oostekant van Frans van Effrink se huis loop. Baie gou doop hulle die bruggie toe Waterloo Bridge.

**Lover's Lane:**
Aan die onderpunt tussen Raasblaar- en Krinkhoutstraat is daar 'n semi-parkgebied. Daar is 'n paadjie, met 'n bankie nogal, en so effe diskreet daarvandaan 'n lamppaal. Wees maar versigtig as julle daar vertoef, want dit is reg oorkant Andries Visagie se huis!

**Gaza-strook:**
Tussen die westelike huise van Krinkhoutstraat en die oostelike huise van Mispelstraat loop die Gaza-strook. Vroeër jare was die Inwoners meer gehoorsaam en het nie sulke groot tuine gemaak nie. Daar was dus 'n groot stuk niemandsland wat jy moes oorsteek as jy kortpad wou vat om te gaan kuier.

**Die Kampus:**
Toe Kiepersolstraat ontwikkel is, het daar 'n interessante ding gebeur. Daar was heelwat afgetrede doktore en selfs 'n afgetrede proffie wat daar ingetrek het en dit was net heel natuurlik dat die ander Inwoners van Die Kampus begin praat het.

**Industriële Gebied:**
Die huise aan die oostekant van Maroelastraat en aan die onderkant van Kiepersolstraat kan met reg sê hulle bly in die Industriële Gebied met die Werkswinkel daar naby.

**De Waal Drive:**
Vanaf die parkeerterrein voor Eetsaal 3 moet jy met 'n voetbruggie oor die sloot en met die paadjie tot in Seringstraat loop. 'n Paar van ons reken toe ons doop daardie paadjie De Waal Drive omdat ons elke dag voor Marthie de Waal se huis verbyloop.

**Die Kraamsaal:**
In die Noordwes-blok naby aan die huise in Seringstraat, sonder die Rooibok-ooie hulle in lamtyd af en vertoef daar totdat die kleintjies sterk genoeg is.


**Quality Street:**
Vir lank is gesê Kokanje is nou klaar ontwikkel met die bou van die huise in Koraalboomstraat. Maar daar is toe heelwat mense wat ook nog baie graag hier in Kokanje wou kom uitspan en so word Vaalboomstraat ontwikkel.

Maar die groen duiweltjie sit toe baie knus op party van die ouer Inwoners se skouers en fluister: "Het jy die breë straat gesien? Kyk hoe smal is al die ander strate." En so is Quality Street gebore.

**Die Paddadam:**
Aan die onderpunt van Vaalboomstraat, so 'n entjie met die voetpad suid, lê die Paddadam. Dit is die grootste gedeelte van die jaar dolleeg. Maar boeta, doen jouself die guns om na 'n goeie reënbui daar 'n draai te gooi. Skielik is daar lewe. Voëls en naaldekokers maak ruim gebruik van die ekstra waterbron. Maar saans! Paddakore wat jou ore laat tuit!

**Louise van Zyl**







# KOKANJE – INTERESSANTE GESKIEDKUNDIGE FEITE

Daar word dikwels gevra waarom Kokanje op Nylstroom gevestig is.

Die Vereniging van Staatsamptenare (VSA) het in die vroeë tagtigerjare begin soek na 'n geskikte plek om 'n aftreeoord vir staatsamptenare te vestig. Daar is klem gelê op die klimaat, veral in die wintermaande. Vanselfsprekend sou die beskikbaarheid van grond en die koopprys daarvan ook 'n belangrike rol speel. Nylstroom het aan al hierdie vereistes voldoen.

Die destydse woonwapark was geleë op die terrein waar die Modi Mall tans is. Dit het bestaan uit 'n opsigterswoning, 'n swembad, ablusiegeriewe en groot grasafdakke. Die munisipaliteit het geoordeel dat die Kokanje-ontwikkeling by die bestaande woondorp en infrastruktuur sou inpas en dit is aan die VSA aangebied. Die VSA het egter 'n skoon stuk grond verkies waar hulle sonder beperking hulle ontwikkeling kon beplan en uitvoer. Die eerste 96 hektaar grond waarop die noordelike gedeelte van Kokanje uitgelê is, is vir R96 000 aan die VSA verkoop.

Die Weduwee- en Wesefonds van die Polisie was terselfdertyd in onderhandeling met die munisipaliteit vir die aankoop van grond vir 'n vakansieoord.

Die oprigting van 300 woonhuise vir Kokanje en 72 chalets vir Weesgerus, sou 'n wesentlike impak hê op die bestaande munisipale Infrastruktuur. Daarbenewens het die munisipaliteit nie oor die nodige fondse beskik om die interne dienste vir hierdie 2 ontwikkelings te voorsien nie. Daar is gevolglik ooreengekom dat Kokanje en Weesgerus hulle interne dienste self sou befonds. Die munisipaliteit sou slegs grootmaatdienste teen grootmaattariewe aan hierdie ontwikkelings lewer. Dit is dan ook die rede waarom Kokanje sy eie dienste lewer. Goddank is ons dus nie uitgelewer aan die huidige swak munisipale dienslewering nie.

Op 'n latere stadium is 'n addisionele ±30 hektaar grond aan Kokanje verkoop vir die oprigting van 'n verdere 300 wonings.

Aanvanklik was Kokanje vanuit Pretoria bedryf met enkele personeellede. Dit was voorwaar nie 'n maklike taak nie en my voorgangers kan met reg as pioniers beskou word.

Met die koms van 'n nuwe staatsbestel, het die Inwoners van Kokanje besluit om die aftreeoord van die VSA oor te koop en die eiendom in 'n Maatskappy te vestig. 'n Bestuursvereniging is aangestel om die dag-tot-dag-bedryf van Kokanje te hanteer.

Met my aanstelling as Oordbestuurder in 2003, was my opdrag dan ook om die VSA geheel en al uit die stelsel te verwyder en om 'n eie administrasie vir Kokanje te vestig. Dit het behels die hersiening en wysiging van alle bestaande vorms en geskrifte wat die VSA se naam gedra het. Die personeel moes na Kokanje oorgedra word met 'n eie stel diensvoorwaardes en aanstellingsbriewe. Voorts moes die R4.2-miljoen wat nog aan die VSA verskuldig was, so spoedig moontlik vereffen word.

Daar was ook talle wetlike vereistes waaraan nie voldoen is nie. So, byvoorbeeld, was die aantal beddens in die Versorgingseenheid nie in verhouding met die aantal Inwoners nie. Die Versorgingseenheid is gevolglik met 16 beddens vergroot.

**Hier volg enkele ander projekte wat tydens my dienstermyn uitgevoer is:**

- Die posagentskap is oorgeneem.
- Die poskantoor is opgerig.
- Die kombuis is vergroot.
- 'n Addisionele 24 huise is aan die westekant van Kokanje opgerig.
- 'n Beleidsregister is opgestel.
- Alle bates is in 'n Inventaris opgeneem.
- Die ACCPAC-rekenaarstelsel is vervang met Pastel.
- Die onderskeie afdelings is gerekenariseer.
- Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid is geïmplementeer.
- Die toegangspad is van ligte voorsien.
- Die Kokanje-inligtingsteken by die Vaalwaterpad is opgerig.
- Die noodkragopwekker is geïnstalleer.
- 'n Addisionele wateropgaardam is gebou.
- Die watervoorsiening aan die hoërliggende dele van Kokanje is opgegradeer.
- Plaveisel is op talle plekke aangebring.

**Daar word dikwels vir my gevra waarom ek my op Kokanje gevestig het. Die antwoord is maklik:**

1. Die Kokanje-konsep is uniek en funksioneer uitstekend.
2. Die versorging van ons Inwoners geskied met deernis.
3. Die finansies is kerngesond.
4. Kokanje beskik oor 'n lojale amptenaarskorps.
5. Daar bestaan ook duidelike en billike Huisreëls wat ons naasbestaan orden. As hierdie reëls nagekom word, is daar geen rede tot konflik tussen Inwoners nie.

**Voorgaande is dalk ook die rede waarom 'n vorige Oordbestuurder, Kobus Nel, en sy gade onlangs na Kokanje verhuis het.** ⇨

Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

## KOKANJE – INTERESSANTE GESKIEDKUNDIGE FEITE
**(Vervolg.)**

As Bestuurder ondervind 'n mens natuurlik ook baie ligte oomblikke. So herinner ek my aan die dag toe 'n Inwoner ingedagte met sy gholfkarretjie dorp toe is. 'n Hele lang stoet van karre uit Vaalwater se rigting het hom geduldig gevolg. Die Verkeersbeampte, wat in sy motor onder 'n boom gesit het, het dit gade geslaan, maar nie geregistreer wat aan die gang was nie. So onthou ek ook die dag toe 'n Alzheimerlyer (omie) die buurman se kar sonder toestemming gebruik het om dorp toe te gaan. Dit was die eerste aanmelding van motordiefstal in Kokanje.

Ek en Sus waardeer die voorreg om 'n positiewe en rustige aftrede op Kokanje te beleef.

Groete aan almal.

**Burger Pienaar**



(Burger Pienaar was vir 13 jaar Stadsklerk van Nylstroom en Kokanje-Oordbestuurder vanaf 2003 tot 2009.)

## MODIMOLLE PARKRUN SE 5DE VERJAARSDAG

In Februarie 2018 het die komitee aansoek gedoen by parkrun SA om 'n parkrun in Modimolle te stig. Dit het 8 maande geduur – die roete is gemeet, ge-GPS, afstand- en roetebordjies is gemaak, ens. 'n Maand voor die opening, het ons die apparaat, glimbeffies, stophorlosies, 'n skandeerder, ens. van parkrun SA ontvang. 5 Vrywilligers het by Leeupoort parkrun opleiding ontvang en het 'n week voor die opening, 'n oefenlopie vir 40 deelnemers aangebied.

Modimolle parkrun is op Saterdag, 27 Oktober 2018, geopen deur Bruce Fordyce van Comradesfaam en Bestuurder van parkrun SA. Hy het 254 deelnemers verwelkom – 170 was reeds by Modimolle parkrun geregisteer en 18 was Kokanje-Inwoners!

Op Saterdag, 28 Oktober 2023, het Modimolle parkrun, met ons 181ste byeenkoms, ons 5de verjaarsdag baie uitbundig by Koro Creek gevier – met balonne en versnaperinge. Meeste van die Deelnemers en al die Vrywilligers het



Springboktruie of groen en goud gedra. Deelnemers en Vrywilligers, wat ook by die eerste parkrun teenwoordig was, se foto pryk hieronder.

Daar het reeds 2 202 persone by Modimolle parkrun geregistreer (180 van Kokanje).






Na Saterdag se normale 5 km hardloop/stapsessie is almal bederf met "carrot muffins", "cupcakes" en ysies en hulle was gesellig bymekaar op die grasperke.

Volledige uitslae word elke Saterdag per E-pos aan Deelnemers gestuur. Weekliks word foto's op die Modimolle Facebook geplaas.

Die Vrywilligers/Organiseerders wat weekliks hulp verleen en al die Deelnemers word hiermee hartlik bedank vir julle getroue deelname.

**Van:**
Michiel Human en Johan Pansegrou – "Run Directors" en Annette van Dyk – "Event Director".

Registreer vandag, (alles gratis) sodat u ook Saterdae om 07:00 by ons kan aansluit.

**Annette van Dyk: 072 129 7585.**

**Michiel Human: 081-473-6374.**

# VAKANSIE IN AMERIKA – OM TE LEWE!

Ek is een van baie oumas wie se kinders in 'n ander land woon en werk. Die verlange na hulle raak soms baie erg maar jy is dankbaar dat hulle veilig en versorg is. Ook kom die geleentheid so nou en dan om 'n ver-ver land te besoek.

Met my onlangse besoek aan my dogter en haar gesin in Texas het ek weer ondervind dat so 'n besoek met baie opgewondenheid en in 'n mindere mate angs, gepaard gaan. Om alleen so ver te vlieg het my knieë eers lam gehad, maar toe my dogter sê dat sy vir die hele retoerreis rolstoelbystand gereël het, het ek baie verlig gevoel.

Vanaf OR Tambo tot in Atlanta en verder na Fort Worth het ek veilig gevoel in die wete dat die rolstoel-hanteerders presies weet waarheen om te gaan en het ek elke keer op die regte plek uitgekom. Met my aankoms in Atlanta het daar 'n groot verrassing op my gewag! My dogter het my met 'n breë glimlag gegroet en Moeder was natuurlik in trane! Die vlug na Fort Worth was heerlik met haar aan my sy.

Wat 'n blye weersiens om uiteindelik weer by hulle huis aan te kom en die res van die familie te sien – my liewe skoonseun, kleinseun en kleindogter wat ek laas in 2019 gesien het. Laasgenoemde 2 het in 4 jaar se tyd gegroei tot pragtige tieners. (Elke ouma dink mos haar kleinkinders is die mooiste en slimste!)

Dit was heerlik om nie met Beurtkrag te sukkel nie! Daar is elke dag posaflewering by jou straatposbus, jy gooi self brandstof in jou voertuig, die treine loop en almal doen hul sake ongestoord. Daar is plekke waar jou voertuig deur 'n outomatiese wassiklus gaan – dis 'n vooraf betaalde diens. Wanneer jy anderkant uitry, gaan parkeer jy by die afdroogstasie en gebruik hulle groot stofsuiers en lappe om jou kar verder skoon en droog te maak.

Ek was saam met die kinders vir 10 dae in New Mexico by "Angel Fire", 'n vakansieoord met verskeie ski-hellings en kabelkarre. In die winter word die hellings gebruik om te ski en in die somer word daar met bergfietse teen die hellings afgejaag. In die somer dra die kabelkar dus mense met fietse en in die winter mense met hul ski's aan. Ek was dapper genoeg om tweekeer met die kabelkar op en af te ry en het die waaghalsige jaers, my skoonseun en kleinkinders inkluis, van bo-af dopgehou!

Die Dallas-Akwarium is die tuiste van verskeie seespesies, voëls en klein diertjies. Dallas Arboretum is 'n groot park-area met pragtige tuine en baie bome. Daar is pragtige wandelpaadjies, waterareas en rusplekke waar jy na hartelus kan ronddwaal.

Soos alle goeie dinge, het my vakansie na 3 maande tot 'n einde gekom. Ek is dankbaar dat ek dit kon doen en ook vir al die mooi herinneringe...

Dankie, my kinders! Ek is baie lief vir julle!



**Tina Brits**

**Tina glo:**

**"Moet nooit iets bêre vir 'n spesiale geleentheid nie – om te lewe is 'n spesiale geleentheid!"**

---

***LET'S LAUGH AWAY OUR STRESS WITH ANTS***

1. 5 ants + 5 ants = *Tenants.*
2. To bring an ant from another country into your country = *Important.*
3. Ant that goes to school = *Brilliant.*
4. Ant that is looking for a job = *Applicant.*
5. A spy ant = *Informant.*
6. A very little ant = *Infant.*
7. An ant that uses a gun = *Militant.*
8. An ant that is a specialist = *Consultant*
9. A proud ant = *Arrogant*
10. An ant that is cruel and oppressive = *Tyrant.*
11. An ant that is friendly and lovely = *Coolant*
12. An ant that has changed from evil to good deeds = *Repentant.*

Sent in by **Annette van Dyk**.





# ONS PELGRIMSTOG VAN HOOP

Nadat Julius Ceaser in 47 v.C. 'n oorwinning te Zela (Noord-Turkye vandag) behaal het, het hy aan Rome teruggerapporteer: "Veni, vidi, vici" – ek het gekom, ek het gesien en ek het oorwin!

Toe die 4 "pelgrims" van Kokanje, te wete Hein en Erika Baak, Babsie en ek, die Camino begin Oktober vanjaar aangepak het, het ons nie besef wat vir ons voorlê en hoe hierdie uitdaging enduit sou ontvou. Wat wel nou berig kan word, is dat iets in die kleine van Ceaser se veldslag ook in ons Pelgrimstog van Hoop, vir ons en daardie betrokke gemeenskap, betekenis gekry het.

Ons het by die NG Kerk in Uniondale gekom, waar ons deur etlike rolspelers vriendelik ontvang en van toepaslike inligting en pitkos voorsien is. Die gebeier van die kerkklok het ons staptog en die gasvrye ontvangs deur deernisvolle mense oral vorentoe, ingelui en ingelei!



Die eerste deel van die roete was letterlik en figuurlik soos 'n berg wat ons moes oorwin. Met seer spiere is ons egter deur 'n "engel", ons herbergier, tegemoet gekom en op die hande gedra. Dit was trouens elke dag die geval en die woorde "engele op ons pad" was pal op ons lippe. Elkeen het sy/haar deeltjie met groot dankbaarheid en blymoedigheid gedoen – dit ten spyte van 'n knellende droogte van ongeveer 7 jaar en Covid-19 wat die gemeenskap op hulle knieë gedwing het. Ons kon duidelik sien dat die Pelgrimstog wat deur die betrokke gemeentes vanaf 2021 van stapel gestuur is, weer vir die gemeenskap hoop gebring het – **hulle is weer op hulle voete!** Die organisering van verblyf (o.a. gastehuise, 'n ou plaasskooltjie, konsistorie, ens.), vervoer van bagasie, voorsiening van kospakkies wat op die roete of by plase wat gekruis word, gelewer is en die heerlikste aandetes, was alles uit die boonste rakke.

Ons het die pragtigste landskappe beleef (o.a. die Prins Alfred's-pas, Keurboomsrivier, Langkloof, ens.), gesien hoe die natuur na die onlangse oorvloedige reën weer ontwaak – die fynbos, plante en bome, asook hoe die landskap tussenin, baldadig blom – om nie te praat van die appel-, peer- en pruimboorde waardeur en waarlangs ons gestap het nie. 'n Trop nuuskierige volstruise wat kilometers, met net 'n kampdraad tussen hulle en ons, saamgestap het, sal ons ook altyd bybly.

Ons was bevoorreg om verskeie geskiedkundige kerkies te sien en te besoek. 'n Geleentheid is ook vir ons geskep om 'n Wildeperskeboom



(*Kiggelaria africana*) te plant, kompleet met die naam van die boom asook ons 4 s'n op 'n plaatjie daarby.

Die stappery het al lekkerder geraak, met die eers stram en stywe spiere wat later "ge-olie" en "ingeloop" was. Met apologie aan Langenhoven: Ons het waarlik "ons swaarkry met lekkerkry klaargekry".

Ons pelgrimstog het na 7 dae en 137 km op 'n **oorwinnende noot** en met **salige, innerlike vrede,** te Nature's Rest ten einde geloop, **by 'n 7 meter hoë staalkruis!**



**Tiaan Crafford**

Bladsy geborg deur **Tiaan en Babsie Crafford.** Baie dankie, Redaksie.

**Kontakbesonderhede om jou eie Camino te reël:**
Marlene Fouché.
Selnommer: 076 423-3727.
E-pos: gardenroutewalk@gmail.com

# DITJIES EN DATJIES...



Lees meer oor hulle: www.waterberg-bioquest.co.za

Vroeg in November is die welbekende Tjip-Tjjjrrrrr van die Bosveldvisvangers in Kokanje gehoor. Hulle is terug van hulle ongeveer 6-maandelange vakansie in midde-Afrika.

Vul die vorm op die Ontvangstoonbank in. Riaan weet om nie vir u kos voor te berei nie. Besparing vir Voedseldiens!

AANMELDING VAN AFWESIGHEID
REGISTRATION OF ABSENCE
Langer as 24 uur
Longer than 24 hours

VOORLETTERS EN VAN / INITIALS AND SURNAME ........ HUISNR / HOUSE NO ........
AANTAL PERSONE / NUMBER OF PERSONS ........
WEG VANAF / AWAY FROM ........ TERUG OP / BACK ON ........
NEEM ETES OP / RESUME MEALS ON ........
NOODTELEFOON NR / EMERGENCY PHONE NUMBER ........

Slegs u stoep word skoongemaak.

In geval van nood (soos met Rita Coetzer) weet u bure en die Werkswinkel om hulp te gaan verleen by u huis.

## ROLBALKLUB



Perkemeester, **Peet Saayman,** en sy flukse assistente **hard en luid** besig met instandhoudingswerk. Om die talle gate in die beton te boor met hulle elektriese boor, is hulle regterhande en -arms omtrent gemoor!

## APPARATE WAT RAAS





mag **Maandae tot Saterdae 08:00 – 12:00 en 14:00 – 16:30** gebruik word.

**Neem mekaar in ag!**

10 Volkleur ***KOLLIG***-tydskrifte is nou op die Kokanje-Webwerf te sien. U kan u familie, vriende en voornemende kopers ook daarvan verwittig.

Kokanjeaftreeoord.co.za/kollig-nuusblad




## HOOR EN SIEN...

Gerrie Farrell, Pieter Knoetze en Johan vd Hoven by ere-lid van **Klank-en-Beeld**, Chris Shepherd.

**Ons waardeer julle toewyding!**



## KOM ONDERRIG ONS! OF KOM LEER BY ONS...

DIE ***KOLLIG***-REDAKSIE

BENODIG DIE HULP VAN 'N PAAR INWONERS MET **REKENAARVAARDIGHEID EN KREATIWITEIT.**

Ons sal u oplei om te help met bladuitleg, foto-collages ontwerp, ens.

Ons hoor graag van u.

Skakel of WhatsApp my asseblief:
**Rita Noeth: 083 307-1446.**



## NAALDWERKKLUB

se 2023-afsluitingsfunksie by Adverteerder, Lillies en Limes, was waarlik **uit die boek!** Hulle bedank **Cindy en haar span** wat die heerlike "brunch" voorberei het.

## KOMPLIMENTE AAN KOOP-EN-VERKOOP!




Ek het nog nooit so 'n flinke en vinnige/effektiewe diens ervaar oor die afgelope jare nie!

Hierdie Groep is so 'n groot aanwins vir ons, wat nie meer elke dag in die markplek handeldryf nie.

Ek het nou al 'n paar artikels aangekoop en verkoop en die transaksies binne 'n paar minute beklink – afgehandel, afgelewer en by hulle bestemming!

So word my komplimente oral versprei aangaande die puik diens in ons midde!

**Baie dankie Rita en Ricky!**

**Hettie Dreyer**



## 'N MENS WORD OUD AS –

a. jy nie meer praat van jou linker- of regterknieg nie, maar van die "goeie" of "slegte" knieg.

b. jy na ander van jou ouderdom kyk en dink: "Sjoe, ek lyk seker nie só nie!"

c. jy oefening doen om jou lewe te red, nie om maer te word nie.

d. jou brein sê: "Moet liewers niks sê nie", en jou mond ignoreer dit.

e. jy nie seker is of jy so pas tuisgekom het of op pad is êrens heen nie.

f. jy wakker word en voel soos 'n tjek wat gehop het in plaas van 'n "million bucks".

'n Mens is regtig oud as jou dokter jou nie meer stuur vir 'n "scan" nie, hy hou jou net op teen die lig...

Ingestuur deur **Elsa van Wyk**.

## OEFEN WEER EN LEER NOG 'N PAAR NUWE KORTPAADJIES!

1. Wanneer jy 'n WhatsApp-boodskap gelees het en weer later spesiaal daarna wil kyk, of herinner wil word dat jy een of ander aksie of takie daaromtrent moet verrig, merk dit as "Unread".

Gaan na die skerm met al jou kontakte se gestuurde boodskappe. Druk op die persoon se naam; dit kry 'n groen sirkel met 'n regmerkie. Druk die ⋮ en kies "Mark as unread". Daar verskyn 'n soliede groen kol langs die persoon se boodskap en jy sien dit dadelik raak.

Wanneer jy weer die boodskap gelees het, verdwyn die groen kol outomaties.

2. Jy het 'n lang WhatsApp-boodskap getik en gestuur voor jy agterkom daar is 'n fout of iets kom nog kort, OF jy wil die inhoud van iemand anders se boodskap gebruik en veranderinge aanbring.

Druk op die boodskap. Dit word heeltemal groen en kry die lyntjie met emoji's daarby. Ignoreer die tekentjies en druk die ⋮ regs bo. Die keuse word gestel "Info" of "Copy". "Info" gee meer inligting oor wanneer boodskap gestuur en gelees is. "Copy" maak afskrif van die boodskap. Jy kan die afskrif vir dieselfde persoon of iemand anders gaan plak (paste) in die "Message"-spasie en die boodskap eers regmaak, aanpas of dele uitlaat voor dit aangestuur word.

3. Jy kan aan jouself boodskappe stuur: (Message yourself.)
(a) Notas en dinge om te doen of te onthou. Kies jouself uit jou kontaklys. Tik die boodskap/nota in die "Message"-spasie en stuur.

(b) Iemand se boodskap wat jy wil behou. Gaan in 'n sekere kontak se boodskaplys in, "highlight" die spesifieke boodskap en kies jou naam uit jou kontaklys {Piet (you), Sannie (you)}. Stuur aan jouself, om te onthou.



# DIE BRULLENDE LEEUS RONDOM ONS

**1.** Wanneer jy per E-pos of WhatsApp gelukgewens word met die yslike Erfporsie vanaf 'n Onbekende Familielid wat onlangs oorlede is, of jy het die Oorsese of Plaaslike Lotery gewen (jy het nooit eers 'n kaartjie gekoop nie!) of gelukgewens word met 'n ander wonderlike prys, **PASOP** – dit is te goed om waar te wees!

a. Jy word gevra om op 'n "Link" in te skakel om meer besonderhede te bekom.

b. OF jy word aangesê om 'n bankrekening te open met 'n sekere bedrag daarin en dan te wag op die oorbetaling van jou erfporsie of loterywengeld.

**BLY WEG EN VEE HIERDIE BOODSKAPPE SOMMER DADELIK UIT!**

Dit is net menslik om graag 'n meevallertjie te wil ontvang, maar in hierdie bogemelde gevalle gaan jy in 'n strik van gemene en geharde skurke beland en van jou swaarverdiende spaargeld verloor!

**2.** Die gawe persoon (manlik/vroulik en blank/nie-blank) van "jou bank" se Bedrogafdeling skakel en vra of jy gesien het daar het WhatsApp-boodskappe op jou sel verskyn aangaande 'n paar groot bedrae wat met jou kredietkaart gekoop is. Sommer R10 000 elk, of meer, en transaksies waarvan jy geen benul het nie. Dit maak jou onrustig dat daar met jou bankrekening gelol word, jy is heel benoud en dink dan nie meer helder nie.

Dan begin die gawe "bankklerk" jou uitvra omtrent jou kredietkaart se nommer, die 4 syfers agterop of die Pin-nommer van jou bankrekening. Is jy skepties en steeks om saam te werk, of sê jy jy gaan gou self jou plaaslike bank besoek, kom daar skielik dreigemente dat jy persoonlik verantwoordelik gehou gaan word indien jy hierdie bedrae verloor met jou sloerdery... Skop jy steeds vas en sê: "As jy van my bank was, sou jy mos self hierdie gegewens op jou rekenaar gehad het en die transaksies daar kon stop", sal jy hoor hoe die skelm aan die anderkant van die lyn hom/haar vervies en die telefoon in jou oor neergooi!

**JOU BANK SAL JOU NIE OOR DIE FOON VRA VIR HIERDIE VERTROULIKE EN PERSOONLIKE INLIGTING NIE.**
**SIT DIE FOON DADELIK NEER EN MAAK VIR JOUSELF 'N KOPPIE WARM KOFFIE OF TEE –**
**of ander, sterker medisyne!**

**3.** Jy het 'n woonwa of motorvoertuig in die koerant geadverteer:

Die voornemende "koper" skakel en sê hy wil self die item aankoop of koop dit namens iemand anders aan. Nog hy, nog die ander persoon, kan na jou huis kom, maar vra of jy nie asseblief die voertuig na 'n ander dorp/stad sal bring nie. Die Koper beloof om sommer kontant te betaal of die bedrag dan vanaf sy skootrekenaar direk in jou bankrekening oor te betaal. Jy is bly en dink jou voertuig is verkoop!

Daar aangekom, word jy na die agterstrate gelei, daar verras deur gewapende persone en indien jy jou bank se bank-APP op jou foon het, word jy gedwing om al jou geld na hulle bankrekening oor te betaal. *Ja, daar is soms rewolwers by betrokke...*

Wanneer jy daarna poog om hulle foon te skakel of via jou bank hulle bankrekening op te spoor, is alles netjies gesluit en die geld reeds elders heen oorgeplaas!

**HIERDIE TIPIESE GEVALLE IS DIE WERKLIKHEID!**
**DIT IS 'N RUK GELEDE OP GROOT SKAAL ONDERVIND EN OOPGEVLEK.**
**DIT WAS OOK OP CARTE BLANCHE.**

**4a.** Wanneer jy 'n E-pos of WhatsApp ontvang dat jy agterstallig is met die betaal van jou selfoon, elektrisiteit/waterrekening of kredietkaartafbetaling (sommer R9 000 of meer... en jy weet voor jou siel jy het geen uitstaande skuld nie) dan is daar weer iets onheiligs aan die broei. Die persoon wat jou kontak is glo 'n skuldinvorderingsprokureur en jy word gemaan en gedreig om 'n groot gedeelte van die bedrag sommer onmiddellik per "EFT" in hulle bankrekening oor te betaal om regstappe te vermy. Jy voel geskok, vernederd en benoud!

**4b.** Daar is nou ook skurke wat sê hulle is van MTN se Bedrogafdeling.

**SIT DIE FOON DADELIK NEER EN ONTSPAN!**
**JY HET NOU NET ONTKOM VAN HIERDIE BRULLENDE LEEU SE AANVAL...**

**5.** Die gedurige, teisterende oproepe deur onbekende persone, wat jou R5 of R10 se lugtyd belowe, is nog 'n skelmstreek om te vermy!







**Redaksie**


CareBox
Sometimes all we want to do is send someone a hug and let them know we're thinking about them..
Carebox is a small heartfelt gifting business with a personal touch
Please visit our website: https://carebox.co.za/ or send an email to hello@carebox.co.za
FREE


Kersfees
GROETE
BERGKONINKRYK
GASTEPLAAS
Met kersfees om die draai wil ons vir elke Kokanje lid 'n geseënde feesseisoen toewens.
Mag elkeen die liefde en vrede van God hierdie kersfees en elke dag van 2024 ervaar.
Dankie vir julle ondersteuning gedurende die jaar.
Groete
Jopie en Sulita de Kock
0713540110


MOUNTAIN REEDBUCK NURSERY
MOUNTAIN REED BUCK NURSERY PROVIDES NATURAL ELEMENTS DIRECTLY FROM THE BEAUTIFUL WATERBERG BUSHVELD. WE ARE SITUATED ONLY 12KM OUTSIDE NYLSTROOM ON THE BEAUTIFUL MOLETANI GAME RANCH. WE DELIVER TO YOU PROVIDE YOUR GARDEN WITH A WIDE SELECTION OF NATURAL AND ATHENTIC ELEMENTS LIKE:
MOUNTAIN STONES
QUARTZ/SANDSTONE ROCKS
INDEMIC ORNAMENTAL TREE STUMPS
ALSO: KRAAL KOMPOST, BUSHVELD PLANTS & BONZAI TREES
PHONE HENK @ 0725922105


STUDIO H
THE ART OF HAIR DESIGN
UNISEX SALON
Herman Niewenhuis
Kerkstraat 105, Modimolle
Sel: 061 354-0459









# VOEDKOM:
# BK-LEDE SKEP OP














## SOLIDARITEIT HELPENDE HAND – Nylstroom kry 'n "Ons Winkel"

Het jy al van **"Ons Winkel"** gehoor?

Die "Ons Winkels" is Solidariteit Helpende Hand se groep landswye liefdadigheidswinkels, ook bekend as skenkingswinkels, tweedehandse winkels, snuffelwinkels of ook "thrift-stores".

Hier kan jy jou tweedehandse goedere skenk en dalk self een of twee winskopies raakloop.


Die winste van jou ongebruikte of oortollige items stel Helpende Hand in staat om volhoubare verandering in die gemeenskap te bewerkstellig.

Is daar iets by jou huis of werksplek wat die pad volstaan, of bars jou kas dalk uit sy nate met klere wat jy nie meer dra nie? Skenk dit vir "Ons Winkel" Nylstroom. Jou tweedehandse items skep weer hoop vir ander. "Ons Winkel" Nylstroom is nie sommer net enige winkel nie, hierdie tweedehandse winkel spog met 'n verskeidenheid goedere van goeie gehalte en items teen bekostigbare pryse.

Met die opbrengs van die verkope verskaf Helpende Hand maatskaplike hulp aan die gemeenskap en loods projekte wat gemeenskappe bevorder en ophef. Die "Ons Winkels" skep ook werkgeleenthede en dra by tot studiefondse om studente, wat wil gaan studeer maar dit nie kan bekostig nie, se studiedrome te verwesenlik. Jou item is nie sommer net 'n "item" nie, dit is 'n "**TOEKOMS**"!

Besoek "Ons Winkel" Nylstroom by die Pick n Pay-Inkopiesentrum, 29 Nelson Mandela Rylaan, Modimolle, om jou ongebruikte of oortollige items te skenk of vir jouself 'n winskopie of twee op te raap.

Skenkings kan ook by jou opgelaai word.
Kontak **Heléne Schoeman by 082 891-9098** vir meer inligting.


MANZI™
WATER GIVING LIFE
The Water
REFILL PROCESS
Bring
Refill
Enjoy
Refill at R1.60
SAND FILTRATION
ELEMENT FILTRATION
REVERSE OSMOSIS
CARBON FILTRATION
UV PROTECTION
OZONE TREATMENT
Hervul van Waterbottels
PENSIONARISSE
SLEGS R1-00 PER LITER
Terms & Voorwaardes geld
MANZI
079 743 5023
H/v Thabo Mbeki & Nelson Mandela
Shop 5, Esther Gebou

# DOOR & WINDOW
## CONNECTION

- **Aluminium & Glas Stoep Verandering**
- **Blinders**
- **Muskiet Gaas**

**Kontak ons gerus vir 'n Kwotasie**

**Sonja van Zyl**

**082 454 6250**

**sonja@dwcon.co.za / www.dwcon.co.za**

**24A Dirk van den Bergstraat, Modimolle (Oorkant die Gevangenisdiens)**



PSG Insure

*We wish you a blessed festive season and a prosperous 2024.*


*Ons wens u 'n geseënde feesseisoen en 'n voorspoedige 2024 toe.*

By PSG is ons kliënte die hart van ons besigheid. Vir ons is dit belangrik om jou te leer ken, 'n blywende verhouding te bou en jou by te staan om jou korttermyn behoeftes te verstaan en te help bereik.

**Beveilig jou korttermyn versekering behoeftes met PSG Nylstroom**

**Ons dienste:**

- Welvaartbeplanning
- Versekeringsadvies: Persoonlik
- Versekeringsadvies: Kommersieel



**Sanet Weideman**
Insure Adviseur:
Kommersieel en Persoonlik
**S** +27 (0)83 658 8527
**E** sanet.weideman@psg.co.za



**Thea Posthumus**
Insure Adviseur:
Kommersieel en Persoonlik
**S** +27 (0)67 604 8258
**E** thea.posthumus@psg.co.za

**PSG Insure Nylstroom**
Thabo Mbekiweg 98, Modimolle, 0510 | **T** +27 (14) 717 1036
www.psg.co.za/branch-office/nylstroom-thabo-mbeki-road-98-short-term

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer. RFD 728



PSG Insure

*We wish you a blessed festive season and a prosperous 2024.*

*Ons wens u 'n geseënde feesseisoen en 'n voorspoedige 2024 toe.*

At PSG, our clients are the heart of our business. For us, it's important to get to know you, to understand exactly what you hope to achieve and to build a lasting relationship with you to help you succeed.

**Securing your short-term insurance needs with PSG Nylstroom**

**We offer:**

- Wealth Planning
- Insurance Advice: Personal
- Insurance Advice: Commercial



**Sanet Weideman**
Insure Adviser:
Commercial and Personal
**C** +27 (0)83 658 8527
**E** sanet.weideman@psg.co.za



**Thea Posthumus**
Insure Adviser:
Commercial and Personal
**C** +27 (0)67 604 8258
**E** thea.posthumus@psg.co.za


**PSG Insure Nylstroom**
98 Thabo Mbeki Road, Modimolle, 0510 | **T** +27 (14) 717 1036
www.psg.co.za/branch-office/nylstroom-thabo-mbeki-road-98-short-term

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is an authorised financial services provider. FSP 728.

# KOKANJE – Die Kameel van Aftreeoorde in Suid-Afrika

Sosiale Klubpraatjie deur **Johan Spies**.





Omstandighede en Kokanje se omgewing verander vinnig. Nylstroom was in die verlede bekend as 'n waterryke gebied, vandaar die Waterberge. Die laaste 2 jaar het ons, en die hele land, seker een van die droogste periodes in 100 jaar ervaar en dit gaan waarskynlik nie gou weer terugkeer na "die goeie ou dae" nie. Ons Waterberg-area begin al meer soos 'n woestyn voel. Kokanje se eie watervoorsiening en die onlangse goeie reën, versag die gevoel in 'n mate.

Die droogtekwessie het my laat kyk waar ons in die natuur, en meer spesifiek in die diereryk, kan gaan kers opsteek om die omstandighede ten beste te hanteer.

So het ek op die Kameel afgekom, 'n dier wat die strafste toestande denkbaar met skynbare gemak hanteer. Die arabies vir kameel is "gml", wat as dit vry vertaal word, "mooi" of "pragtig" beteken.

Daar bestaan 'n Kameel Evalueringsstelsel in die Bankwese. Die akroniem (**CAMELS**) staan vir die volgende faktore wat tydens die evaluering gebruik word:

**CAMELS**

**Capital Adequacy**

Voldoende kapitaal om groeiplanne te finansier, die veranderende ekonomiese omgewing te antisipeer en risiko te hanteer.

**Asset Quality**

Dit word gemeet aan die effektiwiteit waarmee die organisasie sy beleggingsbeleid ontwikkel en in die praktyk uitvoer.

**Management**

Hierdie komponent word gereflekteer in die Bestuur se vermoë om risiko uit te lig, dit te meet en te beheer in die daaglikse bestuur van die organisasie.

**Earnings**

Die vermoë van die organisasie om voldoende opbrengs te skep ten einde te groei, kompeterend te bly en kapitaal te laat groei ten einde volhoubaar voort te bestaan.

**Liquidity**

Daar word gekyk na die rente-opbrengs, beskikbaarheid van bates wat maklik in kontant omgesit kan word en die afhanklikheid van korttermyn veranderlike finansiële omstandighede.

**Sensitivity**

Uiteindelik gaan alles oor risiko. Kokanje se Direksie is baie sensitief vir enige risiko's wat Kokanje kan beïnvloed: Ekonomie, politiek, wetgewing ens. Hieraan word deurlopend aandag gegee om sodoende ons as Inwoners te beskerm teen negatiewe veranderinge. Ons Direksie en Bestuur pas bogenoemde deurlopend toe.

**1. Fisiese kenmerke van 'n Kameel**

Die Kameel word ook genoem die Skip van die Woestyn.

**Kokanje – Skip van Aftreeoorde.**

Die Kameel kan vir lang periodes en lang afstande loop oor sanderige grond, duine, heuwels, rotsagtige terrein, waar sandstorms en uitermate sterk winde aan die orde van die dag is, sonder om water of voedsel in te neem.

**Daar is 'n voorwaarde aan verbonde:**

Hy moet voldoende water en voedsel inneem, sodat dit omgesit kan word in vet wat in sy homp gestoor word, vir gebruik in moeilike tye.

**Kokanje-beleggings – u het in die 31 Oktober "Uit die BK" gesien dat ons beleggings tans in die orde van R42M is. Met so 'n homp vol kan Kokanje ver stap in moeilike tye.**

**2. Lyf van die Kameel**

Kamele kan tot 650kg weeg, staan twee meter of meer hoog en is van die groter diere in die diereryk.

**So is Kokanje ook van die groter aftreeoorde in Suid Afrika.**

**Die swaar liggaam het 4 baie sterk bene nodig. Kokanje staan ook op 4 bene, as volg:**

**Been 1** (Linkervoorbeen)

**Visie en Missie, Kokanje se Bestuur, Administrasie en Finansies.**

**Been 2** (Regtervoorbeen)

**Kokanje se Kwaliteit Leefstyl en alles wat aan inwoners se groei gekoppel kan word.**


**Been 3** (Linkeragterbeen)

**Kokanje se fisiese omgewing: Behuising, fasiliteite, infrastuktuur, natuurlike omgewing, ens.**

**Been 4** (Regteragterbeen)

**Kokanje se Versorgingsdiens: Kokanje Eenheid, Tuisversorging, Mediese versorging deur die Inwonende Geneesheer en sy praktyk, en die Ambulansdiens.**

Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.



# KOKANJE – Die Kameel van Aftreeoorde

Sosiale Klubpraatjie deur **Johan Spies** (vervolg).

**'n Kameel se bene het 'n paar besondere kenmerke:**
(a) Die regterkantse 2 bene beweeg saam en die linkerkantse bene ook.
Dit is noodsaaklik dat die linkervoorbeen voor sal loop en dat die linkeragterbeen sal volg en altyd in pas sal bly met die spoed, rigting en rus van die voorbeen.
**Risiko-ontleding, toekomstige volhoubaarheid, gesonde finansiële bestuur, langtermyn beleggings, die vermoë om inkomste en uitgawes te balanseer, tesame met 'n langtermynvisie, (om by oases uit te kom) is die rigtingwysers vir die handelinge van die Kokanje-linkeragterbeen.**

(b) Die linkeragterbeen bly in pas met die linkervoorbeen.

(c) **Die regtervoorbeen gee die leiding in die groei en ontwikkeling van inwoners, ten einde hulle so lank as moontlik fisies en geestelik gesond en in hul huise te hou. Die ongeveer 25 klubs en verenigings speel 'n wonderlike rol en is uniek aan Kokanje. Wanneer die tyd aanbreek, moet die Versorgingsdiens oorneem. Die regteragterbeen moet volg. Versorging kan nie die rol van die voorbeen oorneem nie.**

**Hierdie manier van loop verskaf aan die Kameel 'n besondere vermoë tot soepelheid, ratsheid, lenigheid, behendigheid en balans.**

**3. Pote van die Kameel**
Dit bestaan uit 'n breë kussing van vet en ander vesels, wat bedek word deur 'n dik sool van leer. Dit help hom om gemaklik deur die los woestynsand te beweeg, sonder om in te sink.

**Kokanje se "Pote" beskerm ons teen die veranderende omgewing, sonder om onnodig gebrand te word deur die hitte van die ekonomie, wetgewing en enige ander bedreiging waarvan daar soms eers kennis geneem word wanneer daarop getrap word.**

**4. Oë, ore en neus van die Kameel**
(a) **Oë**
Die Kameel se 2 groot oë kan besonder goed gedurende die dag en nag sien. Lang, sterk ooghare beskerm die oë teen stofstorms en geweldige woestynhitte.
**Goeie risiko-ontledings, sinvolle beleid en effektiewe bestuur sorg dat daar dag en nag goed gesien word en beskerming verleen word aan Kokanje teen onverwagte sandstorms en hitte.**

(b) **Ore**
Kamele het klein ore, bedek met dik hare ter beskerming teen sandstorms. Ten spyte hiervan het kamele 'n besonderde skerp gehoor en kan geluide oor lang afstande optel.
**Kokanje luister en verskerp sy gehoor vir rigtingwysers van binne, sowel as van buite.**

(c) **Neus**
Die Kameel se 2 neusopeninge is dig begroei met hare om woestynsand tydens storms uit te hou, dit blokkeer egter nie die toegang van lug na die longe nie en in 'n sandstorm stap hy reg in die storm in, sonder om daardeur geaffekteer te word.
**So het Kokanje ook al meermale die een storm na die ander suksesvol hanteer.**

**5. Die boggel van die Kameel**
Die uitstaande kenmerk: Voedsel en water word omgesit in vet en in die boggel gestoor. Wanneer die Kameel dit nodig het, word die vet weer afgebreek in water en voedsel en die Kameel se liggaam neem dit op.
**Kokanje se langtermynbeskerming lê in sy vermoë om die boggel te voed, omdat Kokanje self die ontwikkelaar is. Met deurlopende kontantbeleggings, vernuwing en instandhouding van bates en deur so min as moontlik van die inhoud van die boggel te gebruik, deur kostes te bespaar, word die opbrengs aangewend om inwoners tot by die Oase te bring.**

6. **Vermoë om dors te weerstaan en water te spaar**
Kamele kan besonder lank leef sonder om water te drink – gedurende winter en lente tot 4 maande en gedurende die somerhitte tot 4 dae. 'n Kameel sweet feitlik niks. Dit begin eers sweet sodra sy liggaamstemperatuur bo 41° styg.
**Ons, as inwoners, moet Kokanje help om die beskikbare water vir so lank moontlik in die boorgate te hou, sodat dit beskikbaar is in noodgevalle.**

**7. 'n Paar algemene kenmerke**
(a) Dit is bekend dat Kamele maklik op 'n mens sal spoeg. Dit gebeur egter net indien dit bedreig voel en nie versorg en met liefde behandel word nie. Dan reageer sy ingewande en bring kos uit wat letterlik op die "bedreiging" uitgespoeg word.
**Almal van ons moet dus maar Kokanje met liefde behandel, sodat sy ingewande nie in opstand kom nie.**

(b) **Kamele besit nie 'n galblaas nie.** Die afleiding moet dus gemaak word dat dit nie kan gal braak nie.

(c) **Kamele kan vrag van tussen 150 en 300kg dra en moet geleer word om laag te buk, sodat die vrag gelaai kan word.** Soms is hulle humeurig en wil nie buk nie, wat die taak uiters moeilik maak.
**Soms moet ons hier in Kokanje ook maar leer om te "buk", sodat die vrag gelaai kan word.**

(d) **Kamele is baie sosiale diere.** Al word hulle gesien as "eenkant" en stadig, beweeg hulle in die wildernis in groepe van 30 rond, op soek na voedsel en sosiale verkeer.
**Hier in Kokanje kuier ons heerlik saam – veral by die talle funksies wat vir ons gereël word.** ☺

1.



**J U K S K E I**



3.





5.



4.





2.

**HARTLIKE DANK AAN DIE JUKSKEIKLUB –**
die **PRETDAG** was weereens uit die boonste rakke!

**Die pryswenners was baie ingenome met hulle pryse.**

1. Gholfklub.
2. Fotografieklub.
3. Rolbalklub.
4. en 5. Die Brug- en Gimtrimspelers het spesiale pryse verdien.
















# PRETDAG





Die Klank-en-Beeldmanne het die bekendste en vrolikste musiek
uit ons jeugdae opgetower.
Die penne het geval.
Die heerlikste worsbroodjies met tamatie-en-uiesous
en koeldrank het soos soetkoek verkoop.
Familie en vriende het heerlik gekuier! **BAIE DANKIE JUKSKEIKLUB!**


Hunky Dory
DIE BYMEKAARKOM PLEK VIR
VRIENDE, GESINNE en
families...
Kom drink 'n lekker koppie koffie
en geniet 'n lekker stuk
koek saam met jou
geliefdes die feesgety!
Pragtige geskenke, skoene,
klere en vele meer!
117 NELSON MANDELA STREET
MODIMOLLE
083 490 8598

RUG PROBLEME?
Cloud Nine
beds for the rest of your life
BEDDENS WORD TEN VOLLE ONDERSKRYF DEUR DIE
VERENIGING VAN CHIROPRAKTISYNS
VAN SUID AFRIKA
As inwoner van Kokanje wil ek u graag bystaan met die volgende
- Keuse van regte bed
- Waarborg verduidelik
- Aflewering reël
- Spesiale prys beding
Rest Assured Also Available
International Traders
Pieter Knoetze, Kokanje 57F
079 041 2878

BRING ADVERTENSIE SAAM
VIR 10 % AFSLAG!
Tel: 082 475 7202
Your Hairdresser by Duncan
Ladies and Gents Stylist
Bergstryd
Singel
No 7
PicknPay
Centre
KFC
MBT
Pepe's
Isuzu
5
Gewels
STOP
To Vaalwater
To N1
Van Riebeeck
LS
Eenheid
Paul Kruger str
Bakker str

Mans Haarsny
Dames Haarsny
Blowave
Set
Tint / Hi-light
Perm
KE asook Huisbesoeke beskikbaar indien
dit nie moontlik is om Salon toe
te kom nie.
Skakel gerus of kom loer sommer in
om u afspraak te maak.
Besigheidsure
Maandag - Vrydag
7:30 tot 12-30
Eloisa
Tel: 082 466 6806
Salon Kokan Mari









**VOEDKOM:**

**BK-LEDE SKEP OP**








Lilies & Limes
COUNTRY SHOP & RESTAURANT
Country Shop & Tea Garden
Homemade Cakes, Pies & Ginger Beer
Functions and Platters
Local Arts and Crafts
SEE YOU SOON!
Cindy - 072 341 6117
Monday - Sunday: 08:00 - 17:00
Licensed.


Mag die vakansie gees julle harte en huise vul met warmte, want ons bring die "koel" atmosfeer.
Van ons by Eco Renergy aan julle familie – mag julle 'n geseënde Kersseisoen hê.
Totsiens aan 2023, Eco Renergy bring "lig" vir 2024!
Kom loer in by ons elektriese winkel, VFOUR Wholesalers vir al julle solar, lugreëling en kragopwekker benodighede.
ECO RENERGY
NYLSTROOM
Hammies
082 487 3509
Harkem
066 234 9593

## OUDWORD...

# GEBED:

Here, U weet beter as ek dat ek ouer word en dat ek eendag oud sal wees.

Help my dat ek nie praatsiek word nie en behoed my veral van die noodlottige gewoonte om iets te móét sê oor elke onderwerp en by elke geleentheid.

Verlos my van die behoefte om alle ander mense se sake te reël.

Hou my gees vry van die relaas van nimmer-eindigende besonderhede.

Gee my vleuels om die kern van 'n saak te kan stel.

Ek vra genade om na die verhale van ander mense se kwinte en kwale te luister. Sluit my lippe as ek oor my eie kwellinge wil uitwei.

Hou my redelik goedgeaard, want 'n iesegrimmige oumens is een van die duiwel se pronkstukke.

Bewaar my van skynheiligheid en heilig my lewe.

Maak my bedagsaam, maar nie kruiperig nie, hulpvaardig, maar nie baasspelerig nie.


As ek dink aan die skat van wysheid waaroor ek beskik, lyk dit vir my jammer dat ek dit nie met almal kan deel nie. Maar leer my, Here, die groot les dat dit tog af en toe moontlik is dat ek my kon vergis het.

Ek vra dit, o Here, want U weet dat ek aan die einde nog 'n paar vriende wil oorhê!

**Anonieme Non.**



Ingestuur deur **Gerhard Keyter**.



## JONKBLY...



**My buurman, Mervin Burger, het 'n kostelike spotprentjie van jare gelede ontdek, asook 'n bypassende gediggie geskryf, ten tye van die destydse viering van die boom van die jaar, die Krinkhout.**

Ek is van mening dit is gepas, humoristies en tong-in-die-kies – geskik vir publikasie in hierdie ***KOLLIG***.



Groetnis,

**Gerhard Keyter**.

## "BOOM VAN DIE JAAR"

"Dit" is die gang van die natuur,
maar dalk is daar nou 'n wonderkuur.
Die land is in rep en roer...
almal wil met krinkhout boer.
Maar die boom groei uiters stadig
as jy die wortels te dikwels beskadig.

Krinkhout, sê "hulle", is viagra se moses
as jy kom by die regte dosis.
Al wat jy doen is om die wortels te eet,
'n geheim wat die oumense lankal weet.
(Dis my vertolking
as jy kyk na die talryke kinderbevolking.)

Wat hulle nou wetenskaplik wil bepaal,
om weer iets van die jeug te herhaal,
is of daar enige waarheid in steek,
en of daar iets aan die Westerse "kennis" ontbreek.
Lanklaas was 'n boom so besonge.
Die wortel se vermoë op almal se tonge.

Dit doen glo wondere vir die gees,
om nie eers te praat van die vlees,
want die krinkhoutboom wat stom is
(so sê hulle) maak weer reguit wat krom is.
Ons sal maar moet wag en sien of dit waar is,
Die geheim wat so lank bewaar is.

**Mervin Burger**

# NUWE INTREKKERS/NEW RESIDENTS 1.

**CHRISTO** en **LUNDA BADENHORST** (née LOURENS). Huis 35B. **A1.**

Christo en Lunda het in Leloko Estate naby Hartebeespoortdam gewoon en hulle beplan om gou by alles in te skakel.

Hier is nasorg/versorging wanneer en indien dit nodig is en dit het hulle gehelp met die besluit om hierheen te verhuis.

Lunda hou van naaldwerk en brei. Hulle kampeer en stap graag.

Christo was Projek/Mynboubestuurder by verskillende myne en Lunda was 'n Tandartsassistente.

**HENDRIK (BARRIES)** en **TINA-MARI BARNARD** (née BURGER). Huis 22A. **A2.**

Hulle het voorheen in Secunda gewoon en ken vir Tinka van Dyk, Anne-Marie en Wim Meyer, Hannetjie Boshoff en mnr. en mev. Van der Walt.

Die veilige, rustige klimaat en al die vriendelike mense in die pragtige Bosveld het hulle laat besluit om in Kokanje te kom aftree. Hulle gaan sommer gou-gou inskakel by 'n klompie van die bedrywighede.

Tuinmaak, teken, skilder, lees, houtwerk en fietsry is hierdie afgetrede Laerskool-onderwysers se stokperdjies.

**ROELOF** en **PETRA BURGER** (née VERMEULEN). Huis 26A. **A3.**

Die tweetjies kom van Kempton Park. Hulle het reeds nuwe vriende gemaak.

Die Bosveld-klimaat en die "Lock up and Go"-fasiliteit in Kokanje was deurslaggewend vir hulle besluit om hier te kom aftree.

HoeSo!? en Digifoto van Korek, die Voetslaanklub en die Bybelstudie van die NG Oosgemeente is waar hulle betrokke gaan wees.

Hulle belangstellings/stokperdjies is toer, fotografie en naaldwerk.

Beide was in die Onderwys.

**FRIKKIE** en **ANITA BUYS** (née VAN DER WALT). Huis 85F. **A4.**

Hulle het voorheen in Centurion Gholf Estate gewoon. Hulle is van plan om gou nuwe vriende te maak, nadat hulle nes geskrop het.

Die afskaal en gemakliker, eenvoudiger lewe is hulle voorland. Die Kokanje-Versorgingseenheid was 'n baie belangrike oorwegingspunt vir hulle.

Anita maak graag tuin en Frikkie speel gholf.

Anita was in die Onderwys en Frikkie in Meganiese Ingenieurswese.

**KARIN COETZEE** (neé JORDAAN) Huis 56A. **A5.**

Dié voormalige Onderwyseres van Pretoria en haar man het reeds in 2019 besluit om na hulle aftrede van die stad afskeid te neem en Kokanje hulle nuwe tuiste te maak. Die mooi omgewing en natuur, bekostigbare versorging en sekuriteit was groot oorwegings vir die besluit.

Karin se man is egter in 2021 aan Covid-19 oorlede en sy moes die skuif hiernatoe alleen maak. Die aanpassing is baie makliker gemaak omdat sy reeds vriende en kennisse in Kokanje en die dorp gehad het (Petru Smit, Jannie en Heloise v.d. Hoven, Marthie Olivier en Nick en Rita Noeth). Sy het ook nuwe vriende gemaak sedert haar intrek. Sy is 'n flukse stapper en daar is 'n aantal Kokanje-klubs waarby sy oorweeg om aan te sluit. Sy geniet dit om haar net te verlustig in die daaglikse besoeke van al die oulike vierpotiges en geveerdes.

Sy het haar tuin al beplan en lees en doen graag naaldwerk.

# WELKOM!

Hieronder verskyn Inwoners aangedui as Egpaar **A1**.



Regs, van links na regs: Inwoners aangedui as **A2 tot A5**.



## NUWE INTREKKERS/NEW RESIDENTS 2.

**WIEHAHN** en **JOHANNA COETZEE** (neé Lotz) 101E. **B1.**

Hulle kom van Bela Bela en hulle familie/vriende is: Joey Pienaar, Mike en Kosie Hattingh, Francois en Dalene Ferreira.

Hulle hoofredes om in Kokanje af te tree: Om veilig en gerus hier gevestig te wees en, wanneer dit eendag nodig gaan wees, van die KE gebruik te maak.

Die Sakeman en Huisvrou is wynproewers.

**ANDRE** en **NORMA FICK** (neé Papendorf) Huis 20C. **B2.**

Hulle kom van Honey Hills op die Wesrand.

Nico en Esme de Klerk is hulle swaer en skoonsuster.

Hulle het deur familie, vriende en Google gehoor dat Kokanje die ideale aftreeplek is.

Hulle sal nog inskakel en stel belang in lees, voëlkyk en vele ander dinge.

Hulle het by SAL en WNNR gewerk.

**SHARON HEALEY** (néé Bowie). House number 23C. **B3.**

Sharon is from Cape Town. Her sister Marilyn Scholtz lives here. (Other family lived here before.)

She chose to retire in Kokanje because of the excellent frail care facility.

Sharon was a Private Secretary and already play bridge and do line dancing. She also joined the library and garden club because she loves gardening and reading.

**DIRK** en **JOUNA KRUGER** (neé Van der Schyff) Huis 62D. **B4.**

Hulle kom van Kempton Park en is Bosveldmense. Kokanje bied hulle alles waarna hulle gesoek het in 'n Aftreeoord.

Hulle het by die kerk ingeskakel en hulle bure al leer ken.

Dirk speel snoeker, hulle stap graag en gebruik oefenmasjiene om fiks te bly.

Dirk was 'n kwaliteitbestuurder (Health & Safety) en Meganiese Ingenieur.

Jouna was 'n Eiendomsagent en het Au Pair-werk gedoen.

**PETRU SMIT** (néé Meyer). Huis 63A. **B5.**

Petro kom van Pretoria. Jannie en Heloise van der Hoven is haar familie in Kokanje en hulle help haar om in te skakel by verrigtinge.

Kokanje se mediese fasiliteit het vir haar die deurslag gegee om hier te kom aftree. Sy was self in die Verpleegberoep.

**MARTIE** en **BLACKIE SWART** (neé Fouché) Huis 90D. **B6.**

Die Geoloog en die Onderwyseres het voorheen op Humansdorp gebly.

Sandra en Andries Pretorius het hulle van Kokanje vertel.

Martie en Blackie getuig dat Kokanje werklik met hulle gepraat het – die natuur, die samesyn, al die baie voordele en talle klubs/komitees om by in te skakel.

Hulle gaan saam aansluit by die Tuinbouklub en Martie by die Dames- en Naaldwerkklubs.



Links verskyn Inwoners aangedui as Egpaar **B1**.

**WELKOM!**

Onder, van links na regs:
Inwoners aangedui as **B2 tot B6**.





# KOKANJE-GHOLFDAG

3de Prys Wenners.



4de Prys Wenners.



5de Prys Wenners.



6de Prys Wenners.

Organiseerders:

Anina, Charl en Wilmarie & Johan.





**AL DIE DEELNEMERS HET DIE KOKANJE-GHOLFDAG BAIE GENIET!**
(Hierbo verskyn die Kokanje-Inwoners en hulle spanlede –
hulle het pragtige pryse losgeslaan.)

**GROOT DANK AAN AL DIE BORGE!**

# MAUREEN SE VERHAALTJIES
# VANUIT DIE VERSORGINGSEENHEID (KE)




Die hele wêreld was in rep en roer! Ons staan bankvas agter ons Springbokke en ons is trots op ons sterre in

**GROEN EN GOUD!**

Ek kom van 'n sport-lief familie, maar is self oorgeslaan. Pa Piet Quin het sy vormingsjare in Kollegehuis (op die kampus) deurgebring en eerstespan rugby was sy kos! Ma se broer, Eric Grimbeek, het 'n Olimpiese rekord in Berlyn (1936 – Atletiek) verwerf!

Terwyl ek op Tukkies was het ek met Frik du Preez en Mannetjies Roux en hulle mannewales te doen gekry en selfs my ouers se 2 brakke is later jare Frik en Siddie (Nomis) gedoop.

Al mymerend en verlangend wonder ek hoe jarelange vriendinne Marie du Plessis, Marita Prins en Colleen Altern vaar in hulle nuwe omgewings in ander aftreeoorde waarheen hulle onlangs verhuis het. Sal ons ooit werklik weet en besef wat die redes vir hulle verhuisig was? Finansies, kinders, mediese behoeftes of versorging?

Ons klompie hier in die KE nooi die hele Kokanje uit (veral persone wat dalk skepties is) om gerus 'n begeleide toer saam met ons Maatskaplike Werkster, Henriëtte Els, aan te vra. Dan sal julle ook eerstehands sien hoe wonderlik ons versorg word en hoe pragtig Hester Bester se lushof werklik is! Wanneer die ligblou gordyne oopgeskuif word, is daar 'n rustige bewuswording van die Groot Tuinier se invloed. Agterna, doen gereeld 'n goeie daad, kom loop 'n draai op jou eie – ons waardeer dit so – en kom gesels oor die goeie ou dae en die vriendskappe wat hier gesmee is terwyl skouer-aan-skouer en met entoesiasme in Kokanje gewerk is. Ons sien uit na persoonlike "hot off the press"-nuusbrokkies en wil graag ingelig word aangaande sosiale gebeure in Kokanje.

(Maureen mis die ***KOLLIG*** Light wat altyd tussen ***KOLLIG***-tydskrifte verskyn het en alhoewel sy die nut van Kokanje-Blitznuus sien en waardeer, vind sy dat daar tog 'n groot leemte gelaat is wat betref deurlopende en vars nuusbrokkies in ons Oord. **Red**.)

Dozie sing saggies in die agtergrond: "Ek vat dit dag vir dag, so eenmaal op 'n slag..."

Die BK-inligtingsbrief het die belangrike en gerusstellende inligting bevat: **"Die Finansies is gesond!"**

As die rooikophoutkapper (wat 2 dae getimmer het aan die nessie vir vroulief) net weer sy opwagting wil maak, is die sirkel van volmaaktheid voltooi.

**Maureen Neethling**



# WELKOM IN KOKANJE!

Op 5 September 2023 het 'n groepie dames (onder leiding van Kitty du Preez) van Moepelstraat 'n spesiale verwelkomingstee gereël om **Anita Buys**, die nuwe Intrekker in 85F, in hulle midde te verwelkom. Dit was 'n heerlike oggend van samesyn en "leer mekaar beter ken", wat gepaard gegaan het met die smaaklikste eet- en drinkgoed.

**Denise Prinsloo**





**Van links na regs:** Ina Randles, Anita Buys, Laura Mouton, Kitty du Preez en Ann Potgieter.
**Voor:** Denise Prinsloo.
**Inlas:** Cecile van Deventer.

# AS EK MAAR NET…

'n Versugting na iets wat 'n mens nie op daardie oomblik kan bereik of kan beleef nie word verwoord in 'n wens wat soveel mense so graag uitspreek op soveel verskillende maniere gedurende hul korte bestaan hier op Moeder Aarde.

Met my het dit alles begin toe ek een middag op die agterstoep vir Ma gewag het om huis toe te kom. Ek wag vir die dik stofstreep van die rooi skoolbus wat in die verte sigbaar word. Sy was 'n "juffrou" in die Grootskool. Vanuit die verte, saam met die rooi stofwolk, breek die eerste gedagte van onvergenoegdheid deur my kindergemoed:

"As ek maar net in die Grootskool kon wees, dan sou ek nie meer so afgeknou word deur Ouboet nie. Ek sal dan met boksterte in die wind soos 'n ribbok oor die rooi stoepe dartel en vry wees van 'n vervelige dag tuis. Ek sal ***Wilson***-toffies en taai tameletjie by die snoepie koop en skelm ***Vicks***-kougom by Pietertjie ruil vir 'n ***Nickerball***. Ek sal 'n groot borrel blaas wat bars en vasklou teen my neus en swart lippe en tande kry van lang slierte ***Liquorice***. Ek sal die mooiste Bloemlesing in die klas maak met gediggies en versier met sterretjies, blomme- en blinkertjieplakkertjies. Ek sal elke opskrif maak met ***"stencils"*** en verder sal inkstempels dit afrond. Ek sal mooi tussen die lyne skryf met my potlood om 'n groot goue ster by Juffrou Lemmer te verdien. Ek sal self my das en skoolbelt knoop soos Pa my geleer het en my skoenveters dubbeld knoop, sodat dit nie loskom as ons touspring nie."



Eendag op die speelgrond met langpouse hoor ek myself fluister: "As ek maar net in die Hoërskool was, dan sou ek Kuns kon neem om snaakse landskappe en verdraaide vorms in ondenkbare kleure te skep in 'n wonderlike droomwêreld van 'n irrasionale werklikheid. Ek sal kan hokkie speel en ***vis en "chips"*** by die snoepie koop en langpouse skool ***"slip"***, en as ek op heterdaad betrap word, sê dis om 'kunswerke by die huis te gaan haal'. Ek sal dan by Tannie Pop die lekkerste toebroodjies kry en die hele middag giggel en "as ek groot is"-wense deel. Ek sal ***"weird"*** opstelle skryf en in die biblioteek boer om alles te lees wat voorkom. Ek sal Wiskunde afskryf by ons eie ***Einstein***, Marlien, en ontploffings veroorsaak in die Wetenskapklas. Ek sal kyk hoe paddas gedissekteer word en groot moeite doen met potloodsketse van die sprinkaan en varingblare. Ek sal 'n lang appelkoospienk ***chiffon***-rok aanhê vir die matriekafskeid en ek sal baie ***"boring"*** wees om nie na die ***"after party"*** te gaan nie."

Gedurende Oktober van daardie jaar spoel die ou gevoel weer oor my siel: "As ek maar net klaar met skool was en op universiteit kon wees. Dan sal ek opgewonde die amper grootmenswêreld aandurf met hoë wighakskoene, "***bell bottom jeans***" en my leertoutjiehangertjie met die ***hippie "peace"-teke***n daaraan. Ek sal my lang hare los dra en joolblaaie verkoop in die drankwinkels en ***"sport bars"***. Ek sal deurnag papierblommetjies vou vir die vlotte en langarm sokkie met Vishuis se manne en Reitz-monsters sal ons meisies in die swembad gooi voor oggendklas. Ek sal ***"pies"*** met ***"chips"*** en ***"gravy"*** by die kafeteria eet en 'n paar kilogramme swaarder weeg terwyl ons middernagfeeste hou met Ma se boerebeskuit en koffie. Ek sal baie vinnig leer eet as 'n koshuisbrak en ook leer om self my wasgoed te was. Ek sal ook leer waar geld vandaan kom en elke aand in die Biblioteek werk by die fotostaatmasjiene om die helfte van my klasgeld te betaal. Ek sal deurnag ***swot*** en die kiewiete hoor skreeu drieuur in die môre.

Dan is ek weereens onvergenoegd en dagdroom met: "As ek maar net my graad gekry het en permanent werk, sal ek my eie geld verdien en die arbeidsmag ten volle betree. Ek sal kinders kry terwyl ek werk en verder studeer.

Ek sal saam met die pa van my kinders 'n huis bou en gerieflik lewe. Ek sal hulle onafhanklik grootmaak en hulle sal geen probleem vir ons, as ouers, inhou nie. Hulle sal soet en oulik bly en hard studeer om ook eendag universiteit toe te gaan om volwaardig hul plek in die samelewing vol te staan."


## AS EK MAAR NET…
**(Vervolg.)**

Maar helaas – hier loop dinge lelik skeef en ek dink: "As ek maar net geweet het hoe wispelturig en gekompliseerd die grootmenslewe is… Pa het my regtig nie gewaarsku teen verbrokkelde verhoudings, tienerkinders, motorongelukke en ontwortelde bestane nie. Beloftes, geloftes en drome word afgebeitel tot 'n verwronge werklikheid van hartseer, pyn en ontnugtering. As ek maar net geweet het hoe om al hierdie fisieke en emosionele aanslae van die lewe te kon verwerk, dan sou ek deur alles deur die goue draad van die Groot Beskikking in elke lewensgebeurtenis kon raaksien om weer na ander mense se foute, swaarkry en pyn deur 'n bril van wysheid en meelewing te kyk."

En dan is dit die leënessindroom. Die kinders het besluit om suidwaarts weg te trek – uit onder Ma se vlerk. Elke kind kies hoe sy/haar grootmenslewe moet lyk en elkeen maak sy/haar eie keuses in die lewe. Dan kom dit weer soos 'n stortvloed trane oor my: "As ek maar net kon, dan sou ek al die klippe van seer, pyn, hartseer, foute en ontnugterings vir hulle uit die pad wou rol. Ek sal, as ek kon, altyd keer dat hulle nie dieselfde foute as ek maak nie, dat hulle reg sal kies, reg sal leef en reg sal glo. Dat hulle nooit hoop sal verloor nie en dat hulle altyd hul bestemming met dankbaarheid sal aanvaar. Ek sou al die lewenslesse wou oorplant in hulle harte en wese om vir hulle die geskenk te gee van die Wysheid van die Grysheid terwyl hulle nog jonk is. Maar dan hoor ek 'n innerlike stem wat duidelik fluister: "Onthou tog elkeen moet sy eie lewenspad loop en somtyds sal hul struikel en val, of selfs geskop word terwyl hul in die modder lê. Hulle sal hulself uiteindelik ook kaalgestroop in hul eie verwronge realiteit bevind, en dan weer opstaan en hulle eie menswees en selfverwesenliking ervaar."

Skielik sien ek dan 'n onsigbare ligstraal wat deur donker takke helder kom skyn tot hier diep binne in my siel. Die warm gloed omvou my wese en ek besef my lewe was en is presies soos dit bestem is. Al die 'as ek maars' deur my lewe het ek beleef net soos dit moes gebeur. Die tye toe ek die pad byster geraak het of gesloeg het oor growwe klippe van swakheid, het die Groot Padpredikant langs die pad my met onsigbare hande weer teruggedra tot op die presiese plek op die pad waarlangs ek moes loop – 'n Pad wat net ek en ek alleen kon stap. Maar toe het die Rigtingwyser iemand op my paadjie kom neersit wat saam met my die pad verder kon aanpak, sodat ons mekaar se hande kan vashou in ons reis na die Onbekende.

**Hannah Esterhuyse**








**The drive to develop others**

**is a higher calling and a true giver of hope.**

Kalzir Chairperson, **Sarah Thabethe**.



# MY SOUL IS IN A HURRY

Mario de Andrade

I counted my years and realiz-
ed that I have
less time to live than the time
I have lived so far.
I have more past than future.

**I feel like that boy who had a bowl of cherries:**

At first, he gobbled them,
but when he realized that
there were only a few left,
he began to taste them inten-
sely and passionately.

I do not have time for endless
gatherings
where statutes, rules, proces-
ses,
and internal regularities are
discussed,
knowing, that nothing will be
achieved.

I don't have time any more to
bear absurd people,
who despite their age have
not grown.

I don't have time any more to
fight the mediocrity.
I don't want to participate in
conversations,
where inflated egos are
parading.

I can't stand manipulators
and opportunists.
I am annoyed by those envi-
ous people,
who seek to discredit the
most able,
in an attempt to take over
their position
and seize their talent and
success.

My time is too short to
discuss headlines.
I'm aiming for the essential,
as my soul is in a hurry –
not so many cherries left.

I want to live close to people
who are "human"
Humans who laugh at their
own weaknesses
and are not terribly conceited
about their success.
Humans, who do not consider
themselves
elected before their time.
And humans, who take res-
ponsibility.
Humans, who defend human
dignity
and who are willing
to stand for truth and upright-
ness.
It is this, that makes life worth
living.

I want to surround myself with
people,
who understand,
how to touch the hearts of
others.
People who have learned
through life's hard punches
to grow by tender touches of
the soul.

Yes, I am in a hurry.
I am in a hurry to live
with the intensity that only ma-
turity can give,
I do not intend to waste any of
the remaining cherries.
I am sure they will be
exquisite,
much more than those eaten
so far.

My goal is to reach the end –
contented.
At peace with myself, my
loved ones
and my conscience.
We have **TWO** lives,
and the second one begins
when you realise
that you only have **ONE**.



# DIE LAASTE BEEN VAN DIE LEWE

Tyd het 'n manier om te vinnig te beweeg... Hoe het ek so vinnig hier uitgekom en waar is my jeug heen?

**Interessante feite en raad:**
Om te stort is 'n belangrike teiken vir die dag en om 'n middagslapie te neem, is nie net meer 'n bederfie nie.

Ek is ontsettend bly oor dinge wat ek gedoen het en jammer oor dinge wat ek nagelaat het om te doen. Dus, doen vandag al die aangename dinge wat jy kan en sê nou aan jou geliefdes wat jy wil hê hulle moet weet en eendag van jou moet onthou.

Dit is gesondheid wat die ware rykdom is en nie besittings en eiendom nie.

Jy mis die dae toe alles eenvoudig gewerk het met slegs 'n AAN- en AF-skakelaar.

Oud is gemaklik en goed. Oud is veilig. Ou liedjies, flieks en die beste van alles – Vriende van Ouds.

Dit is nie wat jy versamel nie maar wat jy uitstrooi, wat vertel watter soort lewe jy geleef het.

Samevatting van artikel ingestuur deur **Elsa du Plessis**.



(Ons betuig ons innige meegevoel met Elsa – haar man, André, is onlangs oorlede. **Red**.)

# En nog 1 001 ANDER GEBEURE IN KOKANJE...






**Frans van Effrink** (Bestuurder Vaste Bates) en **Japie Badenhorst** van Bate Konstruksie oorhandig die sleutels van die KE se nuwe Afdeling F aan **Suster Patricia Snyders**. Regs: Die Lintknipseremonie.



**ANINA PRETORIUS (Bemarkingsbestuurder) SE TROUE**
13/10/2023.

**Amia** en **Jaco** by Ma **Anina** en **Paul Sauerman.**


**Vele gelukkige jare julle toegebid!**




**Maks Verhage** en **Rina Chisholm** word hartlik geluk gewens met hierdie prestasie!




Uitstalling in die voorportaal om die **Afrikaanse Bybel** se **90ste** bestaansjaar te vier.
(Augustus '23.)




**Braam Beneke** se nuwe (2de) Afrikaanse Digbundel.

(R130. Marita: 072 823 7221.)



**Baie geluk, Braam!**




**Liza Oosthuize**n se **Snoepie** bestaan al **18** jaar. Haar ma, Johanna, was eers die bestuurderes.

**BAIE GELUK LIZA EN MARIE!**



**Marie Boshoff** op haar **100ste Verjaarsdag!** Dogters **Ansie Nobbs** en **Elmarie van Aswegen** het vriende en familie uitgenooi na die funksie in die KE se Sonstoepvertrek.

OUMA'S LAUNDRY

082 858 7748

Modimolle
12 Wolmarans str

Monday-Friday
7:30-17:00

NELDA
FASHIONWEAR



**SEISOEN VAN MODIEUS WEES IN 2023**

**Nelda: 062 865-1246**

**Olienhoutstraat 25**


Daar is pragtige uitrustings vir elke geleentheid.

**Kom loer gerus in!**

Kaartfasilieit beskikbaar.

## ONS Q VIR JOU!

> Het jy getrek
en wil jou voertuie registreer
in Limpopo?
> Of wil jy net jou lisensieskyfie hernu?
> Het jy 'n nuwe motor gekoop en wil dit
registreer en lisensieer;
nuwe nommerplate maak;
of 'n voertuig van jou naam afhaal?



**Kontak my gerus!**
Vir enige navrae oor motorlisensies:

**Skakel of WhatsApp**
**Susan Weber: 079 531 5027**
of kom sien my by
die Kokanje administrasiegebou.

TUCK SHOP

**LIZA SE GERIEFLIKE SNOEPIE / KIOSK**



060 995 8120 & 063 716 8823

Maandag tot Vrydag (behalwe vakansiedae):
09:00 – 13:30.

Heerlike voorbereide etes vir saans of naweke.
Groot verskeidenheid gebak (bv. Koekies, beskuit en hoefies), konfyte, lekkers en droë vrugte.
Lugtyd en data.
Hervul u waterbottels.
Beeld koerant daagliks en verskeidenheid tydskrifte week/maandeliks.

Kruideniers aankoopdiens beskikbaar.
Skinkborde met soet- of southapies word spesiaal voorberei.
Kaartmasjien beskikbaar.

SIEN JOU GRAAG!

# KEURIGE KERSFEES-KOSSIES

## RYK AMANDEL-KOEKIES




**BESTANDDELE:**

| | |
|---|---|
| 250 ml | Koekmeel (140 gr) |
| 250 ml | Mielieblom (120 gr) |
| 250 ml | fyn Amandels (100 gr) |
| 60 ml | Strooisuiker (52 gr) |
| 2 ml | Vanieljegeursel |
| 2 ml | Sout |
| 200 gr | sagte Botter of Margarien |
| 5 ml | gerasperde Suurlemoen-skil (opsioneel) |
| ± 45 ml | Versiersuiker – om koekies in te rol. |

**METODE:**

1. Sif droë bestanddele en meng met al die ander bestanddele, behalwe die Versiersuiker.
2. Vorm balletjies met teelepel en plaas op gesmeerde bakplaat.
3. Bak vir 30 – 35 minute by 160°C.
4. Laat effens afkoel en rol in versiersuiker.

**JOHANNA GRIESEL**




## SOETSUUR BEETSLAAI

**BESTANDDELE:**

| | |
|---|---|
| 2 kop gaar | Beetblokkies |
| 1/3 kop | Suiker |
| 1 | Appel, geskil en geblok |
| 1½ tl | Maizena |
| ½ kop rou | Pynappelblokkies |
| ¼ kop | Water |
| ½ kop | Ertjies, vars |
| 1/3 kop | Asyn |
| 1 tl | Ui, gerasper |
| 2 tl | Botter |
| 1 eetl | Pietersielie |
| ½ tl | Sout. |

**METODE:**

1. Meng suiker, Maizena en sout saam.
2. Voeg die water en asyn by.
3. Bring tot kookpunt en kook 5 minute lank.
4. Roer die botter by.
5. Gooi beet, pynappel, appel, ui en ertjies in die sous.
6. Meng goed.
7. Kook 'n rukkie.
8. Bedien met pietersielie bo-oor gestrooi.



**SUS PIENAAR**



## APPELTERT

**BESTANDDELE:**

| | |
|---|---|
| 1 groot blik | Tertappels |
| 2½ kop | Koekmeel |
| 125gr Rama | Margarien |
| 1 kop | Suiker |
| 1 dessertl | Bakpoeier |
| Knypie | Sout |
| 1 | Eier. |

**STROOP:**

| | |
|---|---|
| ±3 eetl | Bottter |
| ±3 eetl | Stroop. |

Smelt saam.

**METODE:**

1. Meng suiker, margarien en eier saam. Klits.
2. Meng meel, bakpoeier en sout saam. Sif dit by eiermengsel en meng. Dit vorm stywe deeg.
3. Smeer groot Pyrexbak met botter. Sprei appels egalig in tertbak. Sny kleiner indien verkies.
4. Skep die deeg oor die appels, totdat die appels bedek is. Klein lepels per keer.
5. Bak ± 35 minute teen 180°C.
6. Drup die botter en stroopmengsel oor die tert sodra dit uit die oond kom.

**LEONIE McCAL-LAGHAN**



## VINNIGE JOGHURT-TERT

**BESTANDDELE:**

| | |
|---|---|
| 1 kg | Double Cream Joghurt (Lancewood Coconut of ander geur) |
| 1 blik | Kondensmelk |
| 1 pak | Tennisbeskuitjies. |

**METODE:**

1. Plaas tennisbeskuitjies onder-in 'n medium tertbak.
2. Meng die joghurt en kondensmelk saam en plaas in mikrogolfoond vir 5 minute op volsterkte. Roer af en toe.
3. Gooi dit oor die tennisbeskuitjies in die bak en strooi beskuitjiekrummels bo-oor.
4. Plaas oornag in yskas.

**ANTOINETTE KRUGER**



**Al bogenoemde disse kan feestelik versier word met een of meer van die volgende: Pietersielie, groen/rooi piekeluitjies, groen/rooi versuikerde kersies, vermicelli of droëvrugte.**

## OMGEWINGSBEWARING

# VRIENDELIKE UITDAGING AAN ALLE TUINIERS

Toe ons voorouers in Afrika geland het, was dit 'n groot uitdaging om die wildernis te tem en sover as moontlik van hul voordeure af te verban. Hulle het dus die mees eksotiese plante vanoor die hele wêreld ingevoer en in hul tuine geplant. Dis dié dat daar omtrent nie 'n plaashuis in Suid-Afrika is waar daar nie 'n Jakaranda, 'n "Leopard Tree" of Kapokboom staan en waar Bougainvillea nie ekstra kleur verskaf nie. **Wonderlik mooi!** Voor ons ons oë kon uitvee, was daar van die wildernis nie veel oor nie. Dis eers teen die laat 18de eeu dat die wêreld tot besinning gekom het en die noodsaaklikheid om die natuur te bewaar, besef het.

Ook in Suid-Afrika is daar pogings aangewend om tuiniers te oorreed om meer inheemse plante in hul tuine aan te plant. Ongelukkig was dit met weinig sukses. Waarskynlik omdat tuiniers onnadenkend voortgegaan het met "hoe dit altyd in die verlede gedoen is". Onkunde en die mooiheid van sekere uitheemse plante het natuurlik 'n ook groot rol gespeel. **Maar kan mooiheid nog langer die enigste kriterium wees vir die keuse van plante en bome in Kokanje?**

In die lig van die kruipende dood van ons Bosveldomgewing en die geleidelike vervanging daarvan met aanplantings wat meer hoort in voorstedelike tuine, wil ek dus **die volgende 8-punt uitdaging aan alle Kokanje tuiniers rig:**

1. Raak **ONMIDDELIK** ontslae van alle uitheemse **INDRINGER-PLANTE,** al is hulle hoe mooi. Ons grootste probleme in Kokanje is: Lantana, Aartappelrankers en Begraafplaasblomme. In ons natuurgebiede is Kakiebos, Knapsekêrels, Satansbos (Bitterappel), Luisbome, "Pom Pom Weed" en Kasterolieplante die grootste probleme.

2. Vervang **GELEIDELIK** die meeste **uitheemse plante** in jou tuin. Let wel: Alle Sipresse, Konifere, Kaktusse en Sisalplante (Agave) is uitheems.

3. Plant voortaan **VERKIESLIK inheemse plante en bome.** By die posvakkies se ingang is 'n lys van inheemse struike wat oorweeg kan word.

4. **KIES PLANTE WAT MIN WATER NODIG HET!** Die Bosveld is van nature 'n droë omgewing. Ons boorgate kan nie aanhoudend 'n onbeperkte hoeveelheid water verskaf nie. Eie belange mag nie die belange van die groter gemeenskap in gevaar stel nie!

5. Kies verkieslik plante wat **NIE op die lekkernye-lys van ons bokke en hase is nie.** Indien jy nie hierop ag slaan nie, gaan daar voortdurend vyandskap tussen jou en Kokanje se natuurlewe wees. Rose is eintlik nie 'n goeie idee nie, want dit is een van die lekkernye wat deur die bokke waardeer word én wat baie water nodig het.

6. **Beheer die krieke** op jou grasperk. Gebruik verkieslik seepwater – vermy gifstowwe! Indien jy dit nie doen nie gaan jou grasperk dalk soos 'n bomslagveld lyk nadat ons gebande muishonde daar kom grawe het vir krieke. Hulle is baie sensitief en gaan sleg voel as jy met hulle raas. :-)

7. Kies plante wat in die Bosveld hoort. Sekere fynbosplante, vetplante (uit halfwoestyngebiede) of tropiese plante mag miskien nie uitheems wees nie, maar dit **VERSTEUR DIE KARAKTER van ons Bosveld.**

8. Vermy plante wat **aggressiewe wortels** het wat die riole kan verstop en fondamente beskadig – byvoorbeeld Witstinkhoute, Apiesdorings en Koorsbome. Bamboese en struike met ondergrondse lote (bv. Kanferfoelie) moet ook nie naby riole geplant word nie.

**Hoe lyk dit? Is julle bereid om die uitdagings (of ten minste sommiges) te aanvaar?**

Al wat nou nodig is, is dat ek die moed bymekaar skraap om die 2 sipresse in my voortuin te gaan uithaal!

Groete van huis tot huis.

**Peet van Dyk**





**Raak ontslae van Lantana en Begraafplaasblomme!**





**Rose benodig te veel water én is bokkie- en hasekos!**







# GASTEHUIS

1 Golf straat, Modimolle.

By "Garden Inn"-Gastehuis vind u by uitstek 'n skoon, rustige, veilige, omgewing
met gerieflike slaapkamers as selfsorgeenheid.

Volledigtoegeruste verblyf:
Sit/eetkamer met oopplankombuis, leeshoekie – slaap 8 mense,
(kan ook voorsien in baba behoeftes).
Elke kamer het eie badkamer, TV, gebruik privaatbraaigeriewe in ons pragtige tuin.
Gratis Wi-Fi, DSTV en laai van selfone/skootrekenaars.
Kamers het dakwaaiers (lugversorgers in kamer 3 en 4).
Veilige parkering, agter veiligheidshek.
Ons bied elke gas persoonlike aandag!
Dit is ons prioriteit om u verblyf so aangenaam moontlik te maak!

Elise of Christelle: 072 464-9803.

Decotique
Curtains - Blinds - Awnings

## PRAGTIGE GORDYNE EN BLINDERS

Kundigheid van meer as 30 jaar.
Nuutste tendense in binnenshuisversiering.

Wye verskeidenheid materiaalmonsterboeke van bekende materiaalhuise.

Ons besoek u tuis en poog om aan u unieke behoeftes te voldoen.
Ons maak self u gordyne/blinders, installeer self, en verseker so tevredenheid.
Ons lewer 'n kwaliteiteindproduk, teen billike pryse.

Ons het agentskap van Luxaflex- en Blind Designs: (Internasionale verskaffers, aflewering 10 – 14 dae.) en kan in al u blinderbehoeftes voorsien: Vertikaal, horisontaal, rol en buitemuurs.

**Christelle: 084 421-3734 en Elise: 072 464-9803**.

# LÜNEBURG
PROPERTIES | VALUATIONS
Est. 2005

**EIENDOMS VERKOPE van:**
- Besproeiings- en Droëland Plase
- Wilds-en Beesplase
- Kleinhoewes en Plotte
- Leefstyl Gasteplase en "Lodges"
- Residensiële Huise
- Erwe
- Kommersiële Eiendomme

**PROPERTY SALES of:**
- Irrigation and Dryland Farms
- Game and Cattle Farms
- Smallholdings and Plots
- Lifestyle Guest Farms and Lodges
- Residential Houses
- Stands/Building Plots
- Commercial Properties



**JAN LÜNEBURG**
SACPVP (7395); MIVSA
MPRE (0924016); CEA
Nasionale Diploma Waardasies (CPUT)

**PROFESSIONELE WAARDASIES van:**
- Alle tipe plase (spesialis)
- Residensiële Eiendomme
- Industriële en Kommersiële Eiendomme
- Erwe en Ontwikkelingsgrond

**PROFESSIONAL VALUATIONS of:**
- All types of farms (specialised)
- Residential Properties
- Industrial and Commercial Properties
- Stands and Development Land

082 371 4783 | jan@jlproperties.co.za | Kiepersol Straat 73F, Kokanje, Modimolle 0510

**Spec-Savers Modi Mall sorg nou vir jou sig sowel as jou gehoor**



spec savers AUDIOLOGY
**MODI MALL** 014 717 5448




spec savers
**MODI MALL** 014 717 5448
**BELA MALL** 014 736 6061

# ESTETIESE KOMITEE EN TUINBOUKLUB

## OPENBARE TUINE IN KOKANJE

**Dawie du Preez**

Soos Inwoners reeds opgemerk het, spits die Estetiese Komitee se lede (Yvonne Kotzé, Malie Lacock en Dawie du Preez) hulle toe op die vernuwing en verfraaiing van die bestaande tuine rondom die Administrasieblok. Sommige beddings is verklein en ander het van vorm verander.

Japie Badenhorst van Bate Konstruksie en sy span het gehelp om die plaveisel te lê. Hulle word hartlik hiervoor bedank! (Japie-hulle het ook die Dopkombuis pragtig omskep in Afdeling F van die KE.)

Bykomend is gruis, klip en 'n paar potte aangekoop. Die huidige besproeiingstelsel sal opgegradeer en gekoppel word aan 'n tydskakelaar om water spaarsamig te benut.

Ons is baie dankbaar vir skenkings van plante, veral broodbome/"cycads" wat deur kinders van afgestorwe Inwoners aan ons geskenk word om te hervestig.

Volgende aan die beurt is die Ingangsroete se Tuine.

Daarna sal inheemse bome en struike stelselmatig aangeplant word om dooie bome te vervang.



**Baie dankie aan elkeen vir u positiewe gesindheid en voorstelle/insette.**

Die estetiese proses word so koste-effektief moontlik verrig en soveel moontlik droogtebestande plante binne Kokanje word gebruik.



**NS:** Daar word ongelukkig gemerk dat daar hier en daar 'n plantjie verdwyn het – opgeëet deur 'n honger bokkie of hasie? OF?

## TUINBOUKLUB BESIGTIG LUDWIG SE ROSE

**Dit was 'n Wonderlike en Unieke Ervaring!**

Op 3 Oktober het 'n klompie lede, per Kokanje-bussie, by Ludwig se Roosplaas opgedaag en ons verstom aan die groot verskeidenheid pragtige rose wat uitgestal is tydens die Roosfees.

Ons het per voertuig rondgery op die plaas en daarna ietsie lekkers geëet by die oulike restourantjie, met buiteluggedeelte onder skadunet.

**Magriet van Zyl**







## DEURSTAPTUINE

**Beulah Meyer** se Azaleas, Seringstraat 41A.

**Gielie en Petro Combrink** se Clivias, Moepelstraat 87B.





# FLAMBOJANTE GEVEERDE INWONERS

2 Oktober 2023.
In die Versorgingseenheid (KE) het ons die aanhoudende getimmer gehoor en gou vasgestel wat dit veroorsaak...

Hester Bester is dadelik as familie geïdentifiseer want haar sitstoel kyk reguit in die rigting van ons nuwe bure. Ek het 'n seer nek opgedoen want my lê op die bed moes aangepas word om alles dop te hou.

Mike Hattingh het bevestig dat hulle boomhuis in 'n Bostaaibos gebou word. Danksy Warwick Tarboton (sien samevatting hierna) het ons gou ons nuwe bure se name en ID-nommers verkry.*

Ons sal julle op hoogte hou van verdere verwikkelinge!

**Maureen Neethling**

1.* **ROOIKOPHOUTKAPPER (BLACK-COLLARED BARBET).**

Hierdie pragtige voëls word maklik uitgeken aan hulle rooi gesigte en kele, wat omraam is met 'n swart kraag.

Hulle is algemene tuinvoëls in Kokanje en is baie lawaaierig. Hulle lewe in pare en die mannetjie en die wyfie help altwee om hulle nessie in 'n boomstomp reg te kry.



Eiers word gewoonlik in Oktober en November gelê en albei versorg die kleintjies.

Die nes word ook gebruik vir slaapplek in die nag, wanneer daar nie kleintjies is nie.

**Warwick Tarboton**

---



4 Oktober 2023.

Piet Oosthuizen het opgemerk dat daar nog nuwe Intrekkers aangemeld het. Hierdie paartjie is besig met die bou van 'n nuwe woning – reg bokant die deur van die Lapa se kombuis!

*Daar kan nie met sekerheid gesê word of Andries en Anina bewus is van hierdie huisbouery sonder toestemming nie...*

Weereens is op **Warwick en Michèle Tarboton** se knoppies gedruk met die identifisering van hierdie paartjie.

Dit blyk toe dat die nuwe paartjie se familie reeds vir 'n geruime tyd heerlik en rustig in Kokanje woonagtig is – reg voor dr. Breedt se spreekkamer – *en dit is dan ook sekerlik aan hulle bemarkingstrategieë te danke dat hierdie nuwe lewensregkontrak gesluit is met hulle jong familielede.*

**2. DIE ROOIKOPWEWER (RED-HEADED WEAVER)**

Hierdie voëls is gewoonlik stillerig en word maklik misgekyk. Mannetjies is ook pragtig, met hulle helderrooi kop, mantel en bors, vaalgrys bo, vaalgrys vlerke, geel rande om vliegvere, swart gesigvlek en oranjerooi bek. Die wyfie se kop is gelerig.

Hierdie wewers hou daarvan (soos versamelvoëls) om hulle neste aan elektriese of telefoondraad te heg. Die nes het 'n lang ingangstonnel, geweef van growwe rankies, basstroke en buigbare takkies.

*Hulle is seker bang vir Beurtkrag en het uitgevind dat die Lapa nou ook tydens hierdie sessies van krag voorsien is.*

(Inligting verkry uit Sappi se "Voëls van Suid-Afrika" waarin heelwat foto's van die skrywers se medewerker, Warwick Tarboton, verskyn. **Red.**)

**Warwick en Michèle Tarboton**



# FLAMBOJANTE GEVEERDE INWONERS (Vervolg.)

**3. AFRIKAANSE SPERWER (AFRICAN GOSHAWK).**

Warwick het persoonlik na die nes (in 'n boom bo in Raasblaarstraat) gaan kyk en die voël wat daar-op sit, uitgeken.

(Sien ook Bl. 53 van die Kers-***KOLLIG*** 2022 of u Sappi-Voëlgids vir meer inligting.)

Al die gewone geveerde besoekers het die wyk geneem nadat hierdie effe onwelkome paartjie daar ingetrek het.

Warwick het vertel dat hierdie statige jagters en hulle (1 of 2) kinders na sowat 1 maand of so sal vertrek en hulle kenmerkende klikgeluide sal dan gemis word. Die ander tuinvoëls sal daarna vanself weer terugkeer.



*Dit is amper asof hierdie tydelike besoekers weet van die Kokanje-Regulasie aangaande langtermyn verblyf van kuiermense in Kokanje...*

*Hulle mag 1 maand kuier en dan, na toestemming verkry is, vir nog 1 maand daar vertoef.* **Red.**

Geniet al hierdie voëls se pragtige geluide!
Die Sappi Voëlgids met klankleser is ook 'n oulike Kersgeskenk vir belangstellendes.

# HANS ROOIBORSDUIFIE



'n Rooiborsduifie het in 'n potplanthanger op ons stoep nesgemaak. 2 kuikens het uitgebroei.

Dag 1: Die volgende oggend is 1 nie meer in die nes nie – ek vermoed die nagapies het hom gevang.

Dag 2: Die oorblywende kuiken was uit die nes – op die stoepvloer. Ek is so bly en plaas hom terug in die nes, terwyl die ma toekyk.

Dag 3: Die kuiken is weer uit die nes, gelukkig weer op die stoep en ek sukkel 'n bietjie om hom te vang. Ek sit hom weer terug in die nes. Die ma kom voer hom gereeld.

Dag 4: Ag nee, die kuiken is heeltemal weg! Ek kry slegs 1 veertjie, bid, soek, bid en soek. Laatmiddag gaan kyk ek of die buurvrou se vetplante water benodig – hulle is Wildtuin toe. 'n Plantjie het omgeval, en toe ek buk om hom regop te sit, spring daar iets rond – die duifie! Ek hardloop omtrent rond om hom gevang te kry. Dankie Heer, nou is hy terug in die nes, besig om homself skoon te maak. Met skemer vlieg sy ma hier rond, maar ek weet nie of sy hom weer sal kom voer nie. Die mannetjie draai al om haar.

Dag 5: Die kuiken het alleen geslaap en is vroegoggend nog alleen. Ek het heeltyd gaan kyk, maar die ma vlieg rond saam met die pa. Ag nee, nou moet ek seker die kuiken kosgee! So teen etenstyd sien ek 'n beweging in die nes. Jippie, die ma voer die kuiken. Dankie tog! Nou is dit alweer aand.

Dag 6: Vanoggend is die duifie weer weg. Ek het nou genoeg gesukkel met die kuiken. Ek sal net loop en kyk. As ek hom nie kry nie, is dit tot daarnatoe. Ek gaan sit buite op die bankie en eet my ontbyt. Daar beweeg iets in die Septemberbos. Ja, daar sit hy op 'n klip, baie tevrede met homself en stryk sy veertjies so 'n bietjie glad. Ek besluit ek los hom net daar. Na 'n kort rukkie kom sy ma by hom sit en voer hom. Ag, ek is so baie bly en verlig dat hy die nes nou permanent verlaat het. Kyk net hoe mooi vlieg hy op en sit ewe tevrede in die Lemon Verbena-bos.

Duifie is nog hier in die tuin en ek groet en gesels met hom. Hy dink die plek is syne en jaag al die blousysies hier weg! Kyk hoe sit hy sommer binnein sy kosbakkie en kyk nuuskierig na alles wat hier aangaan.

O ja, voor ek vergeet, sy naam is **Hans**!

**Elsa van Wyk**



## CULTURE COMMITTEE:

# KOKANJE MET JOHN FRYER, WORLD FAMOUS MUSIC ARTIST

**Yvonne Kotzé & Hetta Uys.**



Tuesday, 15 August at 16:00.

**John's description of what he offered:**

***"My performance will be a 'classical concert', it is planned to be participative, fun, and full of musical nostalgia!"***

**The programme consisted of 3 parts:**

1. Guitar, singing and humour – a visit down memory lane with Elvis Presley, Pat Boone, Cliff Richard, the Beatles, and the Rolling Stones, etc.

2. Piano, with interesting facts, humour and excerpts of famous composers – classical, modern musicals and jazz – Bach, Beethoven, Andrew Lloyd Webber, Elton John and Stevie Wonder (which he played blindfolded!). Then Johann Stemmet's 'Noot vir noot' type of fun.

3. Back to guitar for John Denver, Des and Dawn Lindburg, Afrikaans Medley, and Ag Pleez Daddy to end.

**Rusks and coffee were served before the performance and the audience enjoyed the show tremendously!**





# VAN 'N YDELE DROOM TOT GOUD

**Tiaan Crafford**

Een nag laat-Augustus vanjaar het ek 'n droom gehad:

**Ek droom ek staan op 'n podium.**
**Die skare op die pawiljoen juig**
**en die kameras is op my gerig.**
**Terwyl die orkes speel,**
**word 'n goue medalje vir verspring**
**om my nek gehang.**
**Skielik ontaard die idilliese oomblik**
**in 'n nagmerrie –**
**die volkslied word gesing en ek onthou glad nie**
**die woorde van Nkosi sikelel' iAfrika nie!**

My droom word met Babsie, my vrou, gedeel. Sy het hoë aspirasies vir my en registreer my 'n week later by S.A. Meestersatletiek in die ouderdomsgroep 75-79 jaar.

Dit word opgevolg met 'n inskrywing vir beide van ons aan die Vrystaat Meestersatletiek Kampioenskappe te Sasolburg op 27 en 28 Oktober 2023. Op die tweede dag spring ek my heel eerste sprong wat my 'n Goue Medalje, sonder enige seremonie, in die sak bring – geen skares, orkeste, kameras of gesingery nie...

Babsie se prestasies verdien egter ook vermelding. Ek is so dankbaar en nie 'n bietjie trots op haar nie – sy het 7 Silwermedaljes verower tydens haar voorlaaste byeenkoms in haar huidige ouderdomsgroep van 75-79 jaar. (Vyfkamp, Spiesgooi, Werpskyf, Gewigstoot, Hamergooi, Griekse werpskyf en Gewiggooi.) **Sy leef waarlik nog steeds haar droom uit!**

Baie geluk **Tiaan** en **Babsie**, julle is beide helderflonkerende sterre! **Red.**



Foto: Leon Snyders.

# MORE ABOUT DEMENTIA

While there is currently no cure for dementia, there has been progress towards developing effective treatments.

Dementia is often thought of as a memory problem, like when an elderly person asks the same questions or misplaces things. In reality, individuals with dementia will not only experience issues in other areas of cognition like learning, thinking, comprehension and judgement, but they may also experience changes in behaviour.

It's important to understand what dementia is and how it manifests.

There are 5 primary behaviours we can look for in friends and family who are over the age of 50 that might warrant further attention.

1. Apathy: It is a decline in interest, motivation and drive.

2. Affective dysregulation: This includes mood or anxiety symptoms.


3. Lack of impulse control: It is the inability to delay gratification and control behaviour or impulses.

4. Social inappropriateness: This includes difficulties adhering to societal norms in interactions with others.

5. Abnormal perceptions or thoughts: It refers to strongly held beliefs and sensory experiences.

*Article by Daniella Vellone, Medical Science and Imaging PhD Candidate, University of Calgary, published courtesy of "The Conversation".*

Sent in by **Leon de Jager**.



Read more about this subject: https://www.capetalk.co.za/articles/485569/early-indicators-of-dementia-5-behaviour-changes-to-look-for-after-age-50
and

The many joys of reading in Retirement: hello@resetretirement.com



**An Alzheimer's Poem**

Do not ask me to remember.
Don't try to make me understand.
Let me rest and know you're with me.
Kiss my cheek and hold my hand.
I'm confused beyond your concept.
I am sad and sick and lost.
All I know is that I need you to be
With me at all cost.
Do not lose your patience with me.
Do not scold or curse or cry.
I can't help the way I'm acting,
Can't be different though I try.
Just remember that I need you,
That the best of me is gone.
Please don't fail to stand beside me,
Love me 'til my life is done.

Author unknown.
Sent in by
**Gerda J. van Rensburg.**

## DEMENSIELYER-STIMULASIEGROEP

2 of 3 dames op 'n keer doen vrywillige diens, **Maandae tot Vrydae (10:00 tot 11:00).**

Daar word speletjies gespeel, ingekleur, legkaarte gebou, gesing of KE-Inwoners se hande masseer en versorg, ens.

**Hierdie Groep benodig nog meer vrywilligers, asseblief.**

**Denise Prinsloo.**

**Agter vlnr.** Annette van Dyk, Susan Conradie, Marinda v.d. Westhuizen, Maggie Conradie en Rita Noeth. **Voor vlnr.** Bessie van Heerden, Antoinette Kruger, Denise Prinsloo (Sameroeper) en Erika v.d. Merwe.

9 van die Kokanje-Vrywilligers wat betrokke is in Afdeling E van die KE en bekendstaan as die **Demensielyer-Stimulasiegroep.**



# OOGKUNDIGE

## GEORGE VAN DER HOVEN

# Somer Promosie

## Gratis voorgeskrewe sonbril van R1800

**Onderhewig aan 'n volledige oogtoets, raam en lense**


**Terme en voorwaardes geld**

**063 099 4388 064 811 8299**
**066 517 2571**

**Bela Bela | Modimolle | Mookgophong**

# ABBA – VOETSORG

28 Augustus 2023



Ons het "Afrika-voete", wat breër is as die Europese voet, a.g.v. etnisiteit, oorerwing, ons klimaat, kultuur en sosiale aanvaarding van kaalvoet loop.

Hedendaagse skoene kan oor die algemeen nie "rek/uittrap" nie, want dit is gemaak van nagemaakte leer. **Koop dus uit die staanspoor skoene wat gemaklik pas.**

**4 ALGEMENE VOET-PROBLEME:**

METATARSALAGIA – voorste voetbeentjies sak uit, net agter die tone.
PES PLANUS (PLAT VOETE)– voete waarvan die brug gesak of verplat het.
PLANTAR FASSITUS – pyn in die hakke.
NEUROPATIE – waar die pasiënt, sy/haar gevoel in die voete verloor (algeheel of slegs gedeeltelik). Hulle beskryf die gevoel as "asof hulle op eiers loop".

**GEWIG**

Ek vind dit interessant dat dames, deur die bank, altyd kla oor hulle gewig en plaas hulle voetprobleme voor die deur van oorgewig.

Die realiteit is egter dat niemand vandag 10 kg weeg en more 20 kg nie. Gewigstoename en/of -verlies gebeur stelselmatig en voete is inderdaad daagliks in die gimnasium – dus oefen u die voete om aan te pas by die gelykmatige toe- of afname in gewig.

**BINNESOLE**

As ek terugdink aan etlike jare gelede se binnesoolvervaardiging, is ek uiters dankbaar vir die vooruitgang van hierdie uiters gekompliseerde en gespesialiseerde tegnologie. Ek is persoonlik verantwoordelik vir die beplanning en vervaardiging van elke binnesool wat ek voorsien. Die leeftyd van binnesole is normaalweg ongeveer 12-18 maande, of 'n paar miljoen treë.

**VOORDELE VAN BINNESOLE**

Dit spreek 'n spesifieke behoefte aan: Die binnesool moet 'n bepaalde druk op bepaalde areas uitoefen om die gewenste ondersteuning/korreksie te verkry. Dit is dus nie noodwendig altyd gemaklik die eerste paar dae nie.

'n Binnesool verander u normale skoen in 'n MEDIESE SKOEN!

Dit spaar u uiters baie geld en verhoed onomkeerbare chirurgiese risiko's en probleme.

Dit is 'n koste-effektiewe wyse waarop kinetika aan u verskaf word.
* Kinetiese energie is seer sekerlik DIE belangrikste komponent van binnesole.
* Hoe ouer u word, hoe minder spierkrag is daar in die midvoet om die ligamente te ondersteun om u brug op die korrekte hoogte te hou, en hoe platter word die brug van die voet en wat oor al hoe minder kinetiese energie beskik.

Wanneer u eers gewoond is aan u binnesool, gaan u dit moeilik vind om weer daarsonder te loop.

Laerug-ongemak en nekspierspasmas is iets van die verlede.

U gaan weer u uitstappies geniet en kan weer deelneem aan sport, wat baie loop verg, soos golf en voetslaan.

Sien ook die gebruik van u binnesool as 'n uitkeerpolis vir u oudag – dit verhoed dat u voete so versleg, dat u glad nie eetsaal toe kan loop nie!

**VOETOEFENINGE**

My keuse is om NIE vir u voetoefeninge voor te skryf nie, want pasiënte voel skuldig wanneer hulle nie daarby hou nie.

Maar, van die uiterste belang, is die funksie van die groottone – as die groottoon sy "grou-aksie" verloor het, het die persoon nie meer balans nie, val en breek ledemate. Dit is dus baie belangrik dat u slegs hierdie groottoonfunksie oefen, om dit spontaan en geleidelik te laat herstel.

**KOSTES**

Ons is INGEKONTRAKTEER by alle mediese fondse.

SPESIALE TARIEWE vir dié wat kontant wil betaal.

Ons akkommodeer ook AFBETALINGS.

Ons hef SPESIALE TARIEWE vir Kokanje-pasiënte.

**Dit was aangenaam om u toe te spreek.**



**Phillip van Rensburg.**
Geneeskundige Ortotis/Protetis.
Voormalige Lektor vir Ortotika/Protetika SA.
1985 – 2023.




















# DAMESKLUB – MOOIMAAK OGGEND





EMMANUEL SHUTTLE SERVICE
Drivers you can trust
Do you want to go to town?
Do you have an appointment?
But no transportation?
Call us to assist you!
Modimolle
Bela Bela
Pretoria
Airport
Call Amaro at 083 379 6961
emmanuelshuttleservice@gmail.com


BOSVELD GLASS
WINDSCREENS | AMBER
PACIFIC | CLEAR GLASS
& SHOWER DOORS
FREE QUOTATIONS IN
A RADIUS OF 20KM
WE WORK FAR AND WIDE
MOOKGOPHONG | VAALWATER
BELA-BELA | MODIMOLLE
Tel: 014 000 4568
Cell: 078 873 4914
bosveldglas9@gmail.com
105B Thabo Mbeki Str, Modimolle


DOVES
FUNERALS • INSURANCE • MEMORIALS
Est. 1883
Insuring a Dignified Service
Doves Begrafnisdienste is 'n gevestigde ondernemer en bestaan reeds meer as 100 jaar. Daarom kan ons met vrymoedigheid sê: "Ons ken die bedryf"
Doves bied 'n verskeidenheid van dienste:
* Volledige Begrafnis
* Volledige Verassing
* Grafstene
* Polisse
Begrafnisse of verassings sluit in:
* Kis
* Uitvoer van diens by kerk en graf
* Reël van doodsertifikaat en registrasie by binnelandse sake
* Reël van Begrafnisbriewe
* Reël van Blomme
* Skakel met Predikant of Pastoor
Ekself, Christo Stander is reeds 26 jaar in die bedryf en kan u behulpsaam wees met enige navrae. Vra gerus die vrae wat u al lankal kwel.
Seën vir u en u familie
Christo Stander
Bestuurder
Doves Modimolle en Bela Bela
072 280 4564


Hannelie de Beer
Fisioterapie
(Praktyk nommer: 961906)
Gevestigde Fisio in Nylstroom en Warmbad
Bekwame terapeut met oor 15 jaar
werksondervinding in Suid Afrika en Australië.
In Nylstroom reg oorkant rolbalbane
en in
Warmbad langs Natspat Swem
Akademie!
Kontak gerus 078 426 9685 vir enige navrae.
hdebeerphysio@gmail.com





**DAMESKLUB –**

**JAPANESE TEE**

Moenie die klein dingetjies in die lewe misken nie...

'n **Lantern** kan doen wat die **son** nie kan nie – **IN DIE NAG SKYN!**

# DAMESKLUB: JAPANESE TEESEREMONIE

## WEES NEDERIG EN DANKBAAR, WAARDEER EN WEES BEWUS VAN DIE EENVOUD EN DIE NOU IN JOU LEWE...

Johann Symington was heel nederig en beskeie – hy beskou homself glad nie as 'n Japanese Teemeester nie, maar eerder as 'n persoon wat inligting oordra. (Persone kan eers na meer as 9 jaar se intensiewe praktiese ondervinding as Teemeesters gereken word. Die ongeveer 4-uur lange proses is hoogs gerituaIiseerd. Elke doelgerigte aksie en beweging word streng volgens voorskrif uitgevoer en het sy eie betekenis. Die vou van teeservette en die skink van die tee is 'n unieke kunsvorm en moet perfek wees.)

Johann het dus die Damesklublede heelwat uiters waardevolle lewenslesse geleer op daardie spesiale Japanese Teeseremonie-oggend!

Die teesemonie is gedurende die 7de eeu uit Sjina ingevoer en hierdie kunsvorm is later, met die verbanning van die Christendom in Japan, ondergronds as geheime en diepsimboliese Nagmaalseremonie/ritueel gebruik. (Was hande, kniel, lig beker op in dankbaarheid, drink en gee aan die volgende persoon.) Persone se waardes is bevorder – meditasie, eenvoud, waardering en bewuswording van die "nou" in hulle lewens.

**Wie word uitgenooi:**
4 of maksimum 6 familielede, vriende, kennisse of nuwelinge.

**Doel:**
(a) Die Leegmaak van Jouself – van alle Hoogmoed, Laste en Kommer – en net bewus te wees wie of wat op daardie oomblik direk rondom jou in die teekamer is.

(b) Egalitasie: Dit stel jou Gelyk aan die Persone wat saam met jou teedrink en jy Buig, Verwelkom en Behandel elkeen met Eerbied en Respek.


(c) Baie min gesprekvoering: Bewonder en Bepeins die Spreuk teen die muur, die Blommerangskikking, Teegerei (meestal antiek) en Persone by jou. Japanese mense heg ook baie waarde aan onvolmaakte of gebreekte artikels.

(d) Dit is 'n gedeelde ervaring en selfs die uiters ongemaklike kniel/sitposisie het betekenis.

(e) Die bitter Matcha-tee se smaak word versag deur spesiale klein, soet "lekkers" te eet. (Verskillende ander soorte tee, onder andere rooibostee, met terapeutiese en spysverteringswaarde word ook in Japan gebruik.)

**Baie dankie, Johann, vir hierdie baie interessante inligting en lesse!**

(Kleurcollage langsaan.)



**Laat ons gedurende die Kersseisoen hierdie lesse toepas, sodat ons 2024 waarlik met Nuwe en Opgeskerpte Waardes betree. Red.**

## Missie

Kokanje-Aftreeoord is verbind tot die verskaffing van kwaliteitbehuising en -dienste aan ons Inwoners deur die lewensregmodel, tesame met 'n Kwaliteitleefstyl binne 'n sosiale en ondersteunende gemeenskap in 'n Bosveldomgewing.

**DIE KOKANJE-KWALITEIT-LEEFSTYL**

## Visie

Die visie van Kokanje is om op die voorpunt te bly van die verskaffing van 'n lewensregmodel vir senior lede ten opsigte van kwaliteitleefstyl, welwees- en versorgingsprogramme. Kokanje is verbind tot die skep van 'n volhoubare toekoms vir al sy Inwoners deur deurlopende navorsing, toepassing van tegnologie en die ontwikkeling van ondersteunende programme.

## Waardes

Die kernwaardes van Kokanje is gebaseer op die basiese waardes van vriendskap, waardigheid en veiligheid.

Hierdie waardes van toewyding, deernis, integriteit, respek, vertroue, kwaliteit en diens is ingeweef in die daaglikse lewe van die Kokanje-gemeenskap.

Soos deur **Johan Spies** saamgevat in Kers-***KOLLIG*** van 2016.

# UIT DIE BIBLIOTEEK – OKTOBER 2023

Dit is ongelooflik om te dink ons staan alweer aan die einde van die jaar! Hoe vinnig het 2023 nie na sy einde gespoed nie en voor ons ons oë uitvee, is dit Kersfees. Met die naderende Feesseisoen op hande wil ek graag namens die Biblioteekpersoneel aan al die Kokanje-Inwoners 'n baie geseënde Kerstyd toewens.

**Geniet die tyd saam met kinders, kleinkinders en vriende en mag 2024 aan ons almal se verwagtings voldoen!**

Baie dankie aan al die flukse werkers in die Biblioteek vir baie ure se harde werk, ywer en entoesiasme. Ons dank en waardering ook aan die Kokanje-Aftreeoord se Bestuursvereniging en die Administratiewe Personeel vir hulp en ondersteuning. Ons lesers word bedank vir hulle getroue ondersteuning, asook vir die skenking van boeke.

Daar is die afgelope tyd heelwat nuwe boeke aangekoop, onder andere 'n paar goeie grootdrukboeke.

**BOEKBESPREKING/ BOOK REVIEW:**

DIE VERKEERDE VROU – IRMA VENTER.
Dit is die 2de boek in die skryfster se nuwe reeks met misdaadjoernalis Ami Prinsloo as hoofkarakter en handel oor die verdwyning van Liela Oloffson, beeldskone en beroemde aktrise, wat reeds elke moontlike prys vir haar werk gewen het. Die polisie moet die media se hulp inroep om haar te vind en hierdie gesoute misdaadjoernalis volg Liela se spoor soos 'n bloedhond. Kruip Liela weg? Is sy gekaap, of dalk ontvoer? En waaroor het sy en haar verloofde so hewig baklei net voor sy verdwyn het?

HULLE NOEM HAAR CARMINDA – E KOTZE.
Mias Mulder keer inderhaas uit Walvisbaai terug na Eiland aan die Weskus toe hy hoor dat 'n ander man by sy verloofde, Emmeline, vlerksleep. Hy leen 'n motorfiets en pak die lang rit na sy tuisdorp aan. Op pad kom hy 'n vrou, Carminda, tee wat gestrand is en 'n geleentheid soek. Sy ry agterop die motorfiets saam en klou styf aan hom vas.

Geleidelik word haar hartseerherkoms bekend. Hulle ontmoet as 2 mense wat albei 'n knou deur die lewe toegedien is.

GRIETJIE SE LOUTERING – BETTINA WYNGAARD.
'n Weduwee verdien haar inkomste as tydelike huiswerker. Sy sukkel om kop bo water te hou, maar haar geloof dra haar, asook haar innige liefde vir haar kinders. Haar geloof word egter getoets wanneer 'n tragedie die gesin tref.

Hierdie alledaagse verhaal sal die leser lank in die hart bybly.

DAISY DE MELKER – TED BOTHA.
Mother, Nurse, Gold-digger, Cause Célèbre. When Daisy de Melker stood trial in 1932, accused of poisoning her son and 2 husbands, the public couldn't get enough of her. Crowds gathered outside court baying for blood, and she waved to them like a celebrity. The author weaves together a fantastic cast of killers, con men, detectives, law enforcement officers, journalists and authors – even Sir Arthur Conan Doyle and Herman Charles Bosman – to depict a grand and desperate city. For almost 20 years Daisy hid in the shadows but when someone finally spoke up about the suspicious deaths around her, it led to a trial like nothing the City of Gold had ever seen and spread her name across the world.

**Saartjie Smit**





**Nasionale Boekedag:**

Saartjie, Dienie Botha en Maryna Hattingh gesels met Inwoners aangaande die Biblioteek se nuwe boeke.



PSG Wealth

# Modimolle




**Ons dienste sluit in**

- Beleggings
- Aandelemakelary
- Portefeuljebestuur
- Testamente en Trusts
- Finansiële beplanning

**Kontak ons vir gespesialiseerde finansiële- en beleggingsadvies**



Jan De Villiers CSb(SA), CAIA®
**Welvaartbestuurder : Sekuriteite**
Jan.DeVilliers@psg.co.za
+27 (72) 458 5126



Angelique Bonnette
**Administratiewe Assistent**
Bonnette.Angelique@psg.co.za
+27 (76) 452 3976



Wico Strydom CFP®
**Welvaart Adviseur**
Strydom.Wico@psg.co.za
+27 (83) 712 0302

**Modimolle | 98 Thabo Mbeki road, Modimolle**
**S +27 (14) 717 1036**
**psg.co.za**

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer. RFD 728

# KOKANJE DEUR DIE LENSE VAN 'N PAAR DIGIFOTO-LEDE


Bosveldblom-Ian Nolte


Druppels-Pieter Rossouw


Vlinder-Willie Swanepoel


Kokanje-bos-Pieter Matthyser


SonnigeHerfs-JohanGiezing


Kleurvolle mot-Lindie Kruger


Laloentjie-Dries de Jager


MaSeKind-Elma Venter



Deur'nVenster-Gerhard Keyter


OchnaSerrulata-Warwick Tarboton


Koraalboom-Chris v Zyl


WaterlelieNaaldekoker
Dammetjie-Mervin Burger

# BRUGKLUB




Kokanje-Brugklub nooi almal wat al voorheen brug gespeel het, of graag wil leer speel, uit om aan te sluit by ons klub.

Ons is bereid om u elke Woensdagmiddag touwys te maak.

**Speeltye**: Maandae en Vrydae
13:30 – 16:30
in die eetsaal (en u kan een of beide dae speel).

**Aanlynbrug:** Dinsdae, Woensdae en Donderdae – indien ons 'n tafel kan volmaak.

Ons help u om te registreer en te speel.

Kokanje Bridge Club invites prospective members to join the club.

We're prepared to rope-wise rusties and newcomers every Wednesday afternoon.

**We play** on Mondays and Fridays
13:30 – 16:30
in the dining hall (and you can play one or both days).

**Online bridge**: Tuesdays, Wednesdays and Thursdays – if we can fill a table. We'll assist you to register and show you the ropes.

**Ledegeld/Membership fee:**
**R60 per jaar/annum.**
**(Of nou/or now R30.)**

**Elsie Nel**
082 462-0830.




# REKENAARKLUB ("KOREK")

Korek se oorhoofse doel is om sy lede en ander Inwoners van Kokanje aan te spoor en te help om lewenskwaliteit te verhoog en te vergemaklik met behulp van die gebruik van digitale tegnologie.


Die klub bestaan tans uit die volgende groepe wat grootliks selfstandig funksioneer by wyse van digitale interaksie en fisiese byeenkomste:

**1. Korek Digitaal**
**Fanie Pretorius –**
**082 551-5615.**




Opleiding en hulp met die gebruik van digitale hulpmiddels soos slimfone, rekenaars, rekenaartablette, slim-televisies en "slim"-gehoorapparate.

**2. Digifoto**
**Pieter Rossouw –**
**082 873-4086.**



Die bevordering van die kuns, tegnologie en waardering van digitale fotografie.

**3. HoeSo!?**
**Chris van Zyl –**
**082 730-3078.**



Weens die ooreenkomste wat bestaan tussen die werking van die menslike brein en digitale rekenaars, word die stimulering en opskerping van die menslike brein ingesluit by Korek se doelwitte. Dít is die doel van hierdie groep.

Die betaling van 'n minimale jaarlikse ledegeld gee Inwoners toegang tot al die bogenoemde groepe.

**Ledegeld: R30 per jaar.**
**(Geen toetreegeld betaalbaar.)**

**Fanie Pretorius**

**Sien kleurcollage langsaan,**
met die pragtigste foto's wat (in Kokanje) deur Digifoto-lede geneem is.

**Kyk elke week op die TV in die voorportaal na Digifoto-lede se foto's en ook na foto's van funksies wat die vorige week plaasgevind het.**

**Louise van Zyl is in beheer van die TV en sy doen hierdie liefdeswerk al vir die afgelope 8 jaar!** Sel: 082 883-2338.



## ONS GEPASTE EN PRAGTIGE VOORBLADFOTO:

**Louise van Zyl** het hierdie WENfoto ingestuur onder die naam **"Rookofferande"**.
**Ons noem dit nou: "BRAAIVLEIS, RUGBY, SONSKYN & 'N GESEËNDE KERSFEES!"**


# DIE ONTSTAAN VAN JUKSKEI

*Die osse stap aan...*
*geduldig, gedienstig, gedwee...*
**(Jan F E Celliers**.)

In 1838, met die eerste Voortrekkertrek vanaf die Kaap na die binneland, was die trekosse twee-twee aan mekaar gekoppel met behulp van 'n houtjuk oor hulle skowwe en plat houtskeie, met riemstroppe aan, om hulle nekke.

4 tot 10 pare osse is agtermekaar ingespan (afhangende van die wa se las en die moeilikheidsgraad van die terrein) en met kettings en rieme aan die wa se disselboom vasgemaak.

Die touleiertjie loop heel voor om die span osse en wa oor ruwe terrein en om kinkels en draaie deur die byna onbegaanbare veld en heuwels te lei. Hy het 'n leiriem in die hand, wat aan die voorjuk vas is en moet soms hard trek om leiding te gee. Gelukkig, wanneer die grond gelyk is, kry hy 'n blaaskansie en hang dan die leiriem oor die een spesiaal ontwerpte langkopskei van die voorjuk (sodat dit nie tussen die osse se bene verstrengel raak nie).



Wanneer **uitgespan** word, ontspan en rus mens en dier. Daar word ontdek dat as die langkopskei in die sagte grond gedruk word en die ander plat skeie word gebruik om dit te probeer omgooi, 'n baie prettige en kompeterende spel deur al die Voortrekkers gespeel kan word!


In 1938 word die Groot Trek herdenk by die Voortrekkermonument in Pretoria. Reëls en regulasies word spoedig neergeskryf en die spel "jukskei" word van een Voortrekkerlaer na 'n ander versprei en kompetisies vind plaas.

Die "bottel"skei word later ontwerp, wat perfek deur die lug trek.

In 1940, word die Suid-Afrikaanse Jukskeiraad gestig.

Besoekende Amerikaanse toeriste van Kentucky doen navraag aangaande die spel. Hulle word voorsien van alle jukskeibesonderhede (geskrewe dokumentasie met reëls, asook videobande wat die verskillende "gooie" duidelik uitbeeld). Baie state in Amerika speel nou Jukskei en hulle het ook in Suid-Afrika kom deelneem.

Hierdie artikel is 'n paar jaar gelede deur wyle Peet Struwig geskryf. Hy was 'n legende en het 7 keer Springbokkleure verwerf. (Sien uitstalling by die Jukskeiklub.)



Peet het die voetpaadjie langs Weesgerus se draad, wat na die jukskeibane lei, amptelik "**Uitspanlaan**" laat doop.

Hy het mini-jukskeitjies ontwerp en verkoop (met spelreëls en al) – want dan kon huisgebonde oumense steeds jukskei speel of klein kindertjies kon touwysgemaak word.



Peet se oë kon naderhand nie meer die pen sien nie en hy het toe "spokies" ontwerp – die donker pen teen 'n spierwit agtergrond het dit toe weer vir hom moontlik gemaak om steeds lekker jukskei te speel.



Voor Peet in die KE opgeneem is, het Jannie Jacobs (destydse Voorsitter van die Kokanje-Jukskeiklub) hom hulle erelid gemaak.

In die KE het Peet die wens uitgespreek om vir oulaas 'n pen om te klits. Die Verpleegpersoneel het hom buitentoe gestoot in 'n rolstoel. Sittend het Peet sy skeie gegooi en sy laaste hartewens is bewaarheid.

Terloops... 24 September (Erfenisdag) was altyd Peet Struwig se verjaarsdag. As hy nog geleef het, sou hy die Jukskei-Pretdag hierdie jaar ontsettend baie geniet het!

**Lank lewe die mees sosiale spel, op die mees vrugbare stukkies aarde, waar die meeste houe "mis" gegooi word, maar die span- en kompetisiegees die aangenaamste kenmerke van die jukskeispel is.**

# JUKSKEI EN DEHIDRASIE?

## MOEDERHAAS NEEM "ME TIME"!

25 September was weer Erfenisdag en byna die hele Kokanje het nadergestaan vir nog 'n heerlike Jukskei-Pretdag.

Te midde van vlieënde jukskeie, luide uitroepe om spanlede aan te moedig en Inwoners en hulle familie/kinders/kleinkinders wat haastig rondbeweeg, het Babahasie met yslike groot oë eers die een jukskeibaan dopgehou en later die ander een.

'n Vriendelike mens het 'n stoel teenaan die bankie geplaas waaronder die nuuskierige diertjie gesit het. Niemand sou nou per ongeluk op hom trap in die verbyloop nie!

Ma Haas het Babahasie seker daar gelaat toe sy gaan water of sap koop het. Ongelukkig vir hulle was daar geen slaai- of wortelblare in sig nie! Die mense het egter aan die heerlikste worsbroodjies, met die smaakklikste tamatie-en-uiesous, gesmul.

Omdat dit Moederhaas se luilekker dag was, het sy toe sommer ook gebly vir die prysuitdeling teen 12:00.

Ons kan gerus onthou dat hierdie snikhete somersdae ons, klein diertjies en voëls kan laat ontwater. Drink gerus baie vloeistof (veral water) en sorg vir 'n groot, plat waterbak met vars water op 'n koelteplekkie in jou tuin. Jy sal verbaas wees om te sien watter besoekers kom drink en bad daar.

**VRAGIE:**
Wanneer 'n volwasse haas en 'n babahasie resies hardloop, wie sal eerste by die wendpaal aankom?

**ANTWOORD:**
Natuurlik die babahasie!

**WAAROM?**
"Hoe meer haas, hoe minder spoed!"

Inligting verkry van
**BABAHASIE.**

## ONTWATERING IN DIE SOMER – BAIE GEVAARLIK VIR OUMENSE, KINDERS EN DIERE

### WAT VEROORSAAK ONTWATERING/DEHIDRASIE?

1. MAAGWERKINGS EN BRAKING a.g.v. Virusse.
2. HITTE-UITPUTTING a.g.v. Oormatige Oefening in Uitermatige Hittetoestande.
3. KOORS.
4. HUIL/TRANE.
5. LAE VLOEISTOF-INNAME.

Vog en mineraalsoute word vinniger uitgeskei deur die niere, maag en vel (hele liggaamsoppervlak) as wat dit aangevul word.

Veral oumense is blootgestel hieraan, want hulle is soms nie in staat om self te sorg dat hulle genoeg vloeistof, vrugte en groente inneem nie.

### SIMPTOME VAN DEHIDRASIE

1. Lighoofdigheid en delirium (deurmekaar).
2. Lae bloeddruk.
3. Droë vel en mond.
4. Spierkrampe/spierswakheid.
5. Irritasie/prikkelbaarheid/kan nie fokus nie.
6. Floutes/moegheid.
7. Ontsettende dors.
8. Bogenoemde, soms tesame met hoofpyn.

### VOORKOMING/BEHANDELING VAN DEHIDRASIE

1. Drink 1 liter water per uur in baie warm toestande – bv. gholfspeel, voetslaan, gimnastiek doen en buite werk in direkte sonlig.
2. Gebruik Elektrolietryke Sportsdrankies soos Energade, Prime, Powerade, ens. (Nie aanbeveel as gereelde of normale "koeldrank" nie.)
3. Gebruik Rehidrate/Nudrate.
4. Coke.
5. Bovril/Marmite in kookwater.
6. Gaan sien u geneesheer indien bogemende selfmedikasie nie help nie. In erge gevalle sal u binneaarse vloeistowwe benodig om te herhidreer.

**Wees versigtig:** U kan dalk te veel sout op bogemelde maniere inneem indien u aan hoë bloeddruk ly.

Soms word aanbeveel dat u 'n mengsel van sout, suiker en water aanmaak en drink – dr. Breedt waarsku dat u nie rou sout op hierdie manier moet inneem nie – dit vererger dehidrasie. Te veel sout kan ook nierkwale veroorsaak.

Inligting verskaf/bevestig deur

**DR. C.A.S. BREEDT.**



Meer inligting kan verkry word op Google.

## VRIENDE EN VRIENDINNE

Party vriende/vriendinne is soos Koppiespelde –
hulle is net daar vir 'n rukkie.
Ander is soos Haakspelde –
hulle staan jou vir baie lank by,
maar kan nie vir altyd bly nie.
Dan is daar die Naald-en-Garing vriende.
Hulle het gekom om te bly!
Sonder hulle rafel jou lewenskleed uitmekaar!

Kom die "Overlocker"-vriendinne daarby,
sal die klere ekstra lank hou en nooit lostrek nie.
Hulle vul jou aan, vat hande in gebed
en dra jou deur swaarkrytye.
Die fyn Borduurvriendinne versier alles so
pragtig – anders het alles vaal daaruit gesien...

Dankie vir julle almal.
Ag julself nie onbenullig nie!
God het elkeen met 'n doel in iemand
anders se lewe geplaas.

(Onbekend.)

## NAALDWERKKLUB



Vlnr.
Lonka Bergsma, Pulane Thejane, Rita Noeth en Patricia Snyders.

Die Naaldwerkklub en KE koop (wanneer nodig) 'n rol handdoekstofmateriaal saam en die Naaldwerksters maak dan nuwe borslappe vir al die KE-Inwoners.



By die Oktober ABBA-byeenkoms is 8 borslappe aan Suster Patricia en Pulane oorhandig. Dit is spesiaal gemaak vir gebruik in die nuwe Afdeling F, wat so pas geregistreer is.

**Jenny van der Merwe**

## OLIE-AFTAP OF KUIER BY DIE TAPHUIS

### MOTORDIENSKLUB

Mans wat motors besit wat nog self gediens kan word, kan gerus aansluit by die Motordiensklub. Die lede betaal 'n eenmalige intreegeld van **R40** en dit sluit 'n sleutel tot die Motordienswerksplek in. Jy bespreek daar tyd om instandhoudingswerk aan jou voertuig te verrig of olie te vervang.

**Jaarlikse ledegeld beloop R50 per jaar.**




Voorsitter:
**Johan du Plessis**,
73D.
082 471-6246.





### TAPHUIS

Alle Inwoners is baie welkom om **weeksdae** vanaf **11:00 tot 12:15** 'n drankie te kom koop voor etenstyd.



Geen ledegeld betaalbaar.

Voorsitter: **Hoffie Hoffman**,
101C.
060 325-5011.

Bladsy geborg deur **Lonka Bergsma**. Baie dankie, Redaksie.

---

## VITAMINS:

You will not see better by using **Vitamin C**, but you will make new friends if you **B1**.

# MOOI LOOP!

**"Mooi loop!"** is vir my so 'n mooi toewensing!

Dit sê:
"Kyk tog mooi
waar jy gaan.
Moenie seerkry nie.
Kyk asseblief dat ander
nie op jou trap nie.
Loop regop
en met trots!"

Dis ook 'n sagte
boodskap wat sê:
"Ek gee baie om!
As jy loop,
dan sien ek jou weer,
want dit klink nie
so finaal soos
'totsiens' nie."

Dit sê ook:
"Jy het 'n vriend in my.
Ek dra jou in my hart...
in my gedagtes...
in my gebed... Altyd!"

Dit wil vir jou sê:
"Jy is spesiaal en uniek
en sonder jou
sal die lewe
sy glans verloor...
Jy het 'n spesiale
plekkie
in my hart en lewe!"

**So...**
**"MOOI LOOP IN 2024!"**

(Outeur onbekend.)

It's **YOUR ROAD,**
and yours alone.
Other may walk it
**WITH** you,
but no one can walk it
**FOR** you.

(Read by
**Jenny van der Merwe** at
the "Naaldwerk-
klubbyeenkoms".)

# HOEKOM LOOP JY ALTYD KAALVOET?

Ek loop soveel moontlik kaalvoet om die aarde te kan beleef – ek wil voel! Geen onderbreking tussen voetsool en aarde. Geen kussing of beperking. Vry. Ek wil sterk, soepel en beweeglike voete en tone hê. Voete wat ek kan vertrou om my te vrywaar van swik en val.

Solied. 'n Betroubare en stabiele basis wat my enkels, knieë, heupe en skouers toelaat om gebalanseerd en neutraal – gemaklik – te beweeg. 'n Basis wat my spiere toelaat om te ontspan en nie hoef te beur en strek om 'n skewe torso darem staande te probeer hou nie!

Senupunte in die vel onder jou voet is baie sensitief (soos jou hande). Kaalvoet loop en die blootstelling aan verskillende oppervlakke stimuleer die senuwee-eindpunte en sisteme wat terugvoer gee aan jou brein. Dit versterk "bewuswording" van die weefsel, nie net biomeganies nie, maar ook sensoriese inligting vir jou senuweestelsel en brein. Dit is kos vir jou brein!

Die bewuswording van die weefsel/senupunte behels tekstuur, hoeveelheid drukking/gewig, vibrasie en hoeveel jou vel rek. Gekussingde skoene of harde sole absorbeer en verdof die meeste van die voorgenoemde sensasies wat jou senupunte onbewustelik brein toe stuur.

Hierdie inligting is egter kritiek vir jou brein om te bepaal hoe hard die oppervlak is waarop jy loop. Die insette van voet na brein word gebruik om "boodskappe" aan die spiere terug te stuur oor bv. energie-oordrag/spierkrag benodig en lengte van treë. Jou brein maak 'n som op grond van hoe hard jou voet die grond tref om te weet hoe vinnig jy vorentoe moet beweeg om jou balans te hou!

Dit aktiveer jou brein om die tipe beweging om te skep en hoe beter en meer volledig die insette, hoe meer effektief en elegant is die uitset.

Daar is meer as 108 spiere, ligamente en tendons in die enkels en voete, wat voetgreep en beweging bewerkstellig. Die klein spiertjies skep stabiliteit met kontak. 'n Rigiede, harde voet trap op 'n klip of voorwerp en kantel om (enkel swik) terwyl 'n soepel, sterk en beweeglike voet om die voorwerp "vou" en ander kontakpunte met die grond kan vind.

Spasie tussen tone ("toe spread") skep ook greep en beweeglikheid. Verloor ons die voorreg om al die spiertjies in die voete te gebruik en soepel te hou, verloor ons die voorreg om behoorlik en sonder ongemak te kan beweeg! My tone kan nie omkrul en opkrul in skoene nie – en hulle wil!

Selfs 'n effense hak beperk/beïnvloed beweging in jou enkel, voet en tone, wat weer beperkings plaas op hoe die res van jou liggaam beweeg. Enkels verloor veerkragtigheid en het 'n impak op al die gewrigte hoër op in jou lyf (die kinetiese ketting).

Bostaande is die fisieke elemente van kaalvoet loop, maar daar is nog vele meer "esoteriese" oorwegings. **Ek glo ek voel beter as my elektriese liggaam gereeld goed ge"aard" is!...** ***Probeer dit en besluit maar self.***

*Ja, my voete raak vuil.* (My geliefde het 'n stoepskropborsel op 'n houtplank gemonteer waarmee  voete vinnig in die stort geskrop kan word.)

*Ja, ek trap soms, baie selde, op dorings.* (Ek trek dit maar net uit en gaan voort.)

*Ja, ek het in die begin my tone gestamp teen bakstene en klippe.* (My brein is nou wakker en ek navigeer amper so goed soos 'n nagapie in 'n doringboom!)

*Ja, ek het al vele opmerkings, "grappe" en skimpe oor donasies vir skoene ontvang.* (Gee maar die donasie – ek kan nie waarborg dat ek dit vir skoene gaan gebruik nie!)

*Ja, ek het skoene en ek dra hulle (meestal) in die Winter.* 'n Paar is gemaklik en die res het hakke en is gatskop. WOW!



**Annalise Delport**

# KOESTERGOED

Om kaste reg te pak is nie sommer net 'n vinnige oor-en-verbywerkie nie. Soms kom jy tot stilstand by 'n briefie, kaartjie, klippie, kunswerkie of iets wat jou gedagtes terugvoer na die oomblik toe iemand dit vir jou gegee het. Soos die klein vliegtuigie van klei wat my 4-jarige kleinseun een oggend vroeg op my kussing kom neersit het. Of die groot glasbak waarin elke Kersfees se vrugteslaai gemaak word, wat my oorlede Marisa-kind vir my gegee het. *Dis iets wat ek **koester.** Dit kwalifiseer nie as rommel wat oorbodig is en wat opgeruim moet word nie. Dit is iets waarvan daar eers afskeid geneem moet word en oor gerou moet word.*

'n Mens kry ook ***koestergoed*** wat nie met die oog gesien kan word nie, maar somtyds net vir 'n oomblik daar is, en daarna net as 'n aangename herinnering in jou bly voortleef.

Tydens ons onlangse Kaapse kuier het ek heelwat sulke oomblikke beleef. Die Karoo het reeds vanaf Beaufortwes begin wys dat dit in die Winter goeie reën gehad het, en dit was net onmoontlik om stil te hou by al die kolle blomme wat in geel, pers en rooi massas langs die pad verbygevlieg het. Iemand het gesê die blomsaadjies het gestort, gestort en toe alles uitgeval! Die asemrowende tonele deur die bergpasse van die Kysie en die Koo het die skilderdoek verder oopgegooi toe bloedrooi botterblomme, goudgeel harpuisbosse en pers vygies teen die kliprantjies jou na woorde laat soek het om die oomblik te beskryf. **Die beste van alles is dat dit die prentjies van Lente was uit my grootwordjare.**

Niks kon ons egter voorberei op wat vir ons wag in Kagga Kamma Natuurreservaat nie. Op 'n bitterkoue reëndag, na 20 kilometer gladde modderpad, bereik ons hierdie paradys tussen die Sederbergrotse, met 'n heerlike kaggelvuur in die ontvangsarea. Saam met die sonskyn ontwaak die veld die volgende dag in 'n nog indrukwekkender kleursensasie! Wat 'n voorreg om in hierdie veld te stap en 'n uitdagende staproete van 4 kilometer te volg wat langs die stroompie en tussen rotsskeure deurvleg. Dit neem ons 'n volle 4 ure om te voltooi, maar die indrukke van hierdie ondervinding is blywend...

Ons terugtog huis toe, loop 2 weke later al met die R62 deur Barrydale, Ladismith en Calitzdorp. Woorde ontbreek om te beskryf wat ons bevoorreg was om te beleef!

In Calitzdorp gaan wys ons jong vriend, Attie van der Colff, ons "die hemel" – so mooi is die blomme daar! Ek neem talle foto's van uitsonderlike karooblommetjies. Selfs 'n wildsbokkie kom loer wat gebeur.

Hier begin die rit na die Rooiberg Natuurreservaat, waar die rooi en oranje vrugkapsules van die Klapperbosse die bergrante inkleur.

**'n Perfekte dag:** Vroeg wakker geword langs die Breërivier, ontbyt saam met my enigste oorlewende broer en suster en haar man (3 van 9 kinders); bestel spesiaal tuisgebakte bruin brood met druiwekonfyt vir middagete in Ladismith; oorlaai met gasvryheid by Attie en sy ma. Attie is 'n besondere vriend – wat met net een arm die huishouding behartig en albei sy ouers versorg het voor sy pa se dood (aan jarelange Parkinson's).

Daardie aand dink ek voor ek slaap aan die lied ***"When you come to the end of a perfect day, and you sit alone with your thoughts..."***

Maandagoggend gee Tannie Susan Mouton (88) vir my 2 klapperboompies as geskenk omdat ons haar liefde vir die veld deel. Die plantsakke vind sowaar nog 'n staanplek in 'n volgelaaide Fordjie!

Terug in Kokanje, rek ons oë oor 'n pragtige boompie vol wit blommetjies wat ons verwelkom. My mond hang oop! Sowaar! Die enkele stammetjie is telkens deur die duiker kaalgevreet sedert ons 13 jaar gelede hier ingetrek het. Ek het my verwonder oor die hardnekkige verset van hierdie plantjie, wat net nie wou kopgee onder die duiker se aanslag nie. Ek begin dit ***koester*** met 'n draadomheining, gereeld watergee, en die boompie word groter. Ek het nie 'n benul wat sy naam is nie en toe dit een wit blommetjie dra verlede jaar, identifiseer Mart van der Walt dit as 'n Deurmekaarbos.


Al hierdie ***koesterboom*** se blommetjies het hierdie jaar verander in trossies bessies wat tot geel en oranje verkleur het. Tiptolle, houtkappers en kwêvoëls het die oorvloed benut!

***Koestergoed bring groot vreugde!*** Troos jouself daaraan dat al jou ***koestergoedjies*** eendag deur ander opgeruim sal word. Maar die vreugde wat jy daaruit geput het, kan niemand wegneem nie.

**Waar in Kokanje se bos kan ek 'n Klapperbos uitplant? Wie sal onthou dat dit deel was van 'n "perfect day"? Wie sal sorg dat dit opgroei om pragtige vrugte en sade te dra?**



**Martha van Zyl**




STATUS
FUNERALS | BEGRAFNISDIENSTE
Celebration of Life
Your Trusted Funeral Partner
Here... Because we care...
Merry Christmas and Happy New Year
24/7 SERVICE
066 384 4033 • 072 256 4519
014 717 1808
NFDA
FIAT IFTA
The World Organization of Funeral Operatives
International Member
46 Joe Slovo Street • Modimolle 0510
www.colfunerals.co.za













CHRIS & LETTIE COETZEE

**DUBBEL 90STE VERJAARSDAGFUNKSIE SAAM MET FAMILIE EN VRIENDE**


**POSTNET**
**Modimolle**

014 717 3440
014 717 3441
modimolle@postnet.co.za

POSTNET 2 POSTNET
R109 Incl.Vat

Up to 5kg Countrywide
Delivery within 2 - 3 working days.*
Over 450 locations.

*Please allow 1 extra delivery day for outlying areas.
Maximum Actual Weight 15kg. Maximum Volumetric Weight 15kg.
Chargeable Weight is Actual or Volumetric, whichever is the greater.
Terms and Conditions Apply.

POSTNET Courier